

DIE TEGNIESE SKEPPINGE VAN DIE MOLEPO VAN THABAMOPO

deur

JOHAN ABRAHAM VAN SCHALKWYK

Voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(Volkekunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Maart 1985

DANKBETUIGING

Graag wil ek die volgende persone en instansies bedank vir hulle samewerking. Daarsonder sou hierdie navorsing nie moontlik gewees het nie.

Die direkteur, dr B Cronje, en die Raad van die Nasionale Kultuur=historiese en Opelugmuseum moet ek hartelik bedank vir die omvattende ondersteuning en bystand wat hulle my gebied het tydens die doen van hierdie navorsing. Die gevolgtrekkings waartoe geraak word in die navorsingsresultaat is egter die van die skrywer alleen en kan nie beskou word as 'n weergawe van die siening van die Raad nie.

'n Besondere woord van dank is ook verskuldig aan prof R D Coertze, my leier tydens die doen van hierdie navorsing.

Aan kaptein A S Molepo en die mense van Molepo wil ek my hartelikste dank uitspreek. Sonder hulle geduld, entoesiasme en ywer sou hierdie werk nie moontlik gewees het nie.

Aan Samuel Moifatswana, my metgesel en tolk tydens die doen van die veldwerk, kan ek nie genoeg dankie sê nie. Hierdie werk is net soveel die resultaat van sy arbeid as dié van die skrywer.

Dank gaan ook aan die Departement Samewerking en Ontwikkeling vir toestemming om in die gebied te kon werk. Aan mnr F G J Wiid van dieselfde Departement wil ek ook dankie sê vir sy hulp met die rekonstruksie van die etniese geskiedenis.

Aan die volgende persone, almal verbonde aan die Museum, ook 'n woord van dank: mej A Ziervogel vir al haar hulp; mnr en mev C P Jansen vir die ontwikkeling en druk van die foto's; mnr P Brink en mejj A Steyn en V Maree vir die teken van die kaarte en sketse; mnr J Malan vir sy hulp met die taalkundige versorging van die teks; en mevv M de Wit en J de Kock vir die tik van die manuskrip.

Graag wil ek ook my vrou bedank vir haar volgehoue hulp en ondersteuning deur al die tyd wat dit geneem het om die navorsing te voltooi.

SAMEVATTING

DIE TEGNIESE SKEPPINGE VAN DIE MOLEPO VAN THABAMOPO

deur

JOHAN ABRAHAM VAN SCHALKWYK

Leier : Prof R D Coertze
Departement : Volkekunde, Universiteit van Pretoria
Graad : Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Die tegniese skeppinge van die Molepo, woonagtig in die distrik Thabamopo, van Lebowa, word na vervaardigingsmetode, vorm en gebruik beskryf. Die faktore, wat 'n invloed het op die produsering van tegniese skeppinge word ook behandel.

Die verband van die tegniese skeppinge met die wyer kulturele verband word deeglik behandel.

In die derde instansie word daar aangedui hoe die tegniese skeppinge van die Molepo soms weens die werking van invloede van buite, ontstaan het. Kontak met 'n verskeidenheid omliggende stamme word aangedui, asook die moontlike invloed wat dit op die tegniese skeppinge van die Molepo kon gehad het.

'n Aanduiding word ook gegee van die verandering waaraan die tegniese skeppinge teenswoordig onderworpe is. Verskillende redes, veral die invloed van die werking van die Westerse kultuur, word aangedui.

Laastens word daar 'n uiteensetting gegee van die faktore wat aanleiding gee tot die behoud en voortbestaan van sekere van die tradisionele tegniese skeppinge.

ABSTRACT

THE MATERIAL CULTURE OF THE MOLEPO OF THABAMOPO

by

JOHAN ABRAHAM VAN SCHALKWYK

Supervisor : Prof R D Coertze
Department : Anthropology, University of Pretoria
Degree : Magister Artium in the Faculty of Arts

A description is given of the form, function and processes of manufacture of the material culture of the Molepo residing in the Thabamopo district of Lebowa. The factors determining the production of material culture elements are also discussed.

The relationship of material culture to the rest of the culture pattern has also been described.

In the third place the way in which foreign elements have been accepted and integrated in the material culture is described in detail. Contact with a number of neighbouring tribes is indicated and the possible influences this may have had on the material culture of the Molepo is discussed.

Recent changes in the material culture of the Molepo is discussed and the different reasons for this change, especially the influence of Western Civilization are explained in detail.

Lastly the factors determining the continued existence of the traditional material culture are evaluated.

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
DANKWOORD	i
SAMEVATTING	iii
ABSTRACT	iv
<u>HOOFSTUK 1</u>	1
<u>INLEIDING</u>	1
1. DOELSTELLINGS	1
2. TEMATIESE AFBAKENING	2
3. GEOGRAFIESE AFBAKENING	4
4. METODE	4
4.1 Literatuurstudie	4
4.2 Museumstudie	6
4.3 Veldwerk	6
4.4 Dokumentasie	8
5. TEGNIESE BESONDERHEDE	9
<u>HOOFSTUK 2</u>	11
<u>GESKIEDENIS EN HABITAT</u>	11
1. GESKIEDENIS	11
1.1 Herkoms	11
1.2 Vroeë geskiedenis	11
1.3 Resente geskiedenis	17
1.4 Samevatting	19
2. HABITAT	20
2.1 Ligging	20
2.2 Topografie	21
2.3 Klimaat	21
2.4 Geologie	22

	<u>Bladsy</u>
2.5 Flora en fauna	23
2.6 Samevatting	24
<u>HOOFSTUK 3</u>	26
<u>VERVAARDIGINGSMETODES</u>	26
1. PRODUKSIEFAKTORE	26
2. HOUTWERK	29
2.1 Tipes materiaal	29
2.2 Gereedskap	30
3. VLEGWERK	31
3.1 Materiaal en gereedskap	31
3.2 Tegnieke	32
4. TOU	33
4.1 Tou	34
4.2 Bindmateriaal	35
4.3 Garing	35
4.4 Rieme	35
4.5 Ander	35
5. VELBEWERKING	36
5.1 Gereedskap	36
5.2 Die brei van velle	37
5.3 Die brei van rieme	38
6. BEEN- EN HORINGBEWERKING	38
6.1 Been	38
6.2 Horing	39
7. KLIPBEWERKING	39
8. KERAMIEK	40
8.1 Die pottebaksters	40
8.2 Materiaal en tegniek	41
8.3 Versierings	44
8.4 Die bakproses	45
8.5 Die digmaak van nuwe potte	45

	<u>Bladsy</u>
9. METAALBEWERKING	46
9.1 Ysterbewerking	46
9.2 Draadwerk	47
10. KRALEWERK	48
10.1 Die vervaardigers	48
10.2 Materiaal en gereedskap	48
10.3 Tegnieke	49
11. VUUR	52
11.1 Vuurmaak	52
11.2 Brandmateriaal	53
11.3 Die vuurherd	53
11.4 Gebruik	54
12. KALENDER VAN AKTIWITEITE	54
13. SAMEVATTING	55
<u>HOOFSTUK 4</u>	59
<u>TRADISIONELE BESTAANSAKTIWITEITE</u>	59
1. LANDBOU	59
1.1 Voorbereiding, plant en bewerking van die landerye	60
1.2 Tipes gewasse wat verbou word	62
1.3 Insameling, berging en preservering van die oes	63
2. VEETEELT	65
2.1 Tipes vee	65
2.2 Voorwerpe gebruik tydens die versorging en benutting van diere	67
3. JAG	68
3.1 Strikke	70
3.2 Vanggate	72
3.3 Voëlent	73
4. VERSAMELING	73
4.1 Versameling van voedsel	73

	<u>Bladsy</u>
4.2 Versameling van grondstowwe	74
5. HANDEL	75
6. SAMEVATTING	77
<u>HOOFSTUK 5</u>	79
<u>VESTIGINGSWYSE EN BOUVORME</u>	79
1. VESTIGINGSWYSE	79
2. DIE BOUPROSES	82
2.1 Materiaal	82
2.2 Gereedskap gebruik tydens die bou van 'n hut	83
2.3 Arbeidsverdeling	84
2.4 Fondament en mure	84
2.5 Die dak	85
2.6 Die vloer	86
2.7 Deure en vensters	87
2.8 Variante boumetodes	88
3. HUTVORME	89
4. VERSIERINGS	90
5. AMEUBLEMENT	92
6. AFSKORTINGS EN MURE	94
7. KRALE EN HOKKE	94
8. GRAANHOUSERS	95
9. ANDER STRUKTURE	96
10. SAMEVATTING	97
<u>HOOFSTUK 6</u>	100
<u>HUISGEREEDSKAP</u>	100
1. HUISGEREEDSKAP	101
1.1 Houtvoorwerpe	101
1.2 Vlegwerk	102

	<u>Bladsy</u>
1.3 Kalbasse	104
1.4 Keramiek	106
1.5 Ander voorwerpe	111
2. HIGIËNE	112
2.1 Voorwerpe wat verband hou met die skoonmaak en instandhouding van die wooneenheid	112
2.2 Reiniging van huisgereedskap	112
3. SAMEVATTING	113
<u>HOOFSTUK 7</u>	
<u>KLEREDRAG EN VERSIERINGS</u>	116
1. KLEDING	116
1.1 Babas	116
1.2 Kinders	117
1.3 Volwassenes	120
1.4 Ander	123
1.5 Inisiasiedrag	123
1.6 Kleredrag van kragdokters	125
1.7 Kleredrag van <u>malopo</u> -dansers	125
2. SIERADE	126
2.1 Hoofsierade	126
2.2 Halssierade	127
2.3 Armbande	130
2.4 Lyfbande	131
3. HAARVERSORGING	132
4. KOSMETIESE GEBRUIKE	133
5. AANVULLENDE VOORWERPE	134
6. SPESIALE UITRUSTING	136
7. SAMEVATTING	137
<u>HOOFSTUK 8</u>	140
<u>MUSIEKINSTRUMENTE</u>	140

	<u>Bladsy</u>
1. SNAARINSTRUMENTE	140
1.1 Groep 1 instrumente	140
1.2 Groep 2 instrumente	141
1.3 Groep 3 instrumente	143
2. SLAGINSTRUMENTE	144
2.1 Ratels	144
2.2 Tromme	145
3. KLAWERBORDINSTRUMENTE	146
3.1 Vingerklavier	146
4. BLAASINSTRUMENTE	147
4.1 Seinhorings	147
4.2 Fluite	148
5. SAMEVATTING	152
<u>HOOFSTUK 9</u>	154
<u>WAPENS</u>	154
1. AANVALSWAPENS	154
1.1 Handwapens	154
1.2 Projektiele	155
2. VERDEDIGINGSWAPENS	158
2.1 Skildvel	158
2.2 Fortifikasie	159
3. MINIATUURWAPENS	159
4. SAMEVATTING	160
<u>HOOFSTUK 10</u>	161
<u>DIVERSE TEGNIESE SKEPPINGE</u>	161
1. DOKTORSIMPLEMENTE	161
1.1 Voorwerpe vir die identifisering van siekte en teenspoed	161
1.2 Voorwerpe vir die afweer van siekte of teenspoed	164

	<u>Bladsy</u>
1.3 Voorwerpe vir die behandeling van siektes	165
1.4 Medisynehouers	165
1.5 Offerplek	166
1.6 Samevatting	167
2. SPEELGOED	167
2.1 Marionet	168
2.2 Rekker	168
2.3 Kleiosse	168
2.4 Kitaar	168
2.5 Snaarinstrumente	169
2.6 Woer-woer	169
2.7 Draaispaan	169
2.8 Draadkar	170
2.9 Meul en <u>moruba</u>	170
2.10 Vrugbaarheidspop	171
2.11 <u>Mokoto</u>	171
2.12 Samevatting	171
 <u>HOOFSTUK 11</u>	 173
<u>SAMEVATTING EN BEVINDINGS</u>	173
 1. ALGEMENE SAMEVATTING	 173
2. TEGNIESE SKEPPINGE EN DIE RES VAN KULTUUR	176
2.1 Die sosiale aspek	176
2.2 Die religieuse aspek	178
2.3 Die politieke aspek	179
2.4 Die ekonomiese aspek	180
3. FAKTORE WAT 'n ROL KAN SPEEL IN DIE VERANDERING VAN TEGNIESE SKEPPINGE	181
3.1 Bekombaarheid van Westerse middele	181
3.2 Ekonomiese faktore	182
3.3 Invloed as gevolg van trekarbeid	184

	<u>Bladsy</u>
3.4 Invloed ten gevolge van sendingwerk	185
3.5 Invloed vanuit die skole	186
3.6 Verandering in waardes	186
3.7 Invloed vanuit die natuurlike omgewing	186
4. KONTINUITEIT IN TRADISIONELE TEGNIESE SKEPPINGE	187
5. SLOT	188
 BIBLIOGRAFIE	 189
 BYVOEGSEL A - KATALOGISERINGSVORM	 195
BYVOEGSEL B - LYS VAN PLANTKUNDIGE BENAMINGE	198
KAARTE	1-2
FIGURE	1-20
FOTO'S	1-66

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. Doelstellings

Onder invloed van die Westerse kultuur is die tradisionele lewenswyse van Swartes besig om 'n drastiese verandering te ondergaan, sodanig so dat die oorspronklike aard daarvan haas onherkenbaar word. Dit is dan veral ook op die gebied van die tegniese skeppinge dat hierdie verandering duidelik sigbaar is. Aan die een kant kan daar op tasbare wyse gesien word hoe die oorspronklike reeks tegniese skeppinge 'n afname in kwaliteit, asook kwantiteit, ondergaan. Aan die ander kant kan daar weer gesien word hoe dit deur nuwe, kultuurvreemde voorwerpe, vervang word.

Hierdie proses van afname en vervanging geskied teen 'n geweldige tempo. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat die tradisionele tegniese skeppinge, asook die veranderde en aangepaste voorwerpe, ingesamel, bestudeer en bewaar word in museums en by ander instansies.

Die waarde van sodanige versamelings word goed weerspieël in die woorde van Sturtevant (1969:2): "Artifacts in a collection are truly primary sources since they are themselves a product of the culture they document, and, therefore, are more direct evidence of a culture than field notes and photographs. They can be repeatedly consulted by different investigators and will continue to yield fresh data on the cultures from which they come. The artifacts also have advantages over written records of behaviour and belief in being concrete, objective, difficult to distort and little open to ethnocentric bias."

Die doelstelling van hierdie navorsing is dus om 'n intensiewe, objektiewe studie te doen van die tegniese skeppinge van 'n enkele

etniese groep, en om ter selfdertyd 'n versameling vir die Museum op te bou. Die vraag is egter, hoe moet sulke versamelings opgebou en gedokumenteer word? Wat is die primêre uitgangspunte wat van belang is om enigsins die woorde van Sturtevant gestand te doen?

2. Tematiese afbakening

Die studie van tegniese skeppinge leen hom, net soos die verskillende ander aspekte van kultuur, tot 'n wye reeks interpretasie-moontlikhede. Dit is die opvatting hier dat daar basies vier aspekte is waaraan aandag gegee moet word om 'n sinvolle versameling van tegniese skeppinge daar te kan stel. Voldoening aan hierdie vier aspekte vorm dan ook die hoof oogmerk van hierdie navorsing.

/Eerstens gaan dit oor 'n beskrywing van die verskillende tradisionele tegniese skeppinge, soos dit vandag nog aangetref word. Daar sal nie gepoog word om 'n rekonstruksie te maak van hoe die volle spektrum van tradisionele tegniese skeppinge daar uitgesien het nie. Daarvoor is die Westerse beïnvloeding te lank reeds aan die gang. By gebrek aan 'n betroubare, vergelykende werk (of versameling) daterend uit 'n tydperk voor kontak met die Westerse kultuur, sou dit onsinnig wees om so 'n studie aan te pak. Gevolglik word die navorsing beperk tot slegs daardie tradisionele tegniese skeppinge wat vandag nog aangetref word, asook dié wat in die onlangse verlede nog in gebruik was en waaroor die spesifieke informante nog met redelike sekerheid inligting kan verskaf.

Naas die beskrywing van die voorwerpe self, word die verskillende vervaardigingsmetodes van die voorwerpe ook as deel van hierdie eerste mikpunt bestudeer. Daar word veral aan die vier kardinale faktore aandag gegee, wat 'n direkte invloed het op die vervaardiging van die tradisionele tegniese skeppinge. Hierdie vier faktore is naamlik: die aanwesigheid van die betrokke kennis; die beskikbaarheid van grondstowwe; die beskikbaarheid van genoegsame arbeid; asook die werking en invloed van faktore soos

seremoniële verbodsbepalings (taboes), wat 'n invloed mag hê op die produsering van die verskillende voorwerpe.

Tweedens sal daar ondersoek gedoen word na die wyse waarop tegniese skeppinge binne die groter kulturele verband aangewend word en funksioneer. Aanvanklik het volkekundiges tegniese skeppinge gebruik om die eenlynige ontwikkeling van kultuur, na hulle opvatting, soos dit deur bepaalde stadia ontwikkel het, te demonstree (Frese 1960: 51-52). Mettertyd het daar reaksie teen hierdie evolusionistiese benadering ontstaan en is 'n studie van die verspreiding van tegniese skeppinge deur die Duits-Oostenrykse Kultuurkringskool gebruik om diffusie en kontinuïteit van kultuurvorm aan te dui (Frese 1960: 57-59). By hierdie studies is die kultuurbegrip egter areagebonde en is daar min skakeling met die volkseenhede wat die tegniese skeppinge as deel van hulle lewenswyse gebruik.

In teenstelling met hierdie twee bogenoemde benaderings, bestudeer die meer resente funksionaliste die tydpointsgebonde saamskakeling van die dele van 'n sosiale groepsverband. In stede daarvan om te soek na hoe dinge ontstaan het, word daar gekyk na die funksionele interafhanklikheid daarvan binne 'n spesifieke sosio-kulturele sisteem. Vanuit die oogpunt van die Kulturele Volkekunde sou hierdie benadering selfs tegniese skeppinge so kon bestudeer dat daar bepaal word hoe dit gebruik word, wat kultuurgenote se verhouding is tot die voorwerpe en hoe die tegniese skeppinge verband het met elke aspek van kultuur (Frese 1960:62-67;148). Dit is na hierdie interafhanklikheid en geïntegreerdheid van tegniese skeppinge met die res van kultuur waarin daar in hierdie navorsing gekyk gaan word.

In die derde instansie sal daar aangedui word hoe die materiële voorwerpe, moontlik as die resultaat van invloede van buite, tot stand gekom het. Kontak met ander etniese groepe, direk of indirek, sal dus soos dit afgelei kan word uit die voorkoms en gebruikswyse van die voorwerpe, aangedui word.

4.

Laastens sal daar ook ondersoek ingestel word na hoe die tegniese skeppinge verandering ondergaan, veral ten gevolge van die inwerking van die Westerse kultuur. Dit is nie die doel om Westerse voorwerpe te bestudeer soos dit onder Molepo voorkom nie, alhoewel die geldigheid van so 'n studie nie betwis word nie. Die doel is om aan te toon hoe Westerse goedere vervangend, maar ook aanvullend, tot die tradisionele tegniese skeppinge ontvang is en funksioneer. Daar sal ook ondersoek ingestel word na, asook rede aangevoer word hoekom, sekere tradisionele voorwerpe in onbruik geraak het terwyl andere nog in gebruik bly.

3. Geografiese afbakening

In hierdie ondersoek word die tegniese skeppinge van die Molepo (Van Warmelo 1935: nr 37-20), woonagtig in die distrik Thabamooop, Lebowa, bestudeer. Die Molepo bestaan uit 'n enkele stam wat reeds nagenoeg 300 jaar in dieselfde gebied woonagtig is. Alhoewel hulle nie oorspronklik van Sothoherkoms is nie, is hulle in so 'n mate deur omwonende stamme beïnvloed dat hulle na hulself verwys as Sotho.

4. Metode

Die navorsing vir hierdie studie het hoofsaaklik bestaan uit 'n ondersoek van die toepaslike literatuur en eie waarneming asook ondervraging tydens veldwerk.

4.1 Literatuurstudie

Die bestaande literatuur wat oor die Molepo handel, is bestudeer. Dit bevat egter weinig inligting wat spesifiek vir die beoogde studie van belang is.

In die 1880's verskyn daar van die eerste artikels, veral uit die pen van sendelinge, waarin daar na die Molepo verwys word, ge-

woonlik in die konteks van godsdiens of sosio-politieke strukture. Daarna volg daar deur die jare enkele verwysings in boeke en tydskrifte na die Molepo, maar daar was nie een werk wat spesifiek oor hulle gehandel het nie. Van Zyl (1939) se artikel oor die speletjies wat onder die Noord-Sotho aangetref word, met verwysing onder andere na die Molepo, kan as voorbeeld dien. Ander soortgelyke werke is die van Hoffmam (1929), Van Warmelo (1953) en Van der Merwe (1978) en het almal slegs beperkte waarde vir hierdie studie gehad.

'n Tweede bron wat ondersoek is, is dokumente in die Transvaalse Argiefbewaarplek. Meeste van die wat oor die Molepo handel was nie van nut vir hierdie studie nie. Een stuk, van die Native Location Commission (1907), handel oor die herkoms van die Molepo en verwante groepe en was gevolglik bruikbaar in die rekonstruksie van die etniese geskiedenis van die Molepo.

Weens 'n gebrek aan literatuur wat spesifiek oor die Molepo handel, het die hoofklem van die literatuurstudie dus geval op die bestudering van vergelykende bronne. Algemene, asook spesifieke werke oor tegniese skeppinge (Sayce 1963, Grobbelaar 1967, Reynolds 1968, Spier 1970, Buck 1971, Shaw & Van Warmelo 1972 en Dawson et al 1974) is bestudeer om insig te verkry in die variasie van tegniese skeppinge, en die bestudering en aanbieding daarvan elders. Verder is daar ook gekyk na bronne wat spesifiek oor die Noord-Sotho en omliggende groepe handel. Die werke van Stayt (1931), Kirby (1934), Krige & Krige (1943), Hanekom (1965), Lawton (1967), Mönning (1967), Stoffberg (1967), Du Toit (1968), Reyneke (1971) en Davison (1979) is bestudeer. Hieruit kon 'n beeld gevorm word van die algemene Noord-Sotho-etnografie, asook tegniese skeppinge soos dit onder ander Sothogroepe daaruit sien.

Hierdie inligting is gebruik vir die opstel van onderhoudskedules. Alle inligting wat in die literatuur verkry is, is egter deur eie ondervraging getoets.

4.2 Museumstudie

Naas die literatuurstudie is die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum ook bestudeer. Aangesien die Museum oor slegs enkele voorwerpe beskik wat van die Molepo afkomstig is, het die klem van hierdie ondersoek weer eens gerus op die bestudering van vergelykende materiaal, veral vanaf ander Noord-Sothogroepe. Dit het veral gehelp om 'n aanduiding te kry van die verskillende tipes voorwerpe wat verwag kon word.

4.3 Veldwerk

Veldwerk is gedoen oor 'n totale periode van vyf maande, versprei oor twee jaar, naamlik 1982 en 1983. Die doel hiermee was om verskillende seisoensaktiwiteite te kon waarneem. Weens 'n knellende droogte wat in die gebied tydens die periode van ondersoek geheers het, kon sekere aktiwiteite, veral die met betrekking tot landbou (ploeg, plant en skoffelwerk), nie volledig waargeneem word nie.

4.3.1 Waarneming

Waar moontlik was die verskillende vervaardigingsmetodes, asook die gebruikswyse van die voorwerpe, waargeneem. Aspekte van huiskonstruksie, asook die prosesse van vlegwerk, keramiekvervaardiging, houtwerk, kralewerk, velbewerking en so meer is waargeneem. Waar 'n spesifieke proses nie meer algemeen voorkom nie, is spesiale demonstrasies gereël waartydens kundige persone die proses of tegniek gedemonstreer het, soos in die geval van die maak van 'n vrugbaarheidspop en die aanhegting van 'n spies se lem. Die tegniek van ysterbewerking word glad nie meer beoefen nie en die rekonstruksie daarvan berus dus op die geheue van informante. In die geval van ysterbewerking is daar ook 'n aantal ou smeltoonde geïnspekteer om inligting te verkry oor die vroeëre beoefening van hierdie tegniek. Daar is

ook spesifiek gelet op die wyse waarop tradisionele tegniese skeppinge deur Westerse alternatiewe vervang is, asook die wyse waarop Westers-geïnspireerde metodes van vervaardiging oorgeneem is. Soms het die oorname van 'n Westerse vervaardigingsmetode die tradisionele voorwerp se vorm en afwerking verander.

Inligting wat so deur waarneming verkry is, het die basis gevorm vir die diepte-ondervraging van informante.

4.3.2 Ondervraging

Onder diegene met wie onderhoude gevoer is, kan twee kategorieë informante onderskei word. In die eerste instansie is daar spesialiste soos pottebaksters en mandjievervaardigers, wat die primêre inligting oor 'n vervaardigingsmetode of produk verskaf het. 'n Aantal spesialiste, wat almal kenners was op 'n spesifieke gebied, is deur die kaptein uitgewys. Die hoofmanne van die verskillende wyke is ook genader en hulle het weer op hul beurt persone aangedui wat na hul mening inligting kon verskaf oor spesifieke onderwerpe. Die algemeenste metode wat toegepas is, was egter om, soos die voorwerpe aangetref is, die eienaar daarvan uit te vra oor die herkoms daarvan. Baie gou word spesialiste so uitgewys en is hulle dan genader om hulp. Die vraelyste, opgestel uit die literatuur en die museumversameling, is ook gebruik om 'n aanknopingspunt te kry in die soeke na voorwerpe.

Alhoewel die spesialiste veronderstel is om oor die beste kennis van 'n besondere tegniek of voorwerp te beskik, is dit tog by ander informante gekontroleer. Op hierdie wyse is die algemene aanwesigheid van kennis onder informante getoets, maar was dit ook moontlik om vreemde of eksentrieke invloede van die kant van die spesialis te identifiseer.

Die tweede kategorie informante is daardie persone wat oor algemene sake soos kleredrag, ekonomie en so meer geraadpleeg is. In die meeste gevalle is lede van albei geslagte se menings ingewin. Dit is gedoen omdat daar baie aktiwiteite is, byvoorbeeld, hutbou, waar arbeidsverdeling tussen die geslagte voorkom. Dit was soms ook insiggewend om te kan hoor wat die een geslag se opvattinge is oor die ander geslag se taak.

Die hoeveelheid informante wat ondervra is, varieer volgens die algemeenheid van die voorkoms van die tegniek of voorwerp. Byvoorbeeld, daar is slegs twee pottebaksters woonagtig in die gebied. Gevolglik is alle inligting aangaande pottebakkerie afkomstig van demonstrasies en mededeling van hierdie twee persone. Ten opsigte van aspekte soos kleredrag, was daar tydens stamfunksies die geleentheid om die volle spektrum daarvan waar te neem soos verteenwoordig deur 'n groot aantal persone. Dieselfde geld vir sekere van die musiekinstrumente wat tydens hierdie seremonies in gebruik was. Die algemeenste metode was egter om 'n aantal informante spesiaal byeen te bring en hulle dan uit te vra oor spesifieke onderwerpe. Die geslag van die informante wat ondervra is, het ook volgens die arbeidsverdeling in die vervaardigingsproses of benuttingswyse van die voorwerpe gewissel.

In die ondervraging is daar deurgaans van 'n tolk gebruik gemaak. Dit was moontlik om 'n lid van die Museum se personeel hiervoor te gebruik. Sy ervaring oor wat die navorser in die veld soek, was van besondere waarde tydens die veldwerk.

4.4 Dokumentasie

Dokumentasie van die inligting is op verskeie wyses gedoen. In die eerste plek is uitvoerige veldnotas geneem. In sommige gevalle is verduidelikinge verbatim afgeneem vir latere bestudering. In samehang met die skriftelike dokumentering is daar ook gebruik gemaak van fotografie (swart-en-wit foto's sowel as kleurskyfies) en sketse om die geskrewe beter toe te lig. Klankbande is ook gemaak tydens die studie van die gebruik van die verskillende musiekinstrumente.

Eksemplare van elk van die tegniese skeppinge wat nog aangetref is (dit sluit 'n paar voorwerpe in wat spesiaal vervaardig is), is aangekoop en word tans in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum bewaar. In sulke gevalle was die dokumentasie (sien Byvoegsel A) 'n addisionele bron van inligting (sekere van die kategorië inligting op hierdie dokumentasievorm is egter bloot museologies van aard). Die voorwerpe self dien natuurlik ook as 'n bron van inligting, aangesien sekere kategorië inligting inherent daarin opgesluit is, byvoorbeeld vorm, grootte en kleur.

Voorbeelde van die plantemateriaal wat in die vervaardigingsprosesse gebruik word, asook minerale (ertse sowel as grondmonsters), is ingesamel en onderskeidelik laat identifiseer deur die Nasionale Botaniese Navorsingsinstituut en die Afdeling Geologiese Opname, albei van Pretoria. Verskeie informante, wie se kennis deur ondervraging getoets is, is gebruik vir die insameling van plant- en mineraalmonsters. Die informante is vergesel tydens die insameling van hierdie monsters. Die plante is gepluk, gemerk en ooreenkomstig die voorskrifte van die Botaniese Navorsingsinstituut, beskryf en in 'n plantpers gedroog.

5. Tegniese besonderhede

Deur die hele studie word die inheemse plantkundige benaminge gebruik. Die Afrikaanse sowel as die botaniese benaminge word afsonderlik in Byvoegsel B weergegee. Afmetings word waar toepaslik

verskaf. Dit is altyd in millimeters en oor die grootste mate (langste, breedste, dikste en hoogste) van toepassing. Om dit vir die leser te vergemaklik is daar 'n skaalbalk in elke skets en sommige van die foto's aangebring. Die inheemse terminologie is altyd in die enkelvoud, behalwe waar die sinskonstruksie dit nie toelaat nie.

HOOFSTUK 2

GESKIEDENIS EN HABITAT

1. Geskiedenis

1.1 Herkoms

Die Ditlou van Molepo (Van Warmelo 1935: nr 37-20), woonagtig in die distrik Thabamoope in Lebowa, voer, volgens informante, hul herkoms terug na die Kalanga van Zimbabwe. Die presiese herkoms en skakeling met hierdie gebied en sy mense is nie meer seker nie. Vandag behoort die Molepo tot daardie stamme wat in die omgewing van Pietersburg woonagtig is en wat almal die totem tlou (olifant) het, maar elk van 'n ander herkoms is. In een spesifieke area het Krige (1937:328) vyftien sulke groepe getel.


Volgens die Native Location Commision (1907:1) is die Molepo vanuit Zimbabwe afkomstig en het hulle behoort tot die Hlalerwa (Wildehonde), 'n afsplitsing van die Kalanga van Zimbabwe. 'n Ander opvatting wat gehuldig word, is dat die Molepo en verwante stamme (Tshwene, Mathabatha en Kgoba) van Ndebeleherkoms is en dat hulle vandag heeltemal versoetho het. Alhoewel die genealogiese skakeling nie bewys kan word nie, is dit moontlik dat hulle histories skakelbaar is met die Letwabastamme. Laasgenoemde stamme het, na die aanvanklike verdeling van die Ndebele, via Phalaborwa, Zimbabwe en Venda as die Letwaba na hul huidige woongebied in die Seshegodistrik getrek (Botha 1983:172).

Vanuit Zimbabwe het die Molepo suidwaarts getrek en het, volgens informante, hul in Tswetla (Vendaland) onder die Venda van Mphaphuli gevestig.

1.2 Vroeë geskiedenis

Oor die vroeë geskiedenis van die Molepo is baie min bekend. Die onderstaande uiteensetting is grootliks gebaseer op 'n verslag

TABEL 1: GENEALOGIE VAN DIE KAPTEINS VAN MOLEPO



@ - alias

R - regent

† - oorlede sonder opvolger

= - huwelik

saamgestel deur die Native Location Commission van 1907 (hierna aangehaal as die N L C).

Vanuit Vendaland het die Molepo, onder leiding van ene MBURU I (alias Molepo, alias Mphaphuli) (sien Tabel 1), verder suid getrek en hulle te Kgatla, 'n kop enkele kilometer noordoos van die huidige Turfloop, gevestig (N L C 1907:2). Sommige informante is van mening dat die stam hulle eers te Mopananeng (in die Beitbrug-omgewing) gevestig het alvorens hulle na Kgatla verhuis het.

Na die dood van MBURU I, te Kgatla, het daar 'n opvolgingstryd tussen twee van sy seuns, TSELA en Makgoba, ontstaan. TSELA word deur Makgoba verslaan en laasgenoemde trek met 'n gedeelte van die stam na die huidige stamgebied. Later het Makgoba en sy volgelinge ook weggetrek vanaf Kgatla en na 'n aanvanklike verblyf in die huidige stamgebied van Mothapo (net noord van die Molepogebied) het hulle na die vrugbare vallei getrek wat later na hulle vernoem sou word, naamlik Magoebaskloof. Hierdie verhuising het ongeveer 1800 plaasgevind (Transvaal Native Affairs Department 1905: 51; Krige 1937:349). Die Molepo moes dus voor 1800 in hul huidige stamgebied aangekom het. Ongelukkig gee nie een van die twee bronne die wyse waarop die datum van 1800 bereken is nie.

'n Datum van eerste aankoms vir die Molepo in die stamgebied kan as volg bereken word. Dit berus egter in 'n mate op spekulasie en kan nie as absoluut beskou word nie. Tabel 2 toon 'n lys van regimente wat, volgens informante, almal in die huidige stamgebied ingestel is. Slegs vir die laaste elf regimente (tot op Mathunya 1897) kan die informante nog met sekerheid datums verskaf, alhoewel die lys van regimente nog baie verder teruggevoer kan word. 'n Gemiddelde verloop van jare tussen die instelling van die laaste elf regimente is bepaal, naamlik agt jaar. Sedert 1897, toe die Mathunyaregiment ingestel is en wat ook die laaste bekende datum is, word die ander regimente se instelling op 'n siklus van agt

TABEL 2: MANSREGIMENTE VAN DIE MOLEPO

Regiment ¹⁾	Jaar ²⁾	Leier ³⁾
Mangana	1825	SETLAKALANE II
Mathunya	1833	Makgwana
Malau	1841	Lekgalaka
Mahlawana	1849	Komeledi
Mapulana	1857	Moše (Maswahla)
Marema	1865	Masobe
Madingwana	1873	SETLAKALANE III
Maratwa	1881	Malatswa
Matopša	1889	Makgape
Mathunya	1897	Makgwana
Matladi	1905	Masobe
Mathamaga	1912	Nowe (Noah)
Malau	1920	Lekgalaka
Mapulana	1929	Moše
Mahlawana	1939	Maswahla
Mangana	1947	SETLAKALANE IV
Marema	1955	Tsebela
Maratwa	1965	Mokela
Mathamaga	1972	Maiša
Mathopša	1981	Makgape

1) Almal ingestel te Mokotomane

2) Na 1897, die laaste bekende datum, word die regimente in siklus= se van agt jaar herhaal, synde die gemiddelde te wees van die laaste elf regimente wie se datums van instelling nog bekend is.

3) Name van troonopvolgers word in hoofletters verstrekk

jaar bepaal. So word 'n datum vir die instelling van die eerste regiment in die stamgebied verkry, naamlik 1825. Daar moet in aanmerking geneem word dat die Molepo aanvanklik nie in die omgewing van die huidige hoofstat (Boshega - Kaart 2) gaan woon het nie, maar rond beweeg het in die groter stamgebied. Daar word ook beweer dat hulle 'n tydlank aan die suidekant van die Strydpoortberge woonagtig was. Gevolglik kan daar dus verwag word dat hulle nie altyd op dieselfde plek (Mokotomane) sou inisieer nie en dat daar dus regimente kon wees wat in die omgewing van GaMolepo ingestel was voor dié wat in die tabel aangetoon word. Gevolglik kan die datum van binnekoms in die gebied 'n aantal jare voor 1825 teruggeneem word.

Vanaf SETLAKALANE II, wat ongeveer 1825 geïnisieer is, kan daar ses kapteins aangedui word tot by TSELA (sien Tabel 1) onder wie die stam verdeel het. Indien daar 25 jaar per generasie toegelaat word, met ander woorde 'n totaal van 150 jaar, kan die eerste binnekoms van die stam in die gebied ingestel word op ongeveer 1675. Dit kon egter nie veel voor hierdie datum gewees het nie. Jackson (1982:4) dui aan dat die Langa Ndebele, wat ongeveer 1650 uit Natal weg is, hulle na verloop van tyd te Boshega gevestig het "..... around Boyne, east of Pietersburg where the Molepo chiefdom now resides.¹⁾ This chiefdom (met ander woorde die Molepo) had not arrived yet"

Staving vir die feit dat die Langa voor die Molepo in die gebied woonagtig was, lê daarin dat die Molepo, met hul aanvanklike binnekoms in die gebied, die mense van Makubu, 'n Nguni- (Ndebele) sprekende stam, daar aangetref en onderwerp het. Makubu was

1. Volgens Jackson se stelling blyk dit dat die hele gebied bekend staan as Boshega, terwyl dit in der waarheid net die gebied is waar die huidige hoofstat (mošate) vandag geleë is.

blykbaar 'n ou Sothobenaming vir die Langa. Jackson (1982:129) sê:
"It is noteworthy that the placename Makubung (currently the home
of people referred to as baThokwa who are generally known
to be Ndebele) is to be found in the Molepo area where
the Langa sojourned for a time"

Dit blyk dus dat die Molepo tussen 1675 - 1700, maar nie voor 1650
nie, moontlik in die huidige stamgebied aangekom het.

'n Derde, jonger broer van TSELA, Mathabatha (sien Tabel 1), het na
die verdeling van die stam te Kgatla, die Moleposeksie gevolg en hom
en sy volgelinge saam met die Molepo gevestig. Tydens 'n droogte
het lede van die Mathabathaseksie in die Strydpoortberge gaan jag
en op 'n vrugbare vallei met baie wildevrugte en water afgekom. Die
Mathabatha verhuis dan ook na hierdie vallei, wat deur hulle Sen=
yakane genoem word. Kort daarna verhuis hulle na hul huidige woon=
gebied aan die suidekant van die berg, min of meer by die samevloei=
ing van die Mphogodiba- en Olifantsrivier. Daar bestaan 'n op=
vatting onder sommige van die informante dat die Molepo die Ma=
thabatha gevolg het en 'n tydlank saam met hulle suid van die Stryd=
poortberge woonagtig was, waarna hulle weer teruggekeer het na die
noordekant.

TSELA, wat die stam vanaf Kgatla gebring het, is opgevolg deur sy
seun LEKGONYANA (Tabel 1). Laasgenoemde het tydens sy bewind 'n
Kalangaseksie onder kaptein Molema, wat in die gebied woonagtig
was, onderwerp (N L C 1907:3). LEKGONYANA was opgevolg deur sy
seun MALATSWA, wat op sy beurt weer opgevolg is deur sy seun MBURU
II (alias Mphaphuli II) (Tabel 1). MBURU II het die Sotho van
kaptein Madebane, wat te Smith's Drift (oos van Boyne) woonagtig
was, verdryf. Madebane en sy volgelinge het hulle toe in die
gebied van Moletsi gaan vestig (N L C 1907:3).

MBURU II is opgevolg deur sy seun SETLAKALANE I (Setlakalane sa
Mmamila). Hierdie is die eerste kaptein wat vandag nog deur die

Molepo onthou word. Gevolglik word daar hier meer van mondelinge getuienis gebruik gemaak en lui dit ook die meer resente periode van hul geskiedenis in.

1.3 Resente geskiedenis

SETLAKALANE I (Tabel 1) het tydens sy regering 'n aanval, geloods deur die Magakala van Mafefe teen die Molepo, suksesvol afgeslaan. Sy seun, MAIŠA I, het tydens sy regering 'n aantal suksesvolle strooptogte teen die Kgatla en Kwena in die omgewing van Pretoria uitgevoer (N L C 1907:3). Kort daarna het Mzilikazi hom te Silkaatsnek gevestig (+1826) en, toe hy hoor dat die Molepo in die gebied kom beeste roof het, het hy 'n regiment teen hulle uitge= stuur. Die Molepo is aangeval en het in die Strydpoortberge inge= vlug terwyl Mzilikazi se krygers hul beeste geroof het. In die berge is baie van die Molepo weens ontberinge oorlede, onder andere ook MAIŠA I (N L C 1907:4).

MAIŠA I is opgevolg deur sy broer MASWAHLA, wat as regent opgetree het. Hy het onder andere die hoofstat laat herbou en het ook 'n aanval, geloods deur die Mmamabolo op die Molepo, suksesvol afge= weer. Tydens die aanval is die kaptein van die Mmamabolo gedood (N L C 1907:4).

Na die dood van MASWAHLA het SETLAKALANE II (Setlakalane sa go hwa Maune), die seun van MAIŠA I (sien Tabel 1) kaptein geword. Dit was tydens sy regering dat die Magakala van Mafefe, onder leiding van Legadimane en bygestaan deur die Molepo en mense van Maake, Dikgale en Mothiba, 'n aanval gerig het teen die Ndebele van Maraba, wat woonagtig is te Maune, suid van Pietersburg. Na aanvanklike suksesse - die hoofstat is afgebrand en 'n aantal beeste is buit gemaak - het die Ndebele in 'n agtervolgingsaksie die aanvallers verras en hulle verslaan. 'n Groot aantal vegters is gedood, onder andere SETLAKALANE II (N L C 1907:5). Volgens van Warmelo (1953:57-58) het die inisiatief vir hierdie aanval gekom vanaf die

Marota (Pedi) onder kaptein Mašile. Hierdie aanval het plaasgevind na Mzilikazi se aanval op die Pedi (1827), maar voor die koms van die eerste Blankes in die omgewing van Pietersburg (1836-1837), dit wil sê ongeveer 1830 (De Beer 1979:76). Loubser (1981:17) is van mening dat die geveg plaasgevind het teen die hange van Mont Mare (suid van Pietersburg) en hy stel die datum heelwat later as De Beer, naamlik tussen 1840-1845.

MANKGATLENG, 'n broer van MAIŠA I, het daarna die kapteinskap oorgeneem as regent, aangesien MAKGWANA, 'n jonger broer van SETLAKALANE II, nog te jonk was (N L C 1907:5). Kort hierna het die Voortrekkers hulle indie gebied begin vestig en is die stamgebied in plase verdeel. MAKGWANA, wat in die tussentyd die regentskap oorgeneem het, kom in botsing teen die Blankes oor die verdeling van die gebied. 'n Kommando is teen die Molepo uitgestuur en hulle het in die Strydpoortberge ingevlug, waar hulle deur die Magakala van Mafefe aangeval is. As gevolg hiervan keer die Molepo terug na hul stamgebied en aanvaar die verdeling van die stamgebied in plase (N L C 1907:6).

KOMELEDI (alias Maiša) (sien Tabel 1) het die regentskap by MAKGWANA oorgeneem. Volgens die N L C (1907:7) was laasgenoemde deur Maiša II opgevolg, maar volgens informante was dit nie die geval nie en is hy (Maiša II) as jong seun, sonder opvolger oorlede. Daar is egter vir hom 'n stamvrou getrou en volgens die leviraatgebruik het KOMELEDI 'n opvolger verwek, naamlik SETLAKALANE III (Setlakalane sa Gantsa-gantsa).

Op die stadium toe SETLAKALANE III die kapteinskap moes oorneem, wou KOMELEDI nie afstand daarvan doen nie en het hy eersgenoemde onder valse voorwendsels gevange laat neem. Die stam het egter 'n aantal beeste bymekaar gemaak en verkoop om sodoende SETLAKALANE III se boete te betaal sodat hy uit die tronk kon kom. Die mošate (hoofstat) was op daardie stadium nog te Mathikwane, maar SETLAKALANE III se regiment het, toe hy uit die tronk uitkom, vir

hom die huidige mošate te Boshega gebou.

SETLAKALANE III word opgevolg deur 'n regent, MAKGWANA, die oudste seun van eersgenoemde se derde vrou. Maiša III die regmatige opvolger is oorlede voordat hy die stamskool kon bywoon en het ook geen opvolger gehad nie. MAKGWANA word dus as regent aangestel en het, net soos in die geval van Maiša II, volgens die leviraatgebruik 'n seun, SETLAKALANE IV, by die vrou wat vir Maiša III getrou is, verwek. MAKGWANA is as regent opgevolg deur sy broer NOAH (alias Pharagwana), wat op sy beurt weer opgevolg is deur MANANYA, die vrou wat vir Maiša III getrou is. SETLAKALANE IV (Foto 1) het die kapteinskap in 1959 by sy moeder oorgeneem en hy sal, in die toekoms, deur sy seun Maiša IV opgevolg word.

1.4 Samevatting

Die beeld wat 'n mens uit die voorgaande uiteensetting oor die herkoms van die Molepo vorm, kan as volg saamgevat word.

Die herkoms van die Molepo lê heel moontlik by die Ndebele. Na 'n trekroete, wat hulle deur Zimbabwe en Vendaland geneem het, vestig hulle hulself in die huidige stamgebied, reeds sedert ongeveer 1675-1700.

In hierdie gebied kom hulle in kontak met 'n verskeidenheid omliggende stamme - op 'n vriendskaplike sowel as 'n vyandige vlak. Aangrensend aan die Molepogebied, aan die westekant, is daar die Koni van Maja en direk wes van hulle die Koni van Tšhwene te Chuenespoort. Reg noord van die Molepo is die Koni van Mothapo en oos van laasgenoemde is daar die Dikgale en Mmamabolo. In die rigting van Pietersburg is die verskillende Noord-Ndebelestamme woonagtig. Aan die suidekant van die stamgebied, dit wil sê suid van die Strydpoortberge, is daar die Mathabatha wat, soos reeds genoem is, verwant is aan die Molepo. Naas hulle is daar ook nog die Mphahlele en die Magakala van Mafefe, wat onderskeidelik

wes en oos van die Mathabatha woonagtig is.

Soos blyk uit die voorafgaande uiteensetting het die Molepo tydens hul verblyf in die gebied kontak met elk van hierdie stamme gehad. Die resultaat hiervan is dat die Molepo hul Ndebele kultuur verloor het en heeltemal versoetho het.

Sedert ongeveer 1850 kom die Molepo nog verder ook in kontak met die Blankes en sedert 1869 (Odendaal 1978:2), met die koms van die eerste sendelinge na die gebied, staan hulle ook onder die invloed van die Evangelie. Dit kom dus daarop neer dat die invloede ten gunste van verwestersing, veral op tegnologiese gebied, meer as honderd jaar aan die gang is.

2. Habitat

2.1 Ligging

Die Molepo is woonagtig in die distrik Thabamoope in Lebowa (sien Kaart 1 & 2). Hierdie distrik sluit 'n gebied in wat noord en suid van die Strydpoortberge lê. Die stamgebied van die Molepo lê in daardie deel van die Thabamoope-distrik wat noord van die Strydpoortberge en oos van Pietersburg geleë is.

Aan die suidekant word die stamgebied dus begrens deur die Strydpoortberge en strek dit al langs die berg in 'n oostelike rigting, vanaf ongeveer Mphahlelespoort (waar die Hlakarorivier deur die berg gaan), enkele kilometer oos van Chuenespoort. Die westelike grens strek vanaf Mphahlelespoort noordwaarts tot op die plaas Laaste Hoop. Die noordelike grens is moeiliker beskryfbaar, maar dit strek ongeveer vanaf Boyne in 'n westelike rigting tot waar dit die wesgrens op die plaas Laaste Hoop ontmoet. Die oostelike grens lê rofweg in 'n lyn vanaf Boyne in 'n suidelike rigting tot teen die Strydpoortberge. Die koördinate vir hierdie gebied is as volg: $23^{\circ} 55'$ tot $24^{\circ} 10'$ S en $29^{\circ} 30'$ tot $29^{\circ} 50' 0$. Die

kern van die stamgebied lê, soos die kraai vlieg, ongeveer 40 kilometer suidoos van Pietersburg. In totaal beslaan die stamgebied 'n oppervlakte van ongeveer 35 100 hektaar.

2.2 Topografie

Noord van die Strydpoortberge, tot sover noord as die Soutpansberge lê die Pietersburg-platogebied. Die topografie van die gebied is plat of saggolwend, behalwe in die deel wat, soos in die geval van die Molepo stamgebied, teen die groot bergreekse geleë is, waar die landskap na heuwelagtig of gebroke verander. Die hele gebied word hoofsaaklik onderlê deur Argaise graniete, wat op plekke geïsoleerde koppies vorm, bestaande uit 'n ruwe akkumulatie van groot rotse. Die hoogte bo seespieël wissel van 1 200 meter tot 1 500 meter, met 'n gemiddelde hoogte van ongeveer 1 300 meter (Schwellnus et al 1962:4).

'n Besondere kenmerk van die gebied is 'n algemene skaarste aan lopende water. Die enigste rivier wat deur die stamgebied vloei, die Mphogodibarivier, is redelik standhoudend, alhoewel dit in die droë maande van die jaar plek-plek onder die oppervlakte verdwyn. Die meeste van die kleiner spruite wat deur die stamgebied vloei, toon dieselfde vloei patroon (Schwellnus et al 1962:6).

2.3 Klimaat

Volgens die Tomlinsonverslag (1955: kaart 16) is die stamgebied in 'n steppezone geleë, met warm somers en gematigde, droë winters. Die gemiddelde jaarlikse reënval is ongeveer 500 mm. Die gemiddelde Januarie (somer) temperatuur is 24°C, teenoor die gemiddelde Julie (winter) temperatuur van 13°C. Die gebied is redelik rypvry, met slegs dertig tot sestig dae in die middel van die winter wanneer ryp verwag kan word (Tomlinson 1955: kaarte 12-15).

Hierdie is 'n tipiese hoëveldklimaat met goeie somerreënval en droë winters. Die 500 mm reënvalgrens is die minimum waar droëlandboerdery beoefen kan word. Met minder reënval word besproeiing noodsaaklik.

2.4 Geologie

Volgens Haughton (1969:20) is die Pietersburg-platogebied saamgestel uit Argaise graniete en gneisse, terwyl die grond as ysterhoudende lateritiese gronde beskryf kan word (Tomlinson 1955: Kaart 17).

Baie min minerale kom in die stamgebied self voor, maar in die omringende gebiede is daar enkele afsettings wat in die verlede moontlik vir die Molepo van belang kon gewees het.

Die vernaamste van hierdie minerale-afsettings kom in die Strydpoortberge voor. Op die plaas Wonderkop 397 KS, aan die suidekant van die berg, is daar 'n vertikale verskuiwing wat met spekulariet gevul is. Op die aangrensende plase, Toornkop 398 KS en Benaauwdheid 395 KS, is daar 'n laag massiewe hematiet, ongeveer 1,2 meter dik (Hammerbeck et al 1976:247). Die belangrikheid van hierdie afsettings lê in die feit dat dit direk suid van die terreine geleë is waar daar in die verlede in die Molepogebied, aan die noordekant van die berg, yster gesmelt was. 'n Maklike roete vanaf hierdie ertsbron tot by die smeltterreine sou al langs die Mphogodibarivier op, deur die sogenaamde Molepospoort gewees het. Op die plaas Wonderkop kom daar 'n horisontale mynskag voor en ook oorblyfsels van die voorhistoriese ystersmeltoonde (Schwellnus et al 1962:55). Hierbenewens is daar ook nog die ysterafsettings te Ysterberg (gestreepte chertagtige ysterformasie), wat in voorhistoriese tye ontgin was en ook redelik maklik vanaf die Molepogebied bereik kon word.

Goud kom suid van Pietersburg voor in die omgewing van Eersteling

en Mont Mare (Haughton 1969:55), asook by enkele verspreide myne in die Strydpoortberge. Hierdie myne is almal deur die Blankes ontgin en is tans meerendeels uitgewerk. Koper kom na die ooste, in die rigting van die Pietersburg-Chuenespoort hoofpad voor, by 'n plek genaamd Kopermyn. Chromiet, asook 'n aantal asbesmyne, sommige wat vandag nog ontgin word deur Blankes, kom ook in die Strydpoortberge voor (Schwellnus et al 1962:64-70).

2.5 Flora en Fauna

Volgens Acocks (1975) kan drie plantkundige streke in die Molepo= gebied onderskei word, naamlik die Noordoostelike Bergsuurveld (streek 8), Gemengde Bosveld (streek 18) en Suuragtige Gemengde Bosveld (streek 19). Daar moet egter onthou word dat die grense van hierdie streke nie absoluut is nie en ook dat die beskrywings gebaseer is op die oorspronklike toestande. Inderdaad onder= gaan alle streke veranderings ten gevolge van oorbeweiding, ont= bossing vir die maak van landerye en so meer.

Die eerste van die genoemde streke, die Noordoostelike Bergsuur= veld kom in die Strydpoortberge voor en word slegs genoem aange= sien dit min of meer saamval met die suidelike grens van die stamgebied. Die streek kom gewoonlik in hoë, natterige dele voor en bestaan veral as reste in klowe in die berggedeeltes. Plant= soorte in die gebied wat gebruik kan word byvoorbeeld in die ver= vaardiging van houtvoorwerpe is legio, maar Combretum, Cussonia, Rhus, Grewia en Rhoicissus is die bekender soorte.

Die Gemengde Bosveldstreek word deur Acocks (1975) in verskillende variante vorme onderverdeel. Die verskille is klein van aard en is gevolglik nie hier van belang nie. Die algemeenste bome is egter Acacia, Kirkia, Dombeya, Pelthophorum en ander spesies. Hierdie streek vorm die sentrale deel van die stamgebied en kan gesien word as 'n intrusie in die derde, ondergenoemde streek.

Die Suuragtige Gemengde Bosveld omring die vorige streek in die Molepogebied en beslaan ook die grootste deel van die stamgebied. Volens Acocks (1975:48-49) kom dit veral voor op die voetheuwels van die groter bergreekse en maak 'n groot deel uit van die Molepogebied wat teen die Strydpoortberge geleë is. Hierdie streek is oop savanna, met Acacia, Grewia, Euphorbia, Ficus, Pelthophorum, Sclerocarya en ander tipes bome. Al die soorte kan gebruik word in die vervaardiging van tegniese skeppinge. Die gras is baie gehard en tipes soos Hyparrhenia, Themada en Heteropogon kom voor.

Vir nog inligting oor die verskillende tipes plante wat in die stamgebied voorkom en wat vir die vervaardiging van tegniese skeppinge gebruik word, sien Byvoegsel B.

Die fauna, soos dit vandag aangetref word, gee ewe-eens nie 'n beeld van hoe dit vroeër jare daar uitgesien het nie. Wild kom nog in die Strydpoortberge voor en sluit in diere soos bobbejane, jakkalse, wildekatte, klipspringers, duikers, rietbokke en koedoes. Dat daar meer en groter wild in die verlede voorgekom het is gewis, maar die moes plek maak vir die mens.

2.6. Samevatting

Die voorgaande oorsig oor die natuurlike omgewing waarin die Molepo hulle bevind, dui 'n aantal aspekte aan wat van belang is in die studie van tegniese skeppinge.

Die klimaat en bodemgesteldheid is van so 'n aard dat dit die Molepo vanuit die landbou selfversorgend gemaak het. Genoegsame reën en vrugbare landbougrond het dit vir hulle moontlik gemaak om 'n wye reeks landbouprodukte te verbou (sien 4:1.2). Die gematigde klimaat en die afwesigheid byvoorbeeld van die tsetsevlieg het 'n bydrae gelewer tot die Molepo se vermoë om die veeteelt te beoefen. Vanuit die landbou en die veeteelt kon die

Molepo nie net genoeg voedsel produseer nie, maar dit was ook 'n bron vir die verkryging van grondstowwe vir die produsering van tegniese skeppinge.

✓Die natuurlike omgewing self bied ook 'n aansienlike verskeidenheid benutbare materiale, benewens voedsel, soos produkte van die jag (velle, horings en senings), plantemateriaal (hout, gras, biesies en so meer) en ystererts. Dit waartoe hulle tegnologie in staat was om te benut, het hulle wel benut. Ander grondstowwe, byvoorbeeld koper en asbes, waarvoor hulle nie oor die nodige tegniese kennis beskik het nie, het hulle nie benut nie.

✓Tog was daar materiale wat die natuurlike omgewing nie opgelewer het nie en wat hulle deur middel van handel moes bekom. Veral na die koms van die Blankes het hierdie handel toegeneem en is nie net glaskrale meer geredelik beskikbaar gewees nie, maar ook materiaal vir kleding, ystervoorwerpe, boumateriale en so meer.

HOOFSTUK 3

VERVAARDIGINGSMETODES

Die verskillende vervaardigingsmetodes verteenwoordig die wyse waarop die Molepo grondstowwe insamel, dit verwerk tot produkte wat nuttigheid het in 'n proses van aanpassing en voortbestaan in hulle lewensomgewing. Alvorens daar na die verskillende tegniese prosesse self gekyk word, is dit nodig om na besondere faktore te kyk wat 'n invloed het op die aanwending van 'n spesifieke tegniek of op die aard van die besondere produk.

1. Produksiefaktore

Die eerste faktor van belang in die produksie van tegniese skeppinge is die aanwesigheid van kennis. Baie van die tegniese prosesse vereis nie besondere gespesialiseerde kennis nie en word deur middel van nie-formele onderrig van 'n vader na 'n seun of van 'n moeder na 'n dogter oorgedra. Hieronder kan ingesluit word tegnieke soos houtwerk en velbewerking. Daar is egter prosesse soos metaalbewerking wat gespesialiseerde kennis vereis wat normaalweg slegs deur 'n periode van opleiding verwerf kan word. Indien die kennis nie oorgedra word nie, kan dit heeltemal verlore gaan, want, anders as in die geval van die ongespesialiseerde tegnieke, kan dit nie maklik deur eksperimentering en oefening elke keer van nuuts af ontwikkel word nie.

Gekoppel aan die besit van die kennis is natuurlik ook die aanwesigheid van handvaardigheid. Alhoewel die meeste van die informante goed bekend is met die vervaardigingsmetode van die verskillende voorwerpe, beoefen hulle dit nie aangesien hulle nie oor die nodige vaardigheid beskik om afgeronde produkte te lewer nie.

Die tweede faktor is die beskikbaarheid van grondstowwe. Die gereedlike beskikbaarheid van spesifieke tipes hout, biesies, klei

glaskrale, ystererts en ander grondstowwe het 'n invloed op die produsering van genoegsame tegniese skeppinge. Soos uit Hoofstuk 2 gesien kon word, is daar 'n wye reeks plantemateriaal in die stamgebied wat gebruik kan word. Minerale soos ystererts kom baie naby die stamgebied voor. Ander grondstowwe, soos byvoorbeeld glaskrale, kon deur middel van handel verkry word.

Die kwaliteit van die materiaal wat gebruik word, bepaal dan ook tot 'n sekere hoogte die voltooide produk. So byvoorbeeld word die klei wat tans vir die vervaardiging van keramiekware gebruik word, al baie lank deur verskeie pottebaksters gebruik aangesien dit volgens hulle goeie klei is en ook omdat dit geredelik beskikbaar is.

'n Derde faktor van belang in die produsering van tegniese skeppinge is die beskikbaarheid van genoegsame arbeid. Hier kom die aspek van arbeidsdifferensiasie ook ter sprake, in die sin dat daar sekere bedrywe is wat slegs deur mans beoefen word, ander wat slegs deur vrouens beoefen word en ook andere waar die arbeid gedeel word. Baie van die bedrywe is arbeidsintensief, byvoorbeeld die bou van hutte, brei van beesvelle en die skoffel van landerye. Om genoegsame arbeid te verseker, kan 'n persoon wat 'n taak wil verrig, 'n werksparty (letšema) reël. Dit behels dat die persoon wat die werk gedoen wil hê 'n hoeveelheid voedsel en veral bier voorberei en dan vriende en bure nooi om te kom help met die werk. As vergoeding nuttig hulle van die voedsel en drank, terwyl die werk in aangename sosiale omstandighede afgehandel word.

Religieuse faktore speel in die vierde instansie ook 'n rol in die produsering van tegniese skeppinge. So bestaan daar 'n wye reeks taboes wat verband hou met spesifieke vervaardigingsmetodes. Byvoorbeeld in die vervaardiging van keramiekware (sien 8 onder), en in hutbou, waar die vloerslaner (pato) nie tydens die somermaande in die dag gebruik mag word nie, maar net vroeg in die oggend of laat in die middag. Die verontagsaming van hierdie verbod sal na

bewering haelstorms, gepaardgaande met sterk wind, tot gevolg hê (5:2.2.3).

Daar bestaan ook taboes ten opsigte van die insameling van grondstowwe. Meeste van die plantsoorte wat vir vervaardigingsprosesse aangewend word, mag nie in die somer gepluk word nie, maar eers as die winter aanbreek. Laasgenoemde word bepaal deur die verskyning van die ster Naka, wat volgens Franz (1931:246) Canopus is. Coetzee (1978:31) stem egter nie hiermee saam nie. Coetzee is van mening dat Canopus die hele jaar sigbaar is en na sy oordeel behoort Naka eerder Sirius of Aldebaran of selfs Betelgeuse te wees, "want enige van hierdie baie helder sterre behoort begin Junie in die oosterhemel voor sonsopkoms sigbaar te wees, nadat dit teen die einde van April in die westerhemel na sonsondergang verdwyn het."

Indien Naka (hetsy dit Canopus, Sirius, of een van die ander sterre is) die eerste keer in die winterseisoen waargeneem word, moet die waarnemer die kaptein dadelik daarvan in kennis stel. Hy mag op die pad na die kaptein nie vertoef of by enige wooneenheid aangaan nie, aangesien die hutte spontaan aan die brand sal slaan (sien ook Hoffmann 1929:286-287). Die einde van die winter word aangekondig wanneer sekere bome, onder andere die megaba-bome, wat veronderstel is om vroeg in die lente te begin bot, begin blare vertoon. Die periode, vanaf die tyd dat die bome begin bot, tot met die verskyning van die ster Naka, word as somer beskou. Hierdie periode val ook rofweg saam met die periode vanaf plant- tot oestyd, wat alles gedurende die somer plaasvind. Tydens dié periode mag baie van die plantsoorte, byvoorbeeld mohlahla, motolo en thutse nie ingesamel word nie. 'n Oortreding van hierdie verbod sal na bewering haelstorms tot gevolg hê. Die implikasie hiervan is tweeledig van aard. In die eerste instansie veroorsaak dit dat die plante hulle volle groeisiklus sal deurgaen, voordat dit benut mag word. Op hierdie wyse kry die plante dus die geleentheid om onbelemmerd te groei en om voort te plant - dus 'n vorm van natuurbewaring.

In die tweede instansie beteken dit dat 'n persoon slegs gedurende 'n sekere tydperk van die jaar (winter) sy grondstowwe bymekaar mag maak. Dit het dus 'n beperkende invloed op die hoeveelheid materiaal wat hy mag insamel, asook die tydperk waarin hy sy produkte kan lewer.

2. Houtwerk (sien 6:1.1)

Hierdie is seker die aktiwiteit wat die algemeenste deur mans beoefen word. Geen besondere vooraf kennis vir die beoefening daarvan is nodig nie, behalwe in die gevalle waar gespesialiseerde voorwerpe soos tromme gemaak word. Van jongs af begin seuns hulle toelê op die beoefening daarvan en maak hulle lepels, roerstokke, kieries en so meer, wat hulle verruil of aan hulle ouers gee vir gebruik (Sommige informante is van mening dat in die verlede, toe die bogwera (tweede inisiasieseremonie vir seuns) nog gehou was, die seuns daartydens opleiding ontvang het in die maak van houtvoorwerpe).

Enkele spesialiste kom wel voor, byvoorbeeld 'n man wat homself toeelê op die produksie van lepels of kieries, wat dan onder stamgenote verhandel word; of 'n persoon wat tromme maak vir gebruik tydens godsdienstige en ander seremonies. Normaalweg is elke huishouding egter van hulle mans afhanklik vir die verkryging van die algemene houtartikels.

2.1 Tipes materiaal

'n Wye reeks houtsoorte word gebruik vir die vervaardiging van gebruiksartikels. Dit weerspieël die mense se kennis van houtbenutting. Die meeste mans is deeglik bewus van die spesifieke eienskappe en karaktertrekke van elke houtsoort. By die keuse van hout vir die vervaardiging van gebruiksvoorwerpe gaan dit gewoonlik nie primêr om slegs 'n besondere houtsoort nie, maar eerder om watter houtsoort die geskikste is vir die vervaardiging

van die voorwerp. Houtbakke (megopo) word gewoonlik van 'n sagte hout soos morula gemaak. Dit kan ook van 'n harde hout gemaak word, maar dit regverdig nie al die moeite en tyd wat nodig is om dit met redelike onverfynde gereedskap van harde hout te maak nie as 'n sagte hout dieselfde doel kan dien nie. Sekere voorwerpe soosstele van spiese, byle en dissels word uit die aard van die saak uit harde hout gemaak.

2.2 Gereedskap

Die gereedskap wat in die verlede vir houtwerk gebruik was, is eenvoudig van aard. 'n Byl vir die kap van die hout en 'n mes vir die afwerking van die voorwerp was die algemeenste werktuie. Die dissel (petlwana - Figuur 1.5) bestaan uit 'n kort houtsteel (ongeveer 200 - 300 mm lank), met 'n effense verdikking aan die een kant. Deur die verdikking word 'n gat gebrand waarin 'n lang, amper drie-hoekvormige lem van yster gemonteer word in so 'n posisie dat die lem dwars tot die steel is (met ander woorde, dit is nie soos die lem van 'n byl in lyn met die steel gemonteer nie). Die petlwana word hoofsaaklik gebruik vir die uithol en afwerking van voorwerpe. Verskillende soorte beitels was na bewering ook in die verlede gebruik, maar weens die feit dat dit vandag alles deur Westerse gereedskap vervang is, bestaan daar geen inligting meer oor hoe hierdie werktuie gelyk het nie.

Verskillende tegnieke word ook gebruik by die vervaardiging van houtvoorwerpe. Om 'n stuk hout uit te hol, byvoorbeeld vir die vervaardiging van 'n trom, is beesmis op die hout geplaas en aan die brand gestee. Dit het dan gaandeweg in die hout ingebrand. Die vordering is dopgehou sodat die voorwerp nie skeef uitbrand nie en die gat wat so gevorm word, is gereeld gekontroleer en met dissels en beitels reg gevorm. Las- en voegwerk het glad nie voorgekom nie.

Vandag word byle, sae, beitels, bore, skawe, klemme en ander gereed-

skap van Westerse oorsprong gebruik (Foto 3).

3. Vlegwerk (sien 6:1.2)

Die term 'vlegwerk' verwys na alle voorwerpe wat van gras, biesies en stroke hout gevleg word. Dit is nie 'n baie bevredigende term nie, aangesien dit ook byvoorbeeld die spiraaltegniek insluit, wat eerder met naaiwerk verbind kan word (Royal Anthropological Institute 1967:273). 'n Ander term wat soms in die literatuur gebruik word, is mandjiewerk. Dit is egter 'n nog meer onbevredigende term, aangesien voorwerpe soos matte en biersiwe, wat ook van plantaardige materiaal gevleg word, nie daaronder tuisgebring kan word nie. Die term 'vlegwerk' word dus gekies as die geskikste.

Vlegwerk kan beskou word as 'n gespesialiseerde tuisnywerheid en word deur mans sowel as vrouens beoefen. Mans is gewoonlik verantwoordelik vir die vleg van mandjies en die groot graanhouders, terwyl die vrouens die matte en die biersiwe maak.

3.1 Materiaal en gereedskap

'n Groot aantal plantsoorte word gebruik vir vlegwerk. Veral mogele letlwa-hout word baie algemeen gebruik in die vervaardiging van wandjies en rankplante soos tharahane, lebipi of mmatšhwatšhwa (sien Byvoegsel B) word gebruik óf vir die kern van spiraalmandjies, óf as bindmateriaal vir die vaswerk van bogenoemde tipe mandjies. Vir die vleg van matte en biersiwe word verskillende tipes biesies soos mohlahla en motolo gebruik. Gras word as kern gebruik vir die maak van die groot graanmandjie (sešego) en word met 'n boombas vasgewerk.

Die gereedskap wat gebruik word in die vervaardiging van mandjies en matte is eenvoudig van aard. 'n Mes word gebruik om die materiaal mee skoon te maak, dit in die regte lengte te sny en om takke in dun stroke te splits vir die vleg van die wandjie. 'n Elsvormige werktuig (morokola) word gebruik om die kernmateriaal van

die koniese mandjies te deurboor sodat die bindmateriaal deurge=steek kan word om dit volgens die spiraaltegniek vas te werk. Die morokola (Figuur 1.3) bestaan slegs uit 'n stukkie draad, met 'n skerp punt, wat in 'n houthandvatsel bevestig is. By die vleg van die groot graanmandjie word 'n deknaald (lehlabo - Figuur 1.4) ge=bruik in stede van die morokola. In die vervaardiging van slaap=matte (magogo) word 'n lang, dun stuk draad wat skerp is aan die een kant gebruik om die materiaal te deurboor sodat die tou deurge=ryg kan word. Dié naaldvormige voorwerp staan bekend as tšhwana. 'n Bak water word altyd byderhand gehou om die materiaal in te week sodat dit sag en plooibaar bly.

3.2 Tegnieke

3.2.1 Vlegwerk (plaited work): Die tegniek bestaan daaruit dat twee of meer elemente, skering en inslag (na analogie van weefwerk - Royal Anthropological Institute 1967:272-273), met mekaar gekruis word. Twee variasies van die tegniek word gebruik. In die eerste, bekend as keperwerk (twilled - Figuur 2.3), word elke inslag bo-oor twee of meer en dan weer onderdeur twee of meer skerings geneem. Die wanmandjie (leselo - Foto 4) en wandeksel (tshelwana) word volgens dié tegniek vervaardig. Die mandjie (manki) word volgens die ruittegniek gevleg (Figuur 2.2). Dit verskil van keperwerk in die sin dat die inslag bo-oor 'n enkele skering gaan en dan weer onderdeur 'n enkele skering. Die derde tegniek, die strengeltegniek (twined - Figuur 2.6), bestaan daaruit dat die inslagdrade alternatiewelik voor en agter om elke skering gaan, mekaar kruis, en dan weer om die volgende skering gaan. Die meelmatjie (sethebe - Foto 5) word volgens hierdie tegniek gemaak.

3.2.2 Spiraalwerk (coiled work): Soos genoem kan spiraalwerk eerder as naaiwerk beskou word en nie as vlegwerk nie. 'n Kern van een of ander aard word spiraalvormig gedraai en met 'n

tweede element aanmekaar gewerk. 'n Els (morokola) word gebruik om die gaatjie in die kern (skering) te maak waardeur die inslag gesteeek word. Twee variasies van die tegniek word onder die Molepo aangetref. Die eerste (Figuur 2.4) het 'n enkele element van eweredige dikte as kern (skering). Die inslag gaan elke keer oor 'n nuwe deel van die kern en dan terug, onder die vorige kern deur. Die tweede variasie (Figuur 2.1) het nie 'n soliede kern nie, maar gras wat in 'n spiraal gedraai word. Die inslag gaan ook nie elke keer oor 'n nuwe deel van die kern nie, maar daardeur en dan terug deur 'n deel van die kern net daaronder. Die koniese mandjie (seroto) word volgens eersgenoemde variasie gemaak en die graanhouer (sešego) volgens die tweede variasie. Die grootste verskil lê dus daarin dat in die eerste variasie daar van 'n soliede kern gebruik gemaak word, terwyl by die tweede 'n los kern gebruik word.

3.2.3 Matwerk: Slaapmatte (magogo) word gemaak deur biesies met 'n naald te deurboor en dit dan met tou aanmekaar vas te ryg (straight sewn technique). Verskillende kleure wol word soms in die mat ingewerk om daaraan meer kleur te gee. Die biersif (lehlotlo) word volgens die tegniek gemaak. Biesies (mohlahla) word gesplits en op die been gerol om dit rond te maak en word dan in 'n twee-string tou gerol. Die lehlotlo word aan die breë, oop kant, om 'n kern van gras begin. 'n Basistou, waaraan die mohlahla-toue vasgebind word, word om die bondel gras vasgemaak. Met behulp van 'n deknaald (lehlabo) word die tou al in die rondte deur die mohlahla-toue geryg, sodat daar elke keer een string aan die binnekant en een string aan die buitekant van die biersif is (Figuur 2.5) - met ander woorde, soortgelyk aan die strengeltegniek (3.2.1 bo). Die tou word dus spiraalvormig aangebring tot aan die onderkant van die sif, waar die mehlahla-toue aanmekaar geknoop word om die biersif af te eindig.

4. Tou (sien 5:2.1 & 7:1.2.2)

Onderskeid word gemaak tussen tou (thapo) en bindmateriaal (lenti). Die verskil lê daarin dat die materiaal vir eersgenoemde spesiaal voorberei word en dit dan tot tou gerol (Foto 6) of gevleg word, terwyl in laasgenoemde geval min of geen voorbereiding van die bindmateriaal gedoen word nie.

4.1. Tou (thapo)

Daar kan 'n verskeidenheid soorte tou aangedui word. Elke soort word uit 'n spesifieke tipe materiaal gemaak en vir 'n spesifieke doel gebruik.

4.1.1 Thapo ya thutse word gevleg van die blare van die thutse-plant.

Die blare word eers in water gekook en dan tot 'n sterk drie-stringtou gevleg. Hierdie tou word hoofsaaklik gebruik vir die vaswerk van die gras van 'n hut se dak, maar ook vir enige ander algemene bindwerk.

4.1.2 Lebabi bestaan uit die binnebas van die lebabi-boom. Dit word uitgeskil en in dun reepe geskeur, waarna dit sag gekou en op die been tot tou gerol word. Lebabi word algemeen gebruik vir die herstel van kalbasse wat gekraak het en die maak van slaapmatte en biersiwwe. Dit word die algemeenste van die verskillende toue van plantaardige oorsprong gebruik.

4.1.3 Mogaba word gemaak van die binne-bas van 'n knol aan die wortels van die mogaba-boom. Die bas word uitgeskeur, gekou en op die been tot tou gerol. Hierdie tipe tou word uiteensluitlik gebruik vir die maak van die legabe la mogaba, 'n tipe voorskort wat deur ongeïnisiëerde meisies gedra word. Thapo ya mogaba kan vir lang periodes gebêre word, maar moet dan eers weer gekou word om dit sag te maak voordat dit gebruik kan word.

4.1.4 Boetse: Die tou wat hiervan gemaak word, word, anders as in

die voorgenoemde gevalle, slegs gebruik vir die maak van die legabe la dithotho, die voorskort gedra deur geïnisieerde meisies. Dit word gemaak deur die middelrib (hoofnerf) van die groen blare van die boetse-plant uit te skeur en dit tot tou te rol.

4.2 Bindmateriaal (lenti)

Die binne-bas van verskillende bome, byvoorbeeld mooka en mošwana, word gebruik om die raamwerk van 'n hut se dak mee vas te maak. Dit word uitgeskeur uit die bas, opgerol terwyl dit nog nat is en gebêre tot dit gebruik gaan word. Voor dit gebruik word, word dit in water geweek, om dit sag en plooibaar te kry.

Bas van die mogwete-struik word gebruik om graanmandjies (dišego) mee te vervaardig. Waar die bas en nie die binne-bas nie, gebruik word, staan dit as lebota bekend.

4.3 Garing (lešika)

Seninggare is, behalwe rieme, een van die min bindmateriale wat nie van plantaardige materiaal afkomstig is nie. Veral rugsenings word vir die doel gebruik. Dit word gedroog en in fyn repies geskeur om te bêre. Vir gebruik word dit gekou en op die been tot 'n sterk gare gerol. Lešika word hoofsaaklik gebruik vir die vervaardiging van velkleding en kralewerk.

4.4 Rieme (mabja)

Dit word algemeen gebruik by die hantering van diere, byvoorbeeld beeste en donkies wat ingespan word. Dit dien ook as bindmateriaal as iets vasgemaak moet word en 'n baie sterk tou benodig word. Vir die vervaardiging van rieme, sien 5.3 onder.

4.5. Ander

Boditsi, sterthare van beeste of perde, word soms ook gebruik om tou van te maak soos byvoorbeeld vir die snaar van die bogie wat gebruik word om die botsorwana (musiekboog) (sien 8:1.2.2) te bespeel. Dit word ook gebruik as kern vir die maak van arm- en beenringe (maseka) (vergelyk 9.2 onder). Sisal word vandag al hoe meer gebruik en vervang in 'n groot mate die meeste van die bogenoemde tradisionele tipes tou.

Die vervaardiging van die verskillende tipes tou geskied gewoonlik in samehang met die doel waarvoor dit gebruik gaan word. Met ander woorde, seninggare word deur vrouens gemaak vir kralewerk. So ook maak hulle die tou van lebabi en boetse vir kleredrag. Mans maak die rieme aangesien hulle dit vir die beeste gebruik. 'n Vrou kan egter haar man help met die maak van die thutse wat gebruik gaan word vir die bou van 'n hut se dak.

5. Velbewerking (sien 7:1)

Die voorbereiding en brei van velle, asook die uitsny van die verlangde voorwerpe is hoofsaaklik die werk van die man, terwyl die vrou die finale afwerking doen en die versierings (kralewerk) aanbring.

Die tegniek vir die verwerking van velle is eenvoudig en kom in beginsel neer op die skoon- en sagmaak daarvan. Die tegniek om leer te looi was, sover vasgestel kon word, nooit beoefen nie.

5.1 Gereedskap

Die belangrikste werktuie by die verwerking van velle is die mes om die vel mee te sny en 'n petlwana, 'n disselvormige werktuig soortgelyk aan die wat gebruik word tydens houtbewerking (sien 2.2 bo). Trouens, daar word geen onderskeid gemaak tussen die petlwana wat vir houtwerk gebruik word en die wat vir velbewerking gebruik word nie. 'n Growwe klip (verweerde sandsteen) en droë aalwynblare word

gebruik om die vel mee skoon te skuur.

Ander voorwerpe wat gebruik word tydens velbewerking, is else (merokola), naalde (ditšhwana) en seninggare (mašika). Dit word alles saam gebêre in 'n elshouer (molaasika - Figuur 1.1). Die elshouer word vervaardig deur 'n stuk stam van die thutse-plant (ongeveer 325 mm lank) skoon te skraap en 'n snit, ongeveer die helfte van die deursnee van die stam in die lengte af te maak. Die voorwerp kan gevolglik soos 'n boek oopgevou word en word toegehou deur middel van 'n dun stuk riem wat spiraalgewys daarom gebind word. Die naalde, sening en ander stukkie s tou word binne-in gebêre, terwyl die else aan die bokant ingedruk word.

5.2 Die brei van velle

Die vel word direk na dit afgeslag is, met die haarkant na onder, op die grond oopgespalk. Kort houtpennetjies word deur die rand van die vel rondom die vel in die grond ingeslaan. Normaalweg word dit so, ongesout, gelaat om droog te word of tot die geleentheid voorkom, om dit te bewerk.

Voordat die harige vel gebrei word, word dit goed met louwater natgemaak. Dan word die stukkie vleis en vet wat nog daaraan vas sit met 'n petlwana afgeskraap. Daarna word dit met droë aalwynblare (veral die kante van die blare word gebruik aangsien dit baie dorings het) of 'n growwe klip skoon geskuur (Foto 7). Die vel word met die hande gewring om die oortollige water uit te kry, waarna dit 'n tydlank tussen die hande gebrei word om dit gedeeltelik sag te maak. Die volgende stap is om die vel met 'n pasta, gemaak van die fyngemaalde neute van die sade van die motšhidi-boom en beesharsings, te smeer. Die pasta dien om die vel te olie en verhoed dat dit heeltemal uitdroog tydens die breiproces. Die gesmeerde vel word vir 'n periode van vyf tot sewe dae gelaat, waarna dit met die hande sag gebrei word.

Indien die hare verwyder moet word, soos by die maak van rieme, word die vars geslagte vel opgerol en vir drie tot vier dae in die beeskraal begrawe of in water gelaat. Aangesien die eerste stadium van verrotting dan intree, kan die hare maklik met 'n petlwana afgeskraap word.

Die brei van kleiner velle soos bokvelle, vereis dieselfde prosedure vir die sagmaak as hierbo beskryf is, terwyl die heel kleinste tipes velle (byvoorbeeld die van meerkatte en dassies) bloot net met water natgemaak en met die hande sag gebrei word. In die geval van 'n groot vel (soos 'n beesvel) wat gebrei moet word, reël die man soms 'n werksparty (letšema) om hom met die brei daarvan te help.

5.3 Die brei van rieme

Rieme word op dieselfde wyse gebrei as waarop Blankes dit gedoen het (Foto 8). Die vel word onthaar deur dit in water te laat lê, uitgehaal en voor dit heeltemal uitdroog, word dit in reepe gesny. Die reepe word oor die tak van 'n boom gegooi en die punte word aan 'n boogvormige stuk hout, wat aan 'n swaar klip bevestig is, vasgemaak. 'n Lang stok word deur die opening tussen die klip en die boogvormige stuk hout gesteeek. Dit dien as hefboom waarmee die rieme opgewen word. As die paal uitgetrek word, loop die rieme af, waarna dit weer na die ander kant toe opgewen word. So word die proses herhaal tot die rieme sag is. Die bogenoemde pasta (5.2) word gedurig aan die rieme gesmeer om te verseker dat die rieme sag en plooibaar bly.

6. Been- en horingbewing (sien 6:1.5.2 & 8:4)

6.1. Been

Alhoewel been in die verlede moontlik baie meer gebruik is, word dit vandag byna nie meer gebruik nie. Slegs twee tipes fluite

wat van been gemaak word en 'n mes (lehlabo), vir die uitdop van morula-vrugte, word nog algemeen aangetref. In die gebruik van been was die natuurlike vorm van die been gebruik. Dit wil voorkom of daar geen spesiale tegnieke was om dit te verwerk nie.

6.2 Horing

Hornings word meesal gebruik vir die maak van musiekinstrumente, asook snuifdose en medisynehouers. Die gereedskap wat gebruik word by die vervaardiging van voorwerpe uit hierdie materiaal is 'n saag, 'n mes en 'n stuk yster om gate mee in te brand. Om die kern uit die horing te verwyder, veral uit 'n gedraaide horing, word dit herhaaldelik vol kookwater gegooi. Die kern word so saggemaak en kan dan maklik uitgetrek word.

Hornings word ook gebruik as deel van die gereedskap by die maak van 'n breë tipe krale-armband (sepatoga). Die kralewerk word om die horing gemaak (vandag word gewoonlik 'n bierbottel gebruik) om die regte vorm daaraan te gee. Horings was vermoedelik ook vroeër gebruik by ysterbewerking, waar dit deel van die blaasbalk gevorm het. 'n Afgeplatte stuk beeshoring word gebruik in die maak van draad arm- en beenringe (sien 9.2 onder). Horings word verder ook gebruik as houers vir medisyne en snuif.

7. Klipbewerking (sien 5:3.8 & 7:3-4)

Alhoewel die gebruik van klip baie uiteenlopend van aard is, word dit nie op groot skaal benut nie. Op 'n baie klein skaal word dit aangewend vir die maak van maalklippe en malers, vryfklippe vir die pleister van vloere of om potwerk mee te poleer. In die verlede was dit ook gebruik as hamers by die bewerking van yster, asook as 'n aambeeld waarop die smeewerk gedoen is. Dit was selfs ook vir kosmetiese doeleindes aangewend. So het vroue byvoorbeeld rooi-oker (letsoku) fyn gemaal, met vet gemeng en hul hare rooi gekleur of swart met behulp van chromiet (mohlaba). In laasgenoemde geval

word die klip verpoeier en die poeier word dan op die hare gestrooi.

Die algemeenste gebruik van klip is in die bou van mure soos lapa-mure, beeskrale en soms in messelwerk vir die bou van 'n hut. Die klip word egter baie min, indien enigsins, voorberei vir gebruik in mure.

Verskeie grondsoorte word ook gebruik, soos byvoorbeeld by die verf van mure en keramiese voorwerpe. Bruin, ligbruin, rooibruin, grys, wit en swart grond is veral geredelik beskikbaar en word as verf=stof aangewend (sien 5:4).

8. Keramiek (sien 6:1.4)

Slegs twee aktiewe pottebaksters is in die stamgebied woonagtig - die een is die skoondogter van die ander en het die tegniek by laasgenoemde geleer. Alle inligting aangaande die vervaardiging van keramiekware is gevolglik afkomstig van die één pottebakster. Die verskillende vervaardigingsmetodes toon groot ooreenstemming met die wat onder ander Noord-Sothostamme aangetref word. Die werk van Lawton (1967) is as kontrole gebruik.

Alhoewel houers van Westerse oorsprong algemeen in gebruik is, bly die aanvraag na die tradisionele keramiekware baie groot en kan die pottebaksters vandag nog geredelik al hul ware verkoop. Die aanvraag na keramiekware word aangevul deur pottebaksters onder die Koni van Dikgale wat net noord van die Molepo woonagtig is en van hulle ware in die gebied kom verhandel. Alle tipes voorwerpe wat onderskei word, is steeds in aanvraag, maar die grootste aanvraag is na voorwerpe wat verband hou met die brou en drink van bier, terwyl gespesialiseerde voorwerpe soos wasskottels en snuifmalers in kleiner aanvraag is.

8.1 Die pottebaksters

Die beoefening van die pottebakkerskuns is by uitstek die terrein van die vrou. Normaalweg word die tegniek van 'n moeder na 'n dogter oorgedra. Dit geskied op 'n informele grondslag - 'n dogter hou byvoorbeeld haar moeder geselskap terwyl laasgenoemde besig is met die vervaardiging van potte en sien die proses herhaaldelik. Mettertyd kan sy dan self besluit om die tegniek te beoefen. Die tegniek kan egter aan enige vrou wat belangstel geleer word.

Die pottebakster kan normaalweg nie al haar tyd aan die vervaardiging van keramiekware spandeer nie. Sy is byvoorbeeld ook verantwoordelik vir die bewerking en versorging van die landerye gedurende die somermaande. Hierbenewens is sy ook nog moeder en huisvrou met al die pligte wat daaruit voortvloei. Gevolglik word die vervaardiging van potte tussen al haar ander pligte ingepas, gewoonlik in die stiller tyd van die jaar as daar byvoorbeeld nie op die landerye gewerk hoef te word nie.

Die informant kan 'n hele aantal verbodsbepalings ten opsigte van die vervaardiging van keramiekware aandui en pas dit streng toe. So mag vrouens wat menstrueer nie in die hut ingaan waar die potte vervaardig word nie, aangesien daar geglo word dat dit sal veroorsaak dat die potte bars as dit gebak word. Daar mag ook nie met die vinger na 'n ongebakke pot gewys word nie - 'n aksie wat weer eens tot gevolg mag hê dat die voorwerp tydens die bakproses kan bars.

8.2 Materiaal en tegniek

Klei vir die vervaardiging van keramiekware is afkomstig vanaf 'n spesifieke plek in die walle van die Mphogodibarivier (Foto 9), wat deur die stamgebied vloei. Volgens dié informant is die plek lank reeds bekend vir sy goeie klei. Haar moeder, wat ook 'n pottebakster was, het op die spesifieke plek klei gekry, asook ander

pottebaksters wat in ander stamgebiede woonagtig is.

Groot hoeveelhede kleigrond word met 'n skoffelpik losgebreek en tuis in 'n ou drom of bierpot gestoor tot dit gebruik gaan word. Die voorbereiding van die kleigrond geskied deur dit met 'n vloer=slaner (pato) fyn te slaan, alle klippies en onsuierhede te ver=wyder en dit met water tot klei te brei. Geen ander grondstowwe word bygevoeg om die samestelling van die klei te verander nie.

Die pottebakster werk normaalweg plat op die grond. 'n Emaljebak of skottel (in die verlede 'n ou potskerf) dien as basis waarop die pot gemaak word. As dit 'n groot pot is wat gemaak word, word dit egter plat op die grond, op 'n skoon kol in die hut waar die pottebakkersaktiwiteite beoefen word, gedoen. In die eers=genoemde geval dien die skottel as draaiskyf en verleen 'n mate van beweegbaarheid aan die voorwerp wat gevorm word. Wanneer die pot egter op die grond gevorm word, kan dit nie beweeg word nie en moet die pottebakster daarom beweeg. Die vorming van die voorwerp word met die regterhand gedoen, terwyl die linkerhand aan die binnekant van die wand wat gevorm word, geplaas word om dit te ondersteun. 'n Skraper (thema), 'n ovaalvormige stuk kalbas, word gebruik om die klei mee af te werk en 'n gladde spoelklippie (thitelo) word gebruik om die oppervlakte mee te poleer. Die pot=tebakster het gewoonlik 'n verskeidenheid skrapers, spoelklippies en emaljeskottels wat gebruik word in die vervaardiging van potte van verskillende groottes.

Hoofsaaklik drie tegnieke word gebruik in die vervaardiging van keramiekware. Die eerste tegniek word aangewend vir alle sferiese potte, behalwe die heel grootste tipes (bier- en waterpote). 'n Bol klei word in 'n emaljeskottel geplaas en uitgehol om die basis van die pot te vorm (Foto 10). Dik kleiworse word dan gevorm en in lae bo-op die basis geplaas en ingewerk om 'n eenheid met die onderste klei te vorm. So word aanhoudend kleiworse bygevoeg en by die onderste lae ingewerk tot die hoogte van die nek bereik word.

Die lyf van die pot word dan gevorm. Die pottebakster werk met die skraper (thema) al in die rondte aan die binnekant van die pot en stoot die klei na buite. Sy maak seker dat elke spesifieke deel van die pot dieselfde afstand uitgedruk word om sodoende 'n simmetriese pot te verkry. Die binne- en buitekante word dan, in 'n opwaartse rigting, met die thema afgewerk om dit glad te maak en tot 'n eweredige dikte te vorm.

Die lip en die nek word gevorm deur dun kleiworsies al in die rondte by te voeg en dit met die thema af te werk (Foto 11). 'n Stukkie nat lap word oor die lip gevou en daaroor getrek om dit glad te maak. 'n Tafelmes (in die verlede 'n ribbebeen van 'n bees) word gebruik om die aansluiting tussen die lip en die skouer duidelik te vorm. Die pot is nou voltooi. Dit word 'n dag gelaat, toegemaak met 'n ou kombers, om 'n bietjie uit te droog, waarna dit met 'n spoelklippie aan die binne- en buitekante gepoleer word.

Vir die voltooiing van die bodem van die pot word dit uit die emaljeskottel gehaal en op sy bek, op 'n stuk kombers wat op 'n tweede skottel geplaas is, neergesit. Die deel van die pot wat op die skottel gerus het, word binne en buite afgewerk - eers met behulp van 'n thema en dan met die thitelo. Die pot is nou voltooi en word met 'n kombers toegegooi en in 'n hut gelaat vir 'n minimum periode van een maand om goed uit te droog voor dit gebak word.

Die tweede tegniek, dié vir die vervaardiging van groot potte, stem in hoofsaak ooreen met die bogenoemde beskrywing. Daar word egter nie op 'n skottel gewerk nie, maar plat op die grond. Groot, langwerpige stukke klei word in 'n sirkel op die grond geplaas. Met dié as basis word die res van die pot op dieselfde wyse as hierbo beskryf is, voltooi. Na die bekgedeelte voltooi is, word die pot omgekeer en word die bodem gevorm en afgewerk. Benewens die thitelo en thema word nog 'n werktuig gebruik, naamlik die vloerslaner (pato), om die regte ronding aan die pot te gee, veral na dit omgedraai is en op die bek neergesit is.

Die derde tegniek word gebruik vir die vervaardiging van bakke en deksels. Dit behels die modellering van die spesifieke voorwerpe uit een stuk klei. Die tegniek van afwerking bly egter dieselfde as hierbo.

8.3 Versierings

Die versiering van die keramiekware vind plaas nadat die boonste helfte voltooi is en 'n dag gelaat is om 'n bietjie uit te droog en bestaan uit twee elemente: die insnyding van 'n patroon en die aanbring van verskillende kleure.

Die insnyding (Foto 12) word gedoen met 'n pendoring, 'n stukkie gras, of 'n naald van draad. Die pottebakster is nooit onseker oor die spesifieke motief wat sy op die pot wil aanbring nie en toon groot vaardigheid daarmee. Indien die motief nie uitwerk nie, wat selde gebeur, vryf sy dit met 'n thitelo dood en begin weer.

Die kleurstowwe wat aangewend word, bestaan uit grafiet (phomo), 'n tipe rooi grond (mabu a mahwibidu) en wit kalk (motaga). Eersgenoemde twee kleure word tot poeier gemaal, met water gemeng en met die vinger aangesmeer, waarna dit gelaat word om droog te word en met 'n spoelklippie in die nat klei ingevryf word. Die kalk word net in die ingesnyde lyne aangebring, nadat die pot gebak is. Dit word eenvoudig aangewend deur die kalk, wat in die vorm van 'n klip is, hard oor die ingesnyde lyne te vryf en dan liggies met 'n klam lap af te veë om die oningesnyde dele skoon te maak.

Die verskillende tipes keramiekware word op verskillende wyses versier - sien 6:1.4 vir 'n gedetailleerde beskrywing daarvan. Kookpotte en die groot bierpote kry slegs 'n enkele ingesnyde lyn om die skouer, terwyl die deksel glad nie versier word nie. Die versiering van hierdie voorwerpe word eenvoudig gehou aangesien die roet van die kookvure dit sal bedek. Die groot bierpot word nooit in die openbaar gebruik nie en hoef gevolglik nie versier te

word nie. Water- en bierpotte word netjies versier deur die aanbring van ingesnyde lyne wat bande en boë vorm wat afwisselend met phomo en mabu a mahwibidu ingekleur word. Die verskillende bakke word die uitvoerigste van die keramiekware versier. Bande met insnydings, groot halfmaanvormige boë, driehoeke en reghoeke word aangebring in kombinasie met verskillende kleure.

8.4 Die bakproses

Volgens die pottebakster kan die potte slegs gebak word as die maan in 'n fase is waar dit groei, dit wil sê, na donkermaan. Dit dra daartoe by dat die potte lig van kleur sal bak en dat daar nie donker kolle, wat baie ongewens is, op die potte sal wees nie.

Die 'oond' waarin die potte gebak word, bestaan uit 'n vlak holte in die grond. Die deursnee en diepte daarvan hang af van die grootte en hoeveelheid potte wat gebak gaan word - ongeveer 2 meter in deursnee en 500 mm diep. 'n Laag droë beesmis word in die holte gegooi en die potte word daarop gepak - grotes in die middel en kleineres aan die buitekant, almal met hul openinge na bo. Die potte word daarna toegepak met stukke hout en bo-op die hout word daar weer beesmis geplaas, waarna daar gras en koringstoppels bo-op geplaas word. Laasgenoemde materiaal word eerste aan die brand gestee. Die vuur brand van bo na onder en gee 'n egalige verspreiding van hitte (Foto 13).

Die vuur word deurentyd dopgehou en waar dit te vinnig uitbrand, word nog hout bygevoeg. 'n Halfuur na die vuur die eerste keer aangesteek is, word daar nie meer hout bygevoeg nie en word die vuur gelaat om uit te brand. Na ongeveer een uur is dit nog net kole wat smeul en word die potte met 'n lang stok uitgelig en eenkant gelaat om af te koel.

8.5 Die digmaak van nuwe potte

Alle nuwe potte is poreus en moet, voor dit gebruik word, eers behandel word. Met waterpotte is dit nie nodig nie, aangesien die verdamping die water koel hou. Kookpotte en bierpotte wat lek word behandel deur sorghumbier in te gooi en die potte 'n ruk lank te laat. Die bier seël die potte van binne-af. Kookpotte word deur herhaalde gebruik dig, eweneens weens die roet van die vuur aan die buitekant en die aksie van die voedsel aan die binnekant.

9. Metaalbewerking

9.1 Ysterbewerking

Hierdie industrie kom vandag glad nie meer voor nie. Dat dit wel in die verlede in die omgewing beoefen was, blyk uit die groot aantal terreine waarop ysterslak voorkom en wat in die stamgebied aangetref word. Of die terreine spesifiek met die Molepo verbind kan word, is moeilik om te bepaal.

Volgens informante het die Molepo nie self yster gesmelt en bewerk nie, maar was dit gedoen deur die Ndebelesprekende vasalle woonagtig in die gebied. Enkele van die smeltterreine word dan ook spesifiek aan die Ndebele toegeskryf.

Volgens oorlewering sou die ysterbewerkers hulle erts vanaf Phalaborwa verkry het en dit in die gebied kom smelt het. Daar word ook beweer dat hulle klaar vervaardigde items soos skoffelpikke in die Phalaborwa-omgewing verruil het en dit na die Molepogebied gebring het. Scully (1978:253) beweer dat die Phalaborwa self in die omgewing van Pietersburg skoffelpikke en ander voorwerpe gaan verhandel het. Die voorwerpe wat die Ndebele gemaak het of wat die Phalaborwa verhandel het, het hulle aan die Molepo vir ander produkte verruil.

'n Ander bron vir die verkryging van erts is reeds in Hoofstuk 2:2.4 gemeld. Alhoewel dit nie deur die informante genoem is nie, is dit, vanweë die geografiese ligging daarvan belangrik om dit in gedagte te

hou.

Tans word daar nog in 'n mate yster verwerk deurdat ou motor= vere, vyle en ander yster omskep word in dissellemme, beitels en ander gereedskap wat byvoorbeeld in houtbewerking aangewend word.

9.2. Draadwerk

Hier gaan dit oor die vervaardiging van arm- en beenringe van draad, maseka, wat in groot hoeveelhede deur vrouens gedra was (sien 7:2.3.5). Die tegniek was beoefen deur spesialis-vervaardigers. Betaling het gewoonlik behels dat 'n man onderneem om vir 'n vrou 'n aantal ringe te maak teen vergoeding van 'n hoeveelheid graan, of 'n hoeveelheid werk (skoffelwerk) deur die vrou in die man se lande=rye.

Die tegniek bestaan daaruit dat 'n kern van die hare van 'n bees se stertkwas (boditsi - sien 4.5 bo) gemaak word en dan met dun draad toegedraai word. Die draad word tans in winkels gekoop, maar was vermoedelik in die verlede self getrek. Om die proses te ver=gemaklik word die draad deur 'n gleufie in 'n stuk hout gesteek na=dat die draad 'n paar maal om die kern gedraai is. Die kern word nou op 'n plank geplaas en 'n beeshoring, wat aan die een kant plat afgewerk is, word deur die ring gesteek en op die stuk opgewende draad geplaas. Deur die horing ferm en behendig in die rigting van die werker te trek, word die kern in die rondte gedraai en rol die draad dus op (Foto 14). Deurdat die draad deur die stukkie hout beweeg kan dit goed gestuur word om sodoende sekuur en netjies op te rol.

'n Verdere variasie op die maseka, wat ook bekend is as maseka, word gemaak deur die eersgenoemde ring dan verder toe te draai met koper=draad (wat driehoekvormig vertoon in deursnee). 'n Dik, harde ring word op hierdie wyse gekry.

10. Kralewerk (sien 7:2)

In hierdie afdeling gaan dit oor die wyse waarop krale gestring of bymekaar gevoeg word om versierings van een of ander aard te vorm.

Die tegnieke waarvolgens kralewerk gedoen word het, ten spyte van die feit dat dit 'n baie wye verspreiding het en 'n omvattende industrie is, nog min aandag in die Suid-Afrikaanse etnografie ontvang. Die onderstaande beskrywing berus op 'n ontleding van die verskillende voorwerpe wat onder die Molepo aangetref word; die terminologie wat daarvoor aangewend word, is ontleen uit Orchard (1975) se studie van die kralewerk van die Amerikaanse Indiane en is in Afrikaans vertaal.

10.1 Die vervaardigers

Kralewerk is uitsluitlik die werk van die vrou (Foto 15). Die man is verantwoordelik vir die sagmaak en uitsny van velkleding. Dit is daarna die werk van die vrou om dit met krale te versier. Die tegnieke word aangeleer van 'n moeder, 'n ouer suster of 'n vriendin. Vandag word dit ook in kunsvlyt op skool geleer. Soms sal klein seuntjies en dogtertjies verskillende sade inryg en dit om hul nekke hang. Al 'n man se sierade word deur sy vrou vir hom gemaak.

10.2 Materiaal en gereedskap

Seninggare word verkies vir die vervaardiging van kralevoorwerpe, alhoewel katoengare en sisal soms as plaasvervangers dien. Die enigste gereedskap wat nodig is vir kralewerk, is 'n naald wat gebruik word om die krale te ryg. Indien seninggare gebruik word, word die punt van die gare nat gemaak en gedraai om 'n harde punt te vorm en is die naald onnodig. Om krale op 'n oppervlakte aan te bring, is 'n naald (tšhwana) of els (morokola) egter nodig. Die dorings van die mohlono-boom was byvoorbeeld vir hierdie doel gebruik.

Aanvanklik was verskillende sade, stukkies hout en stukkies yster=
varkpen as krale gebruik. Baie min daarvan word vandag nog gebruik
en dan ook meerendeels slegs vir een of ander medisinale doel.
Klein koperkraletjies (dithotho) was in die verlede self gemaak of
geruil van ander stamme en was veral gebruik vir die versiering van
kleredrag.

Die voorkoms van glaskrale het 'n baie lang geskiedenis in suidelike
Afrika (vergelyk byvoorbeeld Schofield 1938, Du Toit 1961, Van der
Sleen 1967). Daar word hier volstaan met die aanduiding dat die
aanvanklike bronne met verloop van tyd gewissel het en gevolglik het
die beskikbaarheid van die verskillende tipes krale ook gevarieer.
Die vroeë tipes krale was meerendeels silindervormige krale (cane
beads), veral geel, blou, swart en rooi-bruin kleure het voorgekom
(vergelyk Schofield 1938:355-359). Van dié tipes krale word enkele
voorbeelde nog as familie-erfstukke of in amulette by die Molepo aange=
tref. Meer resent word veral bolvormige krale (seed beads) aange=
tref wat aanvanklik in klein groottes gewild was (nommer 0, ongeveer
1,5 mm en kleiner in deursnee). Dit het egter plek gemaak vir die
kontemporêre groottes wat heelwat groter is (nommer 3, ongeveer 3 mm
in deursnee). Die kleiner tipe bly egter die gewildste, maar is
vandag heeltemal onverkrygbaar. Die kleure wat verkies word, is
wit (ye tshweu), rooi (madi-amalaeta), ligblou (ye tshela) en
donkerblou (mollwa), terwyl kleure soos groen (lehlotšana) en oranje
(lerotse) begin veld wen, grootliks vanweë die skaarsheid van die
eersgenoemde kleure. Die groot plastiekkrale (queen beads) word
vandag ook al meer gebruik, moontlik vanweë die feit dat dit meer
geredelik beskikbaar is en ook omdat dit goedkoper is as die glas=
krale.

10.3 Tegnieke

Die heel eenvoudigste wyse waarop kralewerk vervaardig word, is bloot
deur dit in te ryg. Die kleure kan na gelang van smaak gewissel
word, of verskillende stringe kan deur middel van gare, knope

of stukkies leer aanmekaar geheg word.

10.3.1 Tegnieke vir die bedekking van oppervlaktes met krale: Die eenvoudigste en algemeenste tegniek vir die bedekking van oppervlaktes met krale is om stringe krale om 'n kern te draai. Die kern bestaan gewoonlik uit die blare van die thutse-plant of stingels van die mohlahla-biesies wat ringvormig vasgebind word. In laasgenoemde geval word die mohlahla-biesies gesplits en op die been gerol om 'n tou te vorm. Deur die kleure van die krale af te wissel, is dit moontlik om eenvoudige geometriese patrone - reghoeke en diamante - te vorm. Die krale word nie aangebring deur een lang string om te draai nie, maar drie of vier stringe word gelyktydig omgedraai, elk met genoeg krale van 'n spesifieke kleur daarop om die verlangde motief te vorm.

'n Tegniek vir die bedekking van groot oppervlaktes met krale is die sogenaamde kanthechting (lazy stitch - Orchard 1975:151) (Figuur 3.1). Hiervolgens word krale aangewend in 'n aantal digte, parallelle rye wat slegs op die punte vas is aan die basismateriaal. Die hoeveelheid krale wat in die rye gebruik word, asook die kleure, kan afgewissel word, so ook die rigting waarin dit aangebring word. Op hierdie manier is dit moontlik om verskeie geometriese patrone te vorm - veral driehoeke, reghoeke en diamantpatrone. Dié tegniek word veral op die agterskorte gebruik om versierings aan te bring.

'n Minder algemene variasie van die voorafgaande tegniek is bekend as middelhegting (spot stitching - Orchard 1975: 151) (Figuur 3.3). Anders as by die voorgenoemde tegniek, word nie noodwendig reguit rye gevorm nie, maar sirkels en boë. Die stringe krale word aan die basismateriaal vasgeheg slegs waar dit nodig is sodat die patroon wat uitgelê word sy vorm behou. Dit word ook veral as versierings

tegniek op die agterskorte gebruik. In 'n enkel ry kan dit gebruik word om krale as soom al om die rand van die agterskort vas te werk.

10.3.2 Maas- of ruittegniek (Figuur 3.2): die tegniek word veral gebruik vir die vervaardiging van halssierade of vir die aanbring van kralewerk op gordels, voorskorte en so meer. Die beginsel waarop die tegniek berus is dat 'n kraal of krale as knoop dien. Beginnende met 'n basis, gewoonlik 'n stuk tou of gare, word stringe gare daaroor gevou om 'n dubbele string te vorm. 'n Kraal of krale word dan aan elke dubbele string ingeryg en opgestoot tot teen die basis. Die gare word dan van mekaar geskei en 'n paar krale op elk ingeryg. Op die stadium word die naaste gare van elke naburige dubbel paar met 'n kraal bymekaar gebring. Dit word dan weer geskei, 'n aantal krale ingeryg en die oorspronklike twee stringe weer bymekaar gebring en met 'n kraal vasgehou. Op hierdie wyse word klein diamantvormige patroontjies gevorm. Deur die kleure van die krale te wissel kan verdere patrone gevorm word. Deur slegs 'n enkele kraal elke keer in te ryg, word daar 'n geweeftde voorkoms verkry eerder as 'n maas- of ruitpatroon.

10.3.3 Geweeftde kralewerk (Figuur 3.4): onder die term moet in gedagte gehou word dat dit nie weef in die ware sin van die woord is nie, aangesien dit nie op 'n weefstoel gedoen word nie. Die resultaat is egter soortgelyk. Veral sierade word met behulp van die tegniek gemaak.

Kralewerk van hierdie aard word altyd aan 'n basis (tou, draad, vel) begin. 'n Stuk gare word geneem en deur 'n kraal gestee en gaan dan oor of deur die basis en terug deur dieselfde kraal en dan horisontaal verder na die volgende kraal wat op dieselfde wyse geryg word. Die stap word herhaal tot die verlangde breedte verkry is. Die

daaropvolgende rye word op dieselfde wyse gedoen, behalwe dat die gare wat van kraal na kraal gaan in die boonste ry nou as basis dien. Op die wyse word 'n baie diggeweefde stuk kralewerk verkry. Die lengte van die voorwerp word bepaal deur die spesifieke doel waarvoor dit gebruik gaan word. Deur die kleure van die krale te wissel kan 'n groot verskeidenheid motiewe geskep word.

- 10.3.4 Soomwerk (Figuur 3.5): baie voorwerpe het 'n soom van krale, alhoewel die oppervlakte van die kledingstuk nie noodwendig versier hoef te wees nie. Een wyse waarop die krale aangebring kan word is die reeds genoemde middelhegting (spot stitching) (10.3.1 bo). 'n Ander metode is waar die gare deur die kraal gaan, deur die basis en terug deur dieselfde kraal geryg word. Twee krale word dan ingeryg waarna die gare deur die basis gaan en terug, deur die laaste van die twee ingerygde krale. Op hierdie wyse word die krale in alternatiewe posisies aangebring, een horisontaal en een vertikaal tot die basis. Hierdie tegniek word veral gebruik om randversierings op agterskorte aan te bring.

Die benutting van die verskillende bogenoemde tegnieke word volledig in Hoofstuk 7 behandel waar dit gaan oor die verskillende krale= sierade en kleredrag.

11. Vuur

11.1 Vuurmaak

Tradisioneel het die Molepo vuurstokke (ditshega - Figuur 1.6) gebruik vir die maak van vuur. Die ditshega bestaan uit twee dele: 'n onderste, breë stukkie hout, bekend as tshadi (vrou), van moumo-hout waarin 'n klein holtetjie gemaak word, met 'n klein kepie wat langs die een kant van die houtjie afloop. Die boor, bekend as pholwana (bulletjie), is ongeveer 400 mm lank en word van mphahla-

hout gemaak. Om vuur te boor word die tshadi op fyn gras of beesmis geplaas en die boor word in die gaatjie geplaas en dan vinnig tussen die hande gevryf terwyl daar 'n afwaartse drukking op die boor uitgeoefen word. Om die wrywing te verhoog word daar 'n bietjie sand in die holtetjie gegooi. Deur die booraksie word fyn stukkie houtsaagsels afgeskuur, wat in die gleufie afloop en op die tontelmateriaal val. Die wrywing verhoog die temperatuur en die saagsels word warm, begin smeul en as dit op die tontelmateriaal val, begin dit brand, veral as die aangehelp word deur daarop te blaas.

Die tonteldoos, oorgeneem by die Blankes en later vuurhoutjies, het die vuurstokke tans heeltemal vervang. Laasgenoemde word deesdae slegs vir seremoniële doeleindes gebruik soos tydens die stamskool of as 'n nuwe kapteinsvrou getrou word en 'n nuwe vuur in haar lapa geboor moet word.

11.2 Brandmateriaal

Enige hout word as brandmateriaal gebruik. Dit is dan ook die vrou se taak om die brandmateriaal te versamel, alhoewel 'n man tog 'n stuk hout sal optel indien hy dit in die veld teëkom. Weens 'n tekort aan genoegsame hout word beesmis in 'n hoë, byekorfvormige hoop gepak (Foto 16). Dit staan gewoonlik op 'n basis van klip en pale en word glad gepleister aan die buitekante sodat water maklik kan afloop.

11.3 Die vuurherd (sebešo) (sien 5:5.7)

Twee vuurherde word in die huishouding aangetref. Die eerste is in die kgoro waar die mans altyd sit en die tweede is in die kookhut waar die vrou kos kook. In die kgoro sal dit soms omring wees met klippe, terwyl dit in die kookhut 'n ronde holte (ongeveer 500 mm in deursnee), na regs van die deuropening, in die vloer is. In laasgenoemde geval word dit netjies uitgepleister en 'n lae rand

word daarom gebou. In die verlede was drie klippe gebruik om die potte te stut as daar gekook word, maar vandag word 'n yster drievoet gebruik.

11.4 Gebruik

Benewens die kook van kos en verhitting in die winter, was die gebruik van vuur baie uiteenlopend van aard. So is dit byvoorbeeld gebruik in die bak van keramiekware, die smelt van yster en die smee van metaalvoorwerpe. Dit het ook gedien vir die verskaffing van lig - 'n droë stuk bobbejaanstert (thutse) is aan die brand gestee en het as fakkel gedien.

12. Kalender van aktiwiteite

Die beoefening van die aktiwiteite, soos hierbo uiteengesit, word in 'n groot mate bepaal deur die verloop van die landbouseisoen. Vanaf planttyd (ongeveer November, na die eerste groot reëns), tot met die tyd wat die oes ingebring is (ongeveer Junie), word die grootste deel van die dag, veral die van die vrou, gespandeer aan die een of ander aspek van die landbou - plant, skoffel, oppas van die graan, die insameling en dors van die oes. 'n Mens kan dus verwag dat die vrou haar tot die produksie van tegniese skeppinge sal wend in die tyd (winter en vroeë lente) wat sy nie so aktief by die landbou betrek is nie. In hierdie tyd spandeer die vrou haar kragte dan aan die maak van keramiekware, matte, mandjies en kralewerk.

Die mans, wat nie so aktief by die landbou betrokke is nie, het meer vrye tyd tot hulle beskikking en kan hulle hul aktiwiteite, byvoorbeeld hout- en velbewerking, die grootste deel van die jaar beoefen. Terwyl die dogters hul moeders behulpsaam is op die landerye, pas die seun die vee op. Hierin word hulle gedurig dopgehou deur die mans.

In die periode na die oes in is en voedsel weer volop is, word die wooneenhede weer opgeknep en versier. Hierdie is 'n baie gemoede=like tyd en die voltrekking van huwelike en ander sosiale aange=leenthede, soos bierpartye, vind gereeld plaas. Die vrouens kry die geleentheid om vir hulself nuwe klere en sierade te maak, wat hulle dan na hierdie feesgeleentheid toe aantrek. Die mans word verder ook, in hierdie tyd, besig gehou met die inisiëring van die jong seuns. Dit vereis sekere aktiwiteite van hulle kant, soos die bou van 'n inisiasieruimte en die maak van vel- of graskleding wat tydens die inisiasie gebruik gaan word.

13. Samevatting

Vier faktore is aangedui wat 'n invloed kan hê op die produsering van tradisionele tegniese skeppinge.

Die eerste hiervan is die aanwesigheid van die nodige kennis. Weens die snelle vermindering in aanvraag na tradisionele voorwerpe, word die kennis daaromtrent nie oorgedra nie. Gekoppel hieraan is die tweede faktor, naamlik die beskikbaarheid van genoegsame arbeid. 'n Groot deel van die bevolking, wat onder tradisionele omstandig=hede verantwoordelik sou wees vir die produsering van die tegniese skeppinge, is nie meer daarby betrokke nie. Weens 'n verandering van 'n blote bestaansekonomie na 'n geldeconomie, beweeg hierdie mense na die stede en dorpe waar hulle gaan werk. Hier kom hulle op groot skaal met Westerse tegnologie en voorwerpe in aanraking en die tradisionele word baie vinnig in ruil daarvoor afgesterf. Soms, soos in die geval van kleredrag, word dit as vereiste gestel dat die tradisionele agterweë gelaat word. Aangesien dit meeren=deels mans is wat die stamgebied verlaat, is dit dan ook die voor=werpe waarvoor hulle verantwoordelik is wat die gouste verdwyn, terwyl dit wat die vrouens maak tot op 'n sekere hoogte nog voort=bestaan. Dit is interessant dat vrouens van hierdie tradisionele manswerk, byvoorbeeld bouwerk oorneem en die nodige artikels self maak.

Die derde faktor wat uitgewys is, is die beskikbaarheid van grondstowwe. Ondanks grootskaalse ontbossing vir die maak van landerye en die gevolge van oorbeweiding, is daar nog 'n redelike hoeveelheid plantmateriaal beskikbaar vir die maak van matte, biersiwwe en mandjies. Tog vind 'n mens die tendens dat daar na die Blanke plase gegaan word om van hierdie materiale in te samel, aangesien dit in groter hoeveelhede daar voorkom. In ander gevalle, byvoorbeeld ystererts, is die grondstof nog beskikbaar, maar weens die moeilike produksie daarvan onder tradisionele omstandighede, en die gereedlike beskikbaarheid van Westerse plaasvervangers, word die tegnieke nie meer beoefen nie. In gevalle waar die nodige tegniese kennis beskikbaar is en die aanvraag na die betrokke artikels wel bestaan, is daar noodgedwonge sekere maatreëls wat die voortsetting van die tegniek verhoed. 'n Mens dink byvoorbeeld aan houtbewerking, wat baie ingeperk word weens 'n (baie verstaanbare) verbod op die kap van bome.

Die vierde produksiefaktor wat uitgewys is, is die bestaan van sekere seremoniële verbodsbepalings. Hierdie faktor moet egter gesien word as 'n kulturele gegewe en is nie iets wat in resente tye weens verwestersing of ander faktore ontstaan het nie. In die breë gesien is hierdie verbodsbepalings baie positief, aangesien dit daarop ingestel is om 'n beter eindproduk daar te stel. 'n Mens dink aan die verbod op die pluk van plantemateriaal in die somer, die bak van die potte slegs 'n sekere tyd van die maand en so meer.

Nieteenstaande die werking van hierdie bogenoemde faktore, word die tradisionele vervaardigingsmetodes van die Molepo, met enkele uitsonderings, nog in 'n mindere of meerdere mate beoefen.

Alhoewel daar 'n beperking bestaan op die benutting van hout, is hierdie 'n industrie wat nog redelik algemeen voorkom. Die grootste gevolg is egter op die vlak van die voorkoms van die verskeidenheid houtvoorwerpe wat gemaak word. Voorwerpe wat min hout benodig,

soos lepels en roerstokke, kom nog algemeen voor, teenoor tromme en stampblokke, wat glad nie meer gemaak word nie.

Alhoewel mandjies en matte, as die resultaat van vlegwerk, nog voorkom, word dit in resente tye al meer en meer vervang deur Westerse voorwerpe soos goiingsakke, plastiek- en emaljeware.

Die verskillende tipes toue word sommige in 'n mindere, ander weer in 'n meerdere mate, vervaardig. Dit kan gesien word as direk eweredig tot die aanvraag na die eindproduk. So word thapo ya thutse nog algemeen aangewend in die bou van die dakke van hutte. Hierteenoor word die tou wat gebruik word in die vervaardiging van magabe (voorskorte), nie meer vervaardig nie, aangesien daar nie 'n aanvraag na die tradisionele voorskorte vir meisies is nie.

Velbewerking kom in 'n baie beperkte mate nog voor. In gevalle waar dit wel bewerk word, is dit nie vir tradisionele doeleindes nie, maar kommersieël in die sin dat diemans dit op Blanke aanvraag doen.

Die verwerking van been en horing kom amper glad nie meer voor nie. Hierdie twee materiale het 'n beperkte aanwending gehad en was gebruik vir die vervaardiging van gespesialiseerde voorwerpe wat min in getal voorgekom het.

Soos die voorgenoemde het klipbewerking nooit groot omvang aange= neem nie en kom dit vandag al hoe minder voor.

Die interessantheid in die produksie van keramiek is dat die aanvraag daarna nog groot is, maar weinig stamlede lê hulle daarop toe. Die verbruikers is egter tevrede om die voorwerpe uit ander stamme oor te neem. Hierdie is ook die tegniek wat seker die mees tradisioneelste van almal gebly het. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat daar nie plaasvervangers vir die tegniek is wat maklik daarvoor aangebied kan word nie.

Die beoefening van ysterbewerking het heeltemal uitgesterf. Dat dit wel in die gebied beoefen was, blyk uit die smelatterreine wat in die stamgebied opgespoor is. Of hierdie terreine egter met die Molepo verbind kan word, is nie duidelik nie.

Kralewerk is tans seker die industrie wat nog die algemeenste onder vrouens beoefen word. Dit moet toegeskryf word aan die ongespesialiseerdheid daarvan en die rol wat sierade nog in die samelewing speel (sien Hoofstuk 7).

Die gebruik van vuur is vandag hoofsaaklik nog net beperk tot die voorbereiding van voedsel. Slegs in die bak van keramiekware word dit nog as deel van die vervaardigingsmetode aangewend.

HOOFSTUK 4

TRADISIONELE BESTAANSAKTIWITEITE

Die Molepo het vroeër, net soos die res van die Suidoos-Bantoe, 'n eenvoudige bestaansekonomie beoefen wat op vier ekonomiese komponente berus, naamlik landbou, veeteelt, jag en versameling. Die landbou het die hoof element in die voorsiening van voedsel gevorm. Hierteenoor het die verskillende tipes vee nie net voedsel opgelewer nie, maar ook belangrike neweprodukte soos velle, horings en senings. Hierbenewens was vee, veral beeste, ook gesien as 'n belangrike bron van rykdom en die besit daarvan was die middel waardeur 'n man sy status kon verhoog. Die ander twee ekonomiese vertakkinge, te wete jag en versameling, het meereendeels slegs aanvullend tot die eerste twee gefunksioneer en was 'n handige bron waarop in tye van skaarste teruggeval kon word.

Binne die moontlikhede wat hierdie vier ekonomiese komponente gebied het, was elke gesinseenheid grootliks 'n selfstandige en selfversorgende eenheid. Die gesin was op sy eie arbeid en besittings aangewese vir die produsering van genoegsame voedsel en die vervaardiging van artikels wat algemeen in gebruik was. Die uitsondering hierop was egter produkte van 'n meer gespesialiseerde aard soos metaalvoorwerpe, keramiekware en glaskrale.

Laasgenoemde reeks voorwerpe was gewoonlik geruil by spesialisvervaardigers. Hierdie ruilhandel was gebaseer op oorproduksie in een van die genoemde vier ekonomiese komponente, byvoorbeeld graan in ruil vir keramiekware. Benewens hierdie interne handel tussen stamlede onderling was daar ook nog eksterne handel tussen lede van verskillende stamme, byvoorbeeld vir die verkryging van metaalvoorwerpe.

1. Landbou

Soos reeds genoem, was die landbou die belangrikste ekonomiese aktiwiteit en was dit in hoofsaak gerig op die verkryging van voedsel.

Die grond behoort aan die stam as geheel, maar word deur die kaptein en sy hoofmanne geadministreer en aan individue, wat dan die gebruikereg daarvan het, toegeken. Elke hoof van 'n huishouding verdeel dan weer sy stuk grond onder sy verskillende vrouens sodat elk grond het om in haar behoeftes te voorsien. Uit die opbrengs van hierdie land moet elke vrou haar gesin onderhou.

1.1 Voorbereiding, plant en bewerking van die landerye

Nadat 'n stuk grond aan 'n man vir landerye toegeken is, is dit sy taak om dit te ontbos en te braak. Met 'n byl word al die struikgewasse afgekap en word dit saam met veral doringtakke, na die grense van die land gedra om in 'n heining gepak te word. Groot bome se takke word afgekap en gras en takke word onder die stam gepak en aan die brand gestee. Sodoende kan die stomp later na herhaalde verbranding maklik uit die grond gehaal word. In die verlede was dit nie van belang om al die stompe te verwyder nie, maar vandag waar dit met trekkers geploeg word, is dit essensieel. Enkele groot bome, veral wilde vrugte, word gelaat om as skaduwee te dien en ook vir die vrugte wat dit oplewer. Dit is geen ongewone gesig om 'n vrou in haar land te sien besig om morula-bier te maak nie.

Hier hou die landboukundige pligte van die man in hoofsaak op. Die plant en skoffelwerk, asook die insameling van die oes, val grootliks op die skouers van die vrou. Sy mag 'n werksparty (lets^vema) reël om haar te help met haar pligte. 'n Vrouensregiment (mphato) word deur die kaptein se moeder opgeroep om die landerye van die kaptein te skoffel (botogo). Na afloop van die skoffelsessie dans die vrouens deur die stat en besoek die vrouens wat nie opgedaag het nie en wat wel daar moes gewees het. Indien so 'n vrou

nie 'n geldige verskoning het nie, word sy gestraf deurdad die ander vroue die lapa-mure van haar wooneenheid omstamp of die lapa-vloere met skoffelpikke stukkend kap. In die verlede het die vrouens ook die thetho ya letloko (voorskort gedra deur getroude vrouens wat al kinders het - sien 7:1.3.1.2) aangetrek as hulle na die botogo gaan om aan te dui dat hulle vrouens en nie meer kinders is nie.

Die hoof landbou-implement was die skoffelpik. Dit het bestaan uit 'n bladvormige lem wat in 'n skag uitloop, wat dan in 'n hout=steel, ongeveer 1 200 mm lank, ingebrand word. Verskillende vorme skoffelpiklemme is aangetref (Figuur 10). Twee verklarings, elk wat moontlik deel van die oplossing is, is by informante en die literatuur aangetref: (i) die verskillende vorms mag dalk toegeskryf word aan verskillende bronne van herkoms, byvoorbeeld 'n Tswanatipe teenoor 'n Vendatipe (byvoorbeeld Figuur 10.3); en (ii) die skoffelpikke mag ook verskillende funksies hê en gevolglik verskillend lyk, byvoorbeeld 'n swaar pik om die land diep mee om te kap as daar gesaai gaan word en 'n ligte pik om mee te skoffel (vergelyk Van Zyl 1972:75-76).

Voor daar op 'n nuwe land gesaai word, word dit eers magies deur 'n kragdokter behandel. Dit kom in kort daarop neer dat hy houtpenne, wat met medisyne behandel is, op die hoeke van die land inslaan. Hierdie behandeling verseker dat die gesaaides nie kwaadwillig deur iemand skade aangedoen kan word nie.

Die wyse van plant word deur die spesifieke produkte bepaal. Eerstens word die saad oor die land gestrooi en dan met 'n skoffelpik ingeploeg - nie die hele land word op 'n keer geplant nie, want dan moet die hele land tydens een geleentheid geskoffel word. In stede daarvan word dit stuk vir stuk gedoen. Hierdie wyse van plant word veral gebruik vir die saai van die verskillende graansoorte. In die tweede geval word 'n paar sade in 'n klein gaatjie, gemaak met 'n skoffelpik, gegooi en dan weer toegemaak.

Veral soetriet en bone word volgens hierdie wyse geplant. Die landerye word slegs een maal geskoffel, kort nadat die sorghum opgekrom het. Indien dit egter nodig blyk, sal 'n vrou 'n tweede keer skoffel.

Sodra die graan begin ryp word, is dit die taak van die vrou om met die hulp van haar kinders, dit op te pas en die voëls weg te hou. Indien daar nie 'n koelteboom naby is nie, word 'n klein skuilingstjie (mokutwana - sien 5:9.2) gebou waaronder hulle sit. Die voëls word verwilder deur op hulle te skreeu, of met klippe te gooi, veral met die hulp van 'n slingervel (seragamabje - sien 9:1.2.4) en die rekker (seraga - sien 11:1.4).

Die landbou van die Molepo was omweef met verskillende rites wat daarop gemik was om die sukses van die landbou-aktiwiteite te verseker. 'n Reënseremonie word aan die begin van die landbou-seisoen gehou om reën te verseker. Na die eerste reëns geval het, word daar 'n seremonie gehou om die saad voor te berei. Dit word magies behandel en dan word die landerye van die stamhoof daarmee geplant, alvorens enige van die ander lande geplant mag word. 'n Fees van die eerste vrugte was ook gehou voordat daar enige van die produkte van die landerye genuttig kon word.

1.2 Tipes gewasse wat verbou word

Die volgende tipes gewasse word verbou: mabelethoro (graansorghum), leotšā (manna), mafela (mielies), nyoba (soetriet), dinawa (boontjies), ditloomarapo (boontjies), ditlhodi (ertjies), dimake (grondboontjies), marotse (pampoene), magapu (waatlemoene) en maraka (kalbasse).

Al hierdie gewasse, met die uitsondering van ditlhodi, word op dieselfde land geplant. In sommige gevalle word die sade gemeng, soos met mabele en leotšā. Dit word dan saam, met die hand, oor die geploegde land gestrooi. Pampoene en waatlemoene word weer

individueel tussen die graan geplant. Vandag word daar in 'n tuin op die werf ook nog groente soos wortels en tamaties geplant, naas 'n paar tabakplantjies wat tot snuif verwerk sal word.

1.3 Insameling, berging en preserving van die oes

Sodra die graan begin ryp word, word daar 'n dorsvloer (seotlo - Foto 17) in die landerye, of soms ook by die huis, gebou. Indien daar al klaar een is van die vorige jaar, word dit skoongemaak en opgeknip. Dit bestaan uit 'n klei-vloertjie wat deur 'n lae muur=tjie of met klippe omring word. Die grootte daarvan hang af van die grootte van die landerye en die oes. Dit kan wissel van drie meter vierkant tot tien meter vierkant, volgens die voorbeelde wat bestudeer is.

'n Houtstellasie, bekend as lešala, word langs die dorsvloer gebou. Hierop word die sorghum gepak om droog te word nadat dit ingesamel is. Die sorghumare word met 'n mes afgesny en in 'n seroto na die lešala vervoer. Vir 'n beskrywing van die konstruksie van hierdie stellasie, sien 5:8.1.

Sodra die graan droog is, word dit op die seotlo met 'n pato uitgeslaan. Dit is dieselfde tipe werktuig wat gebruik word om die vloere van hutte mee vas te slaan. Indien daar baie sorghum is, word 'n groter wanstok gemaak. Dit lyk egter nog steeds soos die pato, behalwe vir die feit dat dit 'n baie lang steel (ongeveer 1,5 meter) het. Gevolglik word dit met altwee hande hanteer as die graan uitgeslaan word.

As 'n vrou baie koring het wat gedors moet word, kan sy weer eens 'n letsema reël om haar met die taak te help.

Die uitgeslane graan word dan met 'n wanmandjie (leselo) uitgewan en in 'n seroto of in sakke op 'n slee, na die huis vervoer waar dit in die verskillende houers geberg word.

Mielies word gepluk as dit ryp is en in 'n seroto huistoe gedra, waar dit in die kop gebêre word in een van die stoorhutte. Dit word eers van die kop afgehaal voor dit geëet gaan word. Die kop word in water gesteeek om die pitte maklik te laat afkom en dan word dit in 'n khutšwana fyngestamp - veral as daar stampmielies gekook gaan word. Die khutšwana (Foto 18) bestaan uit 'n gat in die grond, ongeveer 500 mm diep en 200 mm in deursnee. Dit word gewoonlik in een hoek van die seotlo gebou, asook by die huis, as daar ook 'n seotlo is. Andersins kan 'n stampblok van hout gebruik word om die mielies in stukkend te stamp. Die khutšwana het, net soos die stampblok, ook 'n stamper wat uit 'n stewige houtpaal bestaan.

Die verskillende peulgewasse word net soos die graan op die seotlo met 'n pato uitgeslaan, uitgewan en dan na die wooneenheid vervoer waar dit geberg word. Pampoene, waatlemoene, kalbasse en so meer word gewoon huistoe gedra vir berging.

Die berging van graan vind op twee maniere plaas.

1.3.1 Dišego (graanmandjies - sien 3:3.2.2 vir die wyse van vervaardiging): Hierdie mandjies, van verskillende groottes, kan in die stoorhut geplaas word of in die beeskraal begrawe word (Foto 19). In die stoorhut word 'n stellasië gemaak waarop die mandjie geplaas word. 'n Aantal mikstokke word sirkelvormig in die grond ingeplant sodat die mikke op dieselfde hoogte is, ongeveer 500 mm bo die grond. Die deursnee van die sirkel waarin dit geplant word, hang af van die grootte van die mandjie. Oor elke mik word daar 'n paal geplaas sodat die een punt in die middel van die sirkel op die grond rus en die ander op die mikstok. Sodoende word daar 'n kegel gevorm waarbinne die mandjie geplaas word. Die graan word ingegooi en die deksel word opgeplaas. Kleinere mandjies (dišegwana) (Figuur 4.5) word gebruik vir die berging van boontjies, ertjies en mielies en word teen

die muur geplaas.

Graan wat vir langer periodes geberg moet word, word in 'n sešego in die beeskraal begrawe. Die bodem van die gat word met beesmis bedek, waarna die mandjie ingetel word en met graan gevul word. Om die kante van die mandjie word daar dan 'n laag beesmis gegooi - dit dien as isolasie en beskerm die mandjie veral teen water. Nadat die deksel opgesit is, word 'n groot plat klip bo-op geplaas en dan met beesmis toegegooi.

- 1.3.2 Matlolo (graanhutjies): Die letlolo word gebou en gebruik as daar te veel graan is om in dišego te bewaar. Volgens infomante toon hierdie houer ooreenstemming met die dulu van die Venda. Vir die konstruksie daarvan, sien 5:8.3.

Aangesien die verskillende graansoorte baie vatbaar is vir besmetting deur kalenders, word dit met melora (as verkry deur die brand van droë aalwynblare) gemeng. Na bewering kan graan wat op hierdie wyse behandel is vir 'n periode van tot twee jaar geberg word sonder dat insekte dit skade sal aandoen.

Produkte soos pampoene en waatlemoene word of binne in die stoorhut of agter in die lapa, onder die oorhang van 'n hut se dak gestoor. Hierdie tipe produkte het nie 'n lang bergingslewe nie en word gevolglik so gou moontlik geëet. Van die produkte, soos groenmielies en soetriet, word soos dit ryp word, ingesamel en geëet.

2. Veeteelt

Alhoewel landbou die vernaamste bron van voedsel ^{was}, bestaan daar geen twyfel oor die waarde van veeteelt, veral beeste, nie.

2.1 Tipes vee

Die volgende tipes vee en pluimvee word algemeen aangehou: beeste, bokke, skape, varke, donkies en hoenders. Hierbenewens word enkele katte, maar veral ook honde aangetref.

Alhoewel beeste nie baie vir voedsel geslag word nie, het dit tog ongetwyfeld 'n hoë nuttigheidswaarde. Benewens voedsel, as dit geslag word, lewer dit ook neweprodukte op soos velle, horings, senings en mis (vir die pleister van die mure en vloere van hutte). Beeste het ook gedien as teken van rykdom, en was ook die middel waardeur 'n man sy boetes kon betaal. Dit het ook gedien as geskenke om die guns van die hoofman te verkry en kon ook gebruik word as offerande om die goeie guns van die voorvaders te verkry. Die belangrikheid van beeste word ook weerspieël in die ligging van die beeskraal (lešaka) in die uitleg van die stat. Dit is gewoonlik langs die kgoro, die vergaderplek van die mans, waar hulle die grootste deel van die dag deurbring. Om die beeskraal-kgoro kompleks word dan die verskillende wooneenhede opgerig, om dit as te ware in 'n halfsirkel te omsluit (sien 5:7.1).

Op stamvlak het beeste ook 'n groot rol gespeel. So was daar resies gejaag met die beeste (mokato wa makaba). Dit het daaruit bestaan dat die mans van hul beeste na 'n sentrale punt neem. Een persoon, wat die vinnigste kan hardloop, word gekies en aan hom word die sefoka ('n staf met volstruisvere aan, wat ook tydens ini= siasie gebruik word) gegee. Sy plig is om die rigting aan te dui waarin die beeste gejaag moet word. Hy staan voor die groep beeste en mans. Die mans begin hulle beeste prys en op musiek= instrumente, veral fluite, blaas. Sodra hulle ophou begin die man met die sefoka na die wenpaal hardloop. Die beeste word dan so vinnig moontlik deur die mans en seuns aangejaag. Die eienaar van die bees wat eerste by die wenpaal aankom, word deur die kap= tein geprys en beloon, soms met 'n bees.

Volgens informante is hierdie tipe resies met die beeste op spora= diese wyse gehou en is dit meerendeels net vir die opwinding wat dit

verskaf het, gedoen.

Skape en bokke het nie dieselfde sosiale waarde gehad as beeste nie en het hoofsaaklik as voedselbron gedien. Bokke kon egter ook gebruik word vir die betaling van boetes en soms ook as byvoeging tot die bogadi-beeste.

Donkies en varke kom min voor. Eersgenoemde word gebruik vir die trek van klein waentjies. Varke is van geringe ekonomiese waarde en kan nie gebruik word vir die aflossing van boetes of vir offerandes nie.

Hoendervleis, asook eiers, vorm 'n baie algemene deel van die dieet van die Molepo. Hoenders kan ook soms gebruik word as offerande.

2.2 Voorwerpe gebruik tydens die versorging en benutting van diere

Enkele voorwerpe word gebruik in die versorging van diere, veral ten opsigte van die gee van voedsel. Hier word daar gewoonlik 'n aantal bakke aangetref. 'n Ou maalklip, wat te diep is om graan gerieflik in te maal, word eenkant op die werf gelaat as waterhouer vir honde, hoenders en ander diere om uit te drink. 'n Houtbak (legopo) (Figuur 6.5) word gebruik om pap en ander voedsel aan varke, honde en hoenders te gee. Die bak word van sagte hout (mokgorokgoro-hout) gemaak en is gewoonlik slegs 'n stuk tak wat uitgehol word om 'n langwerpige trog te vorm. Soms word dit in die grond bevestig sodat die diere dit nie kan omstamp nie. Vier mikstokke word op elke hoek ingekap. Die een been van elke mik is korter as die ander. Die lang been word in die grond ingekap, terwyl die korter een oor die rand van die bak hak.

Vir die verskillende krale en hokke waarin die diere gehou word, sien 5:7.

'n Emmer, gemaak van hout, word gebruik om die beeste of bokke

in te melk (sien 6:1.1.4).

Die algemeenste gebruik van beeste en donkies was as trekdier, veral vir die trek van waens, ploë en die slee. Vandag het dit egter plek gemaak vir trekkers en meganiese implemente - die ploeg van die landery word deur privaat individue teen 'n vergoeding waargeneem. Gevolglik het die gebruik van beeste as ploegdier hoofsaaklik verval. Na beskrywing van informante was die toerusting (jukke, kettings, rieme, ploë en so meer) van Westerse herkoms en word dit nie meer gereeld gebruik nie.

In die verlede was daar ook gebruik gemaak van 'n slee vir die vervoer van die oes vanaf die land. Dit het bestaan uit 'n v-vormige stam van 'n boom. Aan die voorkant van die stuk hout is daar 'n gat gemaak waardeur 'n ketting aangebring is vir die inspan van die osse. 'n Raamwerk is soms vir die slee gemaak. Pale is in die v-vormige bene aangebring en dan horisontaal toegeveg. Oor die bodem is riet of planke aangebring. Sodoende is 'n digte houder verkry waaruit die graan nie kan val as dit vervoer word nie. Volgens informante is die gebruik van hierdie tipe vervoermiddel weens 'n program vir die herstel van die bodem gestaak. Gevolglik kon dit nie opgespoor word nie.

3. Jag

Die hoofdoel van die jag was in die meeste gevalle die verkryging van voedsel ter aanvulling van dit wat vanaf gedomestiseerde bronne verkry is. Dit was 'n belangrike moontlikheid waarop in tye van droogte en voedselskaarste teruggeval kon word. Die jag het nie net voedsel opgelewer nie, maar ook neweprodukte soos vel, senings en horings wat vir 'n wye reeks doeleindes aangewend is.

In die verlede, toe wild nog volop was, het die mans in groepe van drie of meer gaan jag. Die rede hiervoor was, indien een persoon beseer sou word, een by hom kon waak terwyl die res gaan

hulp soek het. Jagtogte, gereël op 'n stambasis, was blykbaar nooit of baie selde gehou.

Tydens die jagtog neem die mans 'n hoeveelheid meel en 'n klei= potjie saam om pap te kan kook. Kleiner diertjies wat gedood word, word in die aand in die jagveld geëet. Enige wild wat ge= dood word, is die eiendom van die jagters en word deur hulle onder= ling verdeel. Daar hoef niks aan die kaptein, soos in die geval waar 'n bees geslag word, gestuur te word nie. 'n Luiperdvel is egter outomaties die eiendom van die kaptein - 'n jagter wat 'n luiperd dood en die vel na die kaptein neem, word vir sy optrede deur laasgenoemde met 'n bees as geskenk vergoed.

Tydens die jagtog word daar gewoonlik van honde gebruik gemaak. Hulle funksie is om die prooi op te jaag en dit vas te keer sodat die jagters dit kon doodmaak. Die honde was geleer om op seine, uit 'n fluit van 'n duikerhoring (lenaka la phuti), te reageer. Die mans het in groepe van twee of drie beweeg, elk met hul honde. Indien een groep iets dood, sein hulle die ander groepe hul posisie met behulp van die lenaka la phuti of die motsie, 'n tipe beenfluit.

Voedsel was egter nie altyd die hoofdoel van die jag nie. Indien 'n gevaarlike dier die gemeenskap bedreig, kon dit op 'n georgani= seerde grondslag gejag word. As dit 'n leeu of luiperd is, sal die geselskap uit meer mans bestaan as wanneer daar slegs vir voedsel gejag word. Die kaptein kan ook reël dat die mans uit= gaan om spesifieke diere te jag as daar byvoorbeeld iets benodig word vir die maak van reënmedisyne.

Dit word algemeen aanvaar dat 'n jagter sy prooi oor die stamgrense sal volg in 'n naburige stamgebied in. Indien die betrekkinge tussen die twee stamme swak is, sal die jagter die agtervolgling staak as daar 'n kans is dat hy gewaar sal word.

Die verskillende wapens (spiese, byle, pyl-en-boë) wat onder die

Molepo aangetref word, was vir die jag gebruik, maar egter ook vir oorlogvoering. Weens hierdie tweeledige gebruik daarvan, word alle aanvals- en verdedigingswapens afsonderlik bespreek in Hoofstuk 9. Slegs strikke en lokvalle, word hieronder bespreek in die konteks van die jag.

3.1 Strikke

Verskillende tipes strikke en lokvalle word aangetref. Dit word meerendeels gebruik vir die vang van voëls (duiwe, tarentale en patryse) en kleiner diertjies soos rotte en hase. Die strikke kan egter ook gebruik word vir die vang van groter wildsbokke, maar dit is te verstane dat in sulke gevalle die materiaal waarvan die strikke gemaak word, groter en sterker moet wees.

Dit is veral die beeswagtertjies wat die strikke stel om sodoende vir hulle voedsel te voorsien. Die strikke kan egter ook in die wooneenheid gestel word as daar byvoorbeeld baie rotte is. Dit moet dan egter op so 'n plek gestel word dat die pluimvee, wat die hele werf rondloop, nie gevang word nie.

Gerieflikheidshalwe word die verskillende strikke in 'n paar tipes verdeel.

3.1.1 Eenvoudige strikke en lokvalle

Hieronder word ingesluit strikke wat bestaan uit 'n tou met 'n skuiflussie aan die een kant. Dit word aan 'n takkie vasgemaak en oor 'n voetpaadjie gehang. Aan weerskante word dit op 'n onopsigtelike wyse van 'n heininkie voorsien sodat die diertjie gedwing word om die paadjie te gebruik. Sodra die kop daardeur gaan, trek die tou styf en verwurg die dier.

3.1.2 Strikke met eenvoudige snellermeganismes

Hier word onderskeid gemaak tussen strikke met snellermechanismes wat deur 'n persoon geaktiveer word en dié wat outomaties geaktiveer word. Die eersgenoemde tipe, bekend as sefu, bestaan uit 'n plat klip wat teen 'n skuins stokkie geplaas word. Aas, in die vorm van mielies, koring of pap, word onder die klip gegooi. Aan die stokkie word 'n tou vasgemaak en deur die persoon tot in 'n skuilplek geneem. Sodra daar 'n prooi onder die klip inbeweeg, word die tou 'n harde pluk gegee. Dit veroorsaak dat die stokkie waarop die klip rus, weggeruk word en die klip die prooi doodval.

Twee strikke met outomatiese snellermechanismes word aangetref. Die eerste (Figuur 17.1), ook bekend as sefu, berus op dieselfde beginsel as bogenoemde, naamlik 'n klip wat 'n prooi doodval. 'n Groot plat klip word skuins gehou. 'n Mikstok word dan skuins daarvoor ingeplant, ver genoeg sodat die klip verby die mikstok sal val. 'n Lang stokkie, wat as sneller dien, word onder teen die basis van die klip vasgedruk en teen die mikstok, 30 tot 40 mm van die grond, gedruk. 'n Derde stokkie word dan oor die mikstok geplaas sodat dit teen die klip druk. Aan dié stokkie word 'n toutjie vasgemaak, met 'n kort stokkie (ongeveer 5 mm lank) aan die onderpunt daarvan. Die tou word aan die onderkant van die sneller gehak. Die spanning van die tou word nou gestel deur dit om die boonste stokkie (dit wil sê, die een wat oor die mikstok lê) op te wen tot dit styfspan. Die gewig van die klip word nou gedra deur die stokkie wat deur middel van die tou aan die sneller vas is. Verskeie ander stokkies kan nou op die sneller geplaas word - almal word egter so geplaas dat dit onder die klip lê. Aas (mielies of koring) word onder die klip gegooi. Indien 'n voël of rot die sneller afdruk, skiet die kort stokkie los, die spanning in die tou verslap en die klip val op die prooi.

Die tweede tipe strik wat met 'n snellermechanisme werk,

staan bekend as moutlo (Figuur 17.2) en maak gebruik van die veerkrag van 'n lang stok wat in die grond ingeplant is. Aan die bopunt van die stok word 'n stuk tou vasgemaak. Die verhouding tussen die lengte van die stok en die lengte van die tou moet van sodanige aard wees dat as die prooi gevang word, die tou nie op die grond lê nie, aangesien die prooi dan moontlik sal loskom. 'n Ent vanaf die punt waar die lang stok ingeplant is, word twee kort stokkies in lyn met eersgenoemde ingeplant, ongeveer 200 tot 300 mm uitmekaar. Die snellermeganisme word op dieselfde wyse aangebring as by die sefu hierbo beskryf. Die verskil is egter dat aan die klein stokkie wat aan die naaste regop stokkie en aan die sneller hak, nog 'n stukkie lyn vasgemaak word met 'n lussie aan die punt. Die lussie word dan tussen die twee regop stokkies, oor die sneller oopgesprei. Indien 'n prooi die sneller aftrap, skiet die geboë stok regop. Dit pluk die lyn styf en die lussie trek styf om die poot van die prooi. Die moutlo word gewoonlik in 'n wildspaadjie gestel en aas word aan weerskante daarvan gegooi. As die prooi van die een kant kom en die aas eet, moet dit deur die strik beweeg om by die aas aan die anderkant te kom en word dit in die proses gevang. Hierdie tipe strik kan ook gestel word om kleinwild soos duikers en steenbukkies te vang.

3.2 Vanggate

Vanggate was in die verlede, toe wild nog volop was, gegrawe om wildsbokke te vang. Dit bestaan uit 'n diep gat wat in 'n wildspad gegrawe word en dan met takke bedek word. Indien 'n dier daarin val, kan dit nie weer self uitkom nie. Hierdie metode was egter nie baie gewild nie vanweë die gevaar wat dit vir mens en gedomestiseerde diere ingehou het.

Vir die vang van tarentale en patryse word 'n koniese gaatjie

in die grond gegrawe. Aas word om die rand van die gat, asook binne-in, gegooi. Indien 'n tarentaal op die aas afkom, eet dit die aas wat buite lê en rek dan in die gat af om by die ander te kom. Aangesien die gat egter te diep is, verloor dit balans en val in. Die pote steek in die lug in en die voël kan gevolglik nie wegkom nie.

Die hlofi kan, alhoewel daar nie 'n gat gegrawe word nie, ook tot hierdie kategorie gereken word. As wildsbokke baie in die lande=rye pla, word die heining (van doringtakke) om die land op een plek verlaag. Skerpgemaakte pale word dan in verskillende rye aan die binnekant van die heining, skuins ingeplant met die skerp=gemaakte punte in die rigting van die opening. Enige wildsbok wat deur die opening spring, spring op die skerp stokke en word sodoen=de gedood.

3.3 Voëlent

Bolepu, 'n parasitiese plant waarvan die saad deur voëls oorgedra word en wat op ander plante groei, se sade word gekou. Die taai pasta wat so verkry word, word om 'n stokkie gedraai en gelaat waar voëls gereeld gaan sit. Indien 'n voël op 'n stokkie met van hierdie gom aan gaan sit, sit dit vas en kan dit deur die jagter doodgemaak word.

4. Versameling

Die aspek van versameling kan in twee kategorieë verdeel word. Die eerste hiervan is waar dit gaan om die versameling van voedsel uit die natuur, wat dan met of sonder verwerking gebruik word. Die tweede kategorie is waar grondstowwe versamel word, wat verwerk word vir gebruik in die produsering van voedsel en ander produkte.

4.1 Versameling van voedsel

'n Baie groot verskeidenheid veldvrugte, asook insekte soos sprin-kane, was in die verlede as voedselbron benut en het 'n belangrike rol gespeel in die dieet van die Molepo. Veral in tye van droogte en voedselskaarste was dit 'n belangrike bron waarop teruggeval is. Krige & Krige (1943:46) en Quin (1959) gee uitgebreide lysste van hierdie tipes voedsel. Dit kan maklik vir die Molepo gedupliseer word.

Vandag egter word hierdie voedselbronne nie meer op 'n groot skaal benut nie. Dit is dan ook meerendeels net die jong seuns wat, as hulle die beeste oppas, hierdie bron van voedsel benut. Die uitsondering is egter merula-vrugte. Dit word op 'n gereelde en georganiseerde grondslag bymekaar gemaak vir die maak van bier.

Baie min voorwerpe word benodig vir die insameling van voedsel in die veld. Die grootste vereiste is 'n houer om dit in te dra - byvoorbeeld in seroto om die merula-vrugte in te vervoer. In die verlede was sakke van vel (mekotla) gemaak, maar vandag het dit plek gemaak vir houters van Westerse oorsprong.

4.2 Versameling van grondstowwe

Seker een van die belangrikste grondstowwe wat vir die voorbereiding van voedsel versamel moet word, is brandhout. Dit is meerendeels die taak van die vrou, maar sy word hierin bygestaan deur haar dogters.

Sout was ook plaaslik vervaardig. Volgens informante is die soutbevattende grond in die walle van die Mphogodibarivier uitgegrawe, waarna dit huistoe geneem is. Die grond, bekend as serota, word dan fyngestamp, met water gemeng en in 'n kalbas gelaat sodat die slik afsak. Die water word dan in 'n ander kalbas, waarvan die opening met 'n laag groen gras bedek is, gegooi. Die gras dien as filter om die slik uit te hou. 'n Ander metode is om die tetšo ('n kleipot met 'n gat onderin - sien 6:1.4.6) te gebruik.

Die pot word bo-op 'n ander geplaas, met 'n stukkie meelmat (sethebe) tussenin om as filter te dien. Die water word dan in die boonste pot gegooi, waarna dit deur die meelmatjie na die onderste pot syfer. Die water wat op hierdie manier verkry word, het 'n soutsmaak en 'n bietjie daarvan word by die kos gegooi as dit gekook word om so=doende die regte smaak daaraan te gee. Anders as by die Tsonga, word die water nie afgedamp sodat die sout uitkristaliseer nie.

Baie ander grondstowwe kan ook onder die versamelingsproses ingesluit word. Byvoorbeeld (klei vir die maak van keramiekware; biesies en gras vir die maak van matte; dekgras vir hutte; en ystererts vir die smelt van yster. Die versameling van hierdie grondstowwe het op 'n ongereelde wyse en volgens behoefte plaasgevind.

Hieronder kan ook ingesluit word die versameling van die verskillende soorte plantmateriaal, wat deur kragdokters as medisyne gebruik word.

Vir die versameling van grondstowwe word daar 'n groter verskeidenheid voorwerpe aangewend as by die insameling van voedsel. So byvoorbeeld is 'n skoffelpik nodig vir die losbreek van klei vir die maak van keramiekware, en 'n sak of houer van een of ander aard vir die vervoer daarvan; messe en sekels word gebruik by die insameling van biesies vir matte en dekgras; en 'n reeks hamers en beitels is gebruik vir die ontginning van ystererts en sakke of mandjies is nodig vir die vervoer daarvan.

5. Handel

Handel onder die Molepo kan gesien word as tweeledig van aard, naamlik tussen stamlede onderling en eksterne handel, tussen lede van verskillende stamme.

Die algemene selfstandigheid en selfversorgendheid van elke woon=

eenheid ten opsigte van die voorsiening van voedsel en die produksie van gebruiksartikels, en die geringe ontwikkeling van spesialisasie, word weerspieël in die geringste mate van onderlinge handel tussen stamlede self (Shaw 1974:126).

Dit beteken egter nie dat handel glad nie plaasgevind het nie. Sekere gespesialiseerde voorwerpe soos keramiekware, mandjies en velkleding is deur middel van ruilhandel vanaf spesialiste bekom. Tot en met die koms van geld was daar geen geskikte standaard medium wat as algemene waardemeter kon dien nie. Houers, soos kleipotte en mandjies, is gewoonlik vir hul inhoud in graan verruil. Dit was egter ook moontlik om vir 'n sekere hoeveelheid arbeid spesifieke voorwerpe te bekom, byvoorbeeld skoffelwerk wat deur 'n vrou gedoen word in ruil vir 'n aantal draad arm- en beenringe.

Voorwerpe asook middele soos voedsel (graan of bokke), was ook gebruik om 'n kragdokter vir sy dienste te vergoed. Die letšema (werksparty) waar voedsel en drank ook as beloning vir 'n hoeveelheid werk aangebied word, kan as verdere voorbeeld van die vergoeding vir dienste gesien word.

Handel op 'n interstamvlak het in die verlede ook plaasgevind en vind nog steeds plaas. Dit was byvoorbeeld die wyse waarop glaskrale en ystervoorwerpe bekom is. Vandag word keramiekware nog op hierdie wyse van ander stamme bekom. Met die koms van die Blankes en die vestiging van handelsposte het die handel al meer deur die gebruik van geld plaasgevind. Selfs tussen die stamlede onderling word die voorwerpe nou vir geld verhandel en nie meer volgens tradisionele waardes nie. Tydens die maandelikse uitbetaling van pensioene, in elk van die verskillende statte, vorm daar 'n mark waar, nie net voedsel en die tradisionele voorwerpe soos kleipotte, mandjies en kalbasse verhandel word nie, maar ook klerasie, radio's, kombuisgereedskap en so meer.

'n Hele aantal winkels binne die stamgebied voorsien in die basiese voedselsoorte en gebruiksartikels en begin al meer die plek van die individuele vervaardiger oor te neem. Die bestaan van 'n daagse busdiens, dra ook daartoe by om dit makliker te maak om in die stede te kom, om daar die nodige aan te skaf.

6. Samevatting

Die tradisionele bestaansaktiwiteite van die Molepo het op vier komponente berus, naamlik landbou, veeteelt, jag en versameling. Deur gebruik te maak van hierdie vier komponente, kon die Molepo daarin slaag om 'n gebalanseerde bestaan te voer in die omgewing waarin hulle hulself gevestig het.

Van die vier genoemde komponente was die landbou die grootste verskaffer van voedsel. Tradisioneel gesien, het die landbou-aktiwiteite sekere voorwerpe vereis vir die beoefening daarvan. Meeste van hierdie voorwerpe, soos skoffelpikke, mandjies, dorsvleëls, vervoermiddels en so meer, se gebruik was nie net tot die landbou beperk nie. Dit het ook sekondêre nut. Vandag het die landbou in 'n groot mate meganisasie ondergaan, veral ten opsigte van die ploeg en plant van die landerye. Die meerderheid van die tradisionele bergingswyses kom ook nie meer voor nie en is vervang deur houters van Westerse oorsprong.

Veeteelt was nie so belangrik as die landbou ten opsigte van die verskaffing van voedsel nie. Die waarde daarvan lê veel eerder op sosiale en godsdienstige vlak. Dit het wel egter 'n hoeveelheid neweprodukte opgelewer wat in die vervaardigingsprosesse aangewend is. Baie min voorwerpe word egter spesifiek geproduseer vir aanwending in die veeteelt. Die belangrikste hiervan is die verskillende strukture waarin die vee aangehou word, asook enkele bakke vir die voer van sekere vee- en huisdiere. Vandag tref 'n mens ook die bestaan van voerkrippe, dipbakke en vendusiekrale aan en blyk dit asof die veeteelt op 'n meer ekonomiese grondslag

bedryf word as in die verlede.

Die beoefening van die jag en versamelbedrywe vind vandag op 'n baie lae intensiteit plaas. In die verlede het die jag voedsel, sowel as neweprodukte opgelewer wat in die vervaardigingsbedryf aangewend is. Die jag het ook 'n verskeidenheid voorwerpe vereis vir die beoefening daarvan, byvoorbeeld die verskillende wapens asook strikke. Die versamelbedryf het in die verlede gedien om voedsel, asook grondstowwe te bekom. Ten opsigte van voedsel lewer dit nog slegs 'n beperkte bydræ tot die ekonomie en wat die insameling van grondstowwe betref, word dit nog slegs deur enkele spesialiste beoefen vir die produsering van spesifieke tegniese skeppinge.

Die verskillende bedryfstipes was gekoppel aan die geslagte. So was die vrouens grotendeels verantwoordelik vir die beoefening van die landbou. Met die groter meganisasie daarvan vandag, word die mans al meer daarby betrek. Die mans en seuns was meerendeels gemoeid met die veeteelt, terwyl die jag ook deur hulle op 'n sporadiese wyse beoefen was. Die versamelbedryf is, afhangende van die doelstelling daarvan, deur lede van albei geslagte en alle ouderdomme beoefen.

Middele wat nie self geproduseer kon word nie, is deur middel van handel verkry. Die tradisionele ruilhandel word in 'n groot mate vandag vervang met geldhandel. Die tendens is dan ook nie meer self voorsiening nie, maar om geld te verdien waarmee die nodige voedsel en gebruiksartikels aangeskaf kan word.

HOOFSTUK 5

VESTIGINGSWYSE EN BOUVORME

Die vestigingswyse en bouforme van die Molepo het in die afgelope jare 'n baie drastiese verandering ondergaan. In geen deel van die stamgebied word die oorspronklike vestigingswyse meer aangetref nie. Vanweë 'n program vir die herstel van die bodem is die stamgebied in weiveld, landbougrond en woongebied verdeel. Die hele stam is in die aangewese woongebiede hervestig, alhoewel baie tradisionaliste daarteen gekant was. Die resultaat van hierdie nuwe wyse van vestiging is dat dit tot 'n tipe versteding lei, wat weer nuwe eise en aanpassings van die mense vra. Een verandering wat hieruit voortgevloei het, is dat die saamwoon van die groter gesinne-eenheid, wat die aanvanklike wyse van samewoning was, nie meer kan plaasvind nie.

Deur die jare het die bouforme en tegnologie ook 'n groot verandering ondergaan. Aanvanklik was die mense aangewese op slegs dit wat die natuurlike omgewing hulle gebied het. Dit het 'n groot mate van standaardisering in die oprigting van die verskillende strukture meegebring. Met die ingebruikneming van Westerse bouforme en materiale, vind daar 'n drastiese verandering plaas, sodanig so dat die oorspronklike strukture vandag baie selde voorkom. Die tradisionele wyse waarvolgens gebou is, word ook glad nie meer gebruik nie. Verskillende ander metodes, van Westerse oorsprong, word gebruik.

1. Vestigingswyse

Vanweë die feit dat die Molepo lank reeds in die huidige stamgebied woonagtig is en ook aangesien hulle 'n geruime tyd nie meer volgens die tradisionele patroon gevestig is nie, bestaan daar vandag nie juis meer besondere voorkeure aangaande die keuse van 'n woonterrein nie. Enkele algemene opvattinge, soos dat die

helling waarteen gebou word, nie te styl moet wees nie en dat daar genoegsame weiding en water in die omgewing moet wees, word tog nog in hierdie verband genoem.

Vestiging het plaasgevind volgens die algemene patroon onder die Noord-Sotho. Die hele stamgebied is in verskillende wyke verdeel waarin daar een of meer statte voorkom. Aan die hoof van elke stat is daar 'n hoofman, wat op sy beurt weer ondergeskik is aan die gesag van die stamhoof. Enkele van die statte, byvoorbeeld GaTahaba en GaTshwene, bestaan grootliks uit vreemdelinggroepe wat hulle onder die gesag van die Molepo kom vestig het, terwyl die Molepo stamkern weer saamgroepeer in die hoofstat (Boshega) en ander soos Makatiane en GaMogano.

Die uitleg van die statte het almal min of meer die patroon van die kaptein se hoofstat aangeneem. Die verskillende woonkomplekse was halfmaanvormig om 'n vergaderplek (kgoro) gerangskik, met die kgoro van die kaptein as die belangrikste bymekaarkomplek. Die komplekse was van mekaar afgesluit deur lae muurtjies. Die verskillende komplekse was so gerangskik dat daar 'n mate van senioriteit daaruit afgelei kon word - die woonkompleks van die kaptein was gewoonlik op die hoogste punt in die stat geleë, met dié van sy meer senior familieleden in die onmiddellike omgewing daarvan.

Elke woonkompleks kan weer onderverdeel word in die verskillende huishoudings (ook bekend as malapa). Normaalweg was die huishouding van die hoofvrou direk agter die kgoro op die 12 uur posisie geleë. Die huishouding van die ander, mindere vroue, is dan respektiewelik links en regs van hierdie eerste huishouding, in 'n halfmaanvorm, geplaas. Binne elke huishouding word daar verskillende tipes hutte aangetref. Die eerste is die slaaphut (ngwako), wat hoofsaaklik deur die man en sy vrou gebruik word, om in te slaap. Die tweede hut is die kookhut (moralala), waar al die kookwerk gedoen word en wat deur die jonger kinders gebruik word om in te slaap, soms saam met die grootmoeder. 'n Afsonderlike hut

sal ook later vir die groter seuns en een vir die groter dogters gebou word. Laastens is daar ook nog die stoorhut en/of die bierhut. Laasgenoemde is gewoonlik slegs 'n klein kamertjie wat tussen al die hutte ingedruk is en waar die bierpotte staan. Afhangende van die man se finansiële posisie sal daar later meer vertrekke of hutte gebou word, om as sitkamer, stoorkamer of vir ander doeleindes te dien.

Die slaaphut het gewoonlik in die middel van die werf gestaan, met die kleiner stoor- en kookhutte aan die agterkant daarvan. Die werf was ook in twee verdeel. Die voorste gedeelte, bekend as die lapa was die algemene leefruimte en die alledaagse verloop van die lewe het hom hier afgespeel. Die agterste deel, bekend as die mafuri, was baie meer privaat en is slegs deur die gesin gebruik. Besoekers word selde hier toegelaat.

Vandag is die plasing van die hutte, alhoewel nie volgens 'n definitiewe reëlmaat nie, tog volgens 'n patroon gerangskik wat as volg daaruit sien. Die ideaal is dat die werf vanuit die noorde genader word. Selfs in gevalle waar dit vanuit 'n ander rigting genader word, word die besoeker omgelei deur 'n paadjie om die woonkompleks vanuit die noorde binne te gaan. Vanaf die ingang tot die werf (lapa) tref 'n mens eerstens die kookhut, op linkerkant, aan. Reg teenoor die ingang, aan die agterkant van die werf is daar 'n hut wat as slaaphut gebruik word, of deur die man en sy vrou, of deur van die kinders. Na regs van die ingang is daar die slaaphut van die man en sy vrou. Die bierhut of stoorhut kan in enige posisie aangebring word. Indien die man 'n kragdokter is, sal hy 'n hut half agter die ander hê waar hy al sy medisyne stoor. 'n Toilet word vandag gewoonlik in die agterkant van die erf gebou.

Weens die feit dat die erf waarop die woonkompleks vandag gebou word, nie te groot is nie, word die beeskraal en kgoro op enige plek aangetref, verkieslik egter naby die ingang tot die erf. Dit

is egter nie meer so formeel aanduibaar nie en het ook nie 'n spesifieke posisie nie en kan na links of regs van die ingang tot die lapa geleë wees. In die tuin word vandag soms mielies of sorghum geplant, maar ook bome soos vye- en moerbeibome vir skaduwee en ook vir die vrugte wat dit oplewer.

2. Die Bouproses

2.1 Materiaal

Om die tradisionele paal-en-klei rondawelhut te bou, word die volgende tipes materiaal gebruik:

2.1.1 Dikota - pale wat gebruik word vir die bou van die mure en dak. Verskillende tipes hout word gebruik vir hierdie doel, byvoorbeeld mooka, motholo, mongena en mohlohlo. Die pale word voorberei deur die onderpunt skerp te maak en die wat nie reguit is nie, word reguit gemaak deur dit met 'n byl aan die binnekant van die knak te kap en die paal dan reguit te buig.

2.1.2 Mabalelo - dwarslatte wat vir die mure sowel as die dak gebruik word. Dit word gewoonlik van 'n aantal moretlwa-takke gemaak wat saam in een bondel gebind word.

2.1.3 Dinti tša meoka - bindmateriaal gemaak van die bas van die mooka-boom, om die verskillende paalkonstruksies mee vas te maak.

2.1.4 Thapo ya thutse - tou wat gebruik word, om die gras van die dak mee vas te werk.

2.1.5 Lefe en letsikiri - dekgras vir die dak. Laasgenoemde word soms gebruik as onderlaag, waarna dit met lefe bedek word.

- 2.1.6 Klei en beesmis wat vir die pleister van die mure en vloere gebruik word.
- 2.2. Gereedskap gebruik tydens die bou van 'n hut
- 2.2.1 'n Byl vir die kap van die pale en 'n sekel vir die sny van gras.
- 2.2.2 'n Skoffelpik of graaf vir die gelykmaak van die bouperseel en die grawe van die slote vir die fondament.
- 2.2.3 Pato (vloerslaner - Figuur 1.2) - Dit word van 'n harde hout soos monee gemaak en word gebruik vir die vasslaan van die vloere. Die pato bestaan uit 'n breë slaangedeelte wat plat is aan die onderkant en effens gerond is aan die bokant. Die pato word uit een stuk hout gekerf en word so gekerf dat dit 'n lang steel het. Die grootte van die voorwerp wissel van eksemplaar tot eksemplaar, maar is in die algemeen ongeveer 500 mm lank en 80 mm dik en het 'n redelike gewig om te help met die vasslaan van die vloere. Hierdie selfde werktuig word ook gebruik vir die uitslaan van graan. Dit mag nie in die somer in die dag gebruik word nie, aangesien so 'n aksie hael en storms tot gevolg sal hê.
- 2.2.4 Thitelo (vryfklip) - 'n Kleinerige klip met ten minste een plat vlak. Dit word gebruik om die vloere, nadat dit met die pato vasgeslaan is, glad te vryf.
- 2.2.5 Lehlabo (deknaald - Figuur 1.4) - 'n Lang, dun stuk hout met 'n skerp punt. Dit het twee gaatjies aan die agterkant wat gebruik word om die tou mee vas te maak. Die lehlabo is gewoonlik van mogeletlwa-hout en is ongeveer 400 mm lank. Dit word gebruik om die dekgras op 'n hut met tou (thapo ya thutse) vas te werk.

2.2.6 Kgokgothela (dekspaan - Figuur 1.7) - 'n Reghoekige stuk hout met 'n handvatsel aan die bokant. Die onderkant is uitgesny om parallelle groewe te vorm. Die dekspaan word gebruik om die dekgras op 'n hut glad af te werk. Die voorwerp is van Westerse oorsprong.

2.3 Arbeidsverdeling

Die bou van 'n woning is gewoonlik 'n taak wat deur die hele gesin onderneem word, soms met die hulp van verwante en bure. 'n Werksparty (letšema) kan deur die man of die vrou gereël word om hulp te verkry met die uitvoering van die werksaamhede.

Arbeidsverdeling vir die bouwerk vind volgens geslag plaas. Die man is verantwoordelik vir die houtwerk - die versameling van die pale en die oprigting van die raamwerk - en die dek van die dak. Die vrou daarenteen versamel die gras vir die dak. Sy is ook verantwoordelik vir die pleister van die mure en vloere.

Vandag is daar al hoe meer die tendens om die bouwerk uit te kontrakteer aan spesialiste. Die rede lê daarin dat daar van Westerse materiale gebruik gemaak word en nie almal daarmee kan werk nie en ook aangesien 'n groot aantal mans in die stede, waar hulle werksaam is, woon en dus nie self die bouwerk kan uitvoer nie.

2.4 Fondament en mure

Na die keuse van die bouerrein, word dit skoongemaak en word daar begin met die uitmeet van die fondament. 'n Pen word in die middel van die bouerrein ingeslaan en hieraan word 'n tou vasgemaak. Aan die los punt van die tou is 'n stok waarmee 'n sirkel om die pen getrek word om die buitelyn van die hut te bepaal. 'n Slotjie, ongeveer 400 tot 500mm diep, word al op die lyn gegrawe. Die muurpale (dikota) word in die slotjie geplaas en toegegooi. Waar die pale krom is en openinge in die muur ontstaan, word korter

stukke ingevoeg om dit dig te maak. Die pale word so ingeplant dat dit aan die bokant op dieselfde horisontale hoogte eindig. Waar die deur moet kom, word daar twee dik pale ingeplant wat as kosyne dien.

Horisontale versterkings word nou aangebring. Gewoonlik net twee, een naby die grond en een op die bokant van die muur, maar ander kan bygevoeg word indien nodig. Hierdie mabalelo word gemaak van moretlwa-takke wat in bondels teen die muur, aan die binne- en buitekante aangebring word en met lenti ya mooka vasgebind word.

Die mure word gepleister nadat die dakkonstruksie aangebring is. Die vrouens maak dik klei aan wat dan aan die binne- en buitekante van die hut goed tussen die pale ingedruk word. Dié onderlaag klei word ongeveer twee dae gelaat om droog te word, waarna die barste weer met klei opgevul word. Nadat dit droog is, word die mure finaal met 'n mengsel van klei en beesmis glad gepleister.

2.5 Die dak

Die vervaardiging van die dakkonstruksie, asook die dek daarvan, is die werk van die mans.

Die raam van die dak word op die grond gemaak. Vier pale word piramiedvormig vasgemaak. Beginnende van bo na onder word daar horisontale versterkings, ook bekend as mabalelo, aan die binne- en buitekante van die raam vasgemaak. Nog dakpale word ingevoeg om aan die konstruksie uiteindelik 'n koniese vorm te gee. 'n Nokpen (mososo) word aan die bopunt aangebring. Dit dien om aan die konstruksie stewigheid te verleen en ook om die laaste afronding van die dak te bewerkstellig. Na voltooiing word die dakraam op die mure getel en met lenti ya mooka aan die mure vasgemaak.

Die dek van die dak geskied as volg. Eers word 'n onderlaag van letsikiri-gras opgesit, waarna die hoof deklaag aangebring word.

Die gras word met die sade na bo, in konsentriese sirkels, van onder na bo, aangebring en met thapo ya thutse aan die mabalelo vasgewerk. Die gras aan die onderrand van die dak word dan gelyk gestamp. Om die nok van die dak af te werk word 'n mat van gras gemaak en om 'n stok opgerol. Ongeveer die boonste derde van die opgerolde gerf gras word met bas vasgewerk. Die los gras word na drie kante weggebuig. Die gerf wat so gevorm word, ook bekend as mososo, word oor die nokpen geplaas, met die drie los punte na onder. Terwyl dit oor die nokpen in posisie gedruk word, word die stok waarom dit opgerol was, uitgetrek. Die punte word losgemaak en by die ander gras, wat reeds op die dak vasgemaak is, ingewerk om 'n gelyk oppervlakte te vorm. 'n Ring (sebalelwana) word om die nok geplaas. Dit word gemaak van moretlwa-takke wat met lenti ya mooka toegedraai word. Die sebalelwana kan aan die gras van die dak vasgewerk word of dit kan los lê met 'n paar klippe in om dit vas te hou. Vandag word 'n fietsvelling of motor se buiteband soms vir hierdie doel gebruik.

Twee wyses vir die dek van 'n dak word aangetref. In die eerste geval word die gras, soos dit in die verskillende lae aangebring word, gelaat en vorm dit in effek 'n aantal trappies tot by die nok van die dak (Foto 25). Hierdie wyse van dek staan bekend as methemane. Die tweede metode word op dieselfde wyse gedoen, maar in stede daarvan om die gras in trappies te laat, word dit met die dekspaan (kgokgothela) gelyk gestamp. Die eerste is blykbaar 'n ouer metode van dek en was veral gebruik voor die dekspaan in gebruik gekom het.

Waar 'n dak oud is en die dekgras begin uitval, kan nuwe gras ingevoeg word. Dun latte word dan bo-oor geplaas en gebruik om die gras mee vas te trek aan die oorspronklike mabalelo aan die binnekant van die dak.

2.6 Die vloer

Die vloer van die hut word ingesit na daar met die pleister van die mure begin word. Gewoonlik word die grond aan die binnekant van die hut self gebruik, na die klippe wat daarin is, verwyder is. Dit kan aangevul word met klei wat van buite ingedra word. Die vloer word met 'n vloerslaner (pato) vasgeslaan en met 'n vryfklip (thitelo) glad gevryf.

Die vloere van die werf (lapa) word op dieselfde wyse aangebring, na die hut voltooi is. Klippies, koeldrankbottelproppies, potskerwe en stukke yster word al op die druplyn van die dak in die vloere ingemessel om te verhoed dat reënwater die vloer gou sal beskadig.

2.7 Deure en vensters

Die gebruik van vensters om lig en lug in te laat, was vroeër onbekend. Vandag vind 'n mens dat daar soms klein openinge in die muur gelaat word tydens konstruksie. Dit dien hoofsaaklik as hulp vir ventilasie, aangesien dit te klein is om deur te kyk of om genoegsame lig in te laat. Dit word gewoonlik met 'n klein houtluikie toegemaak. In wonings wat van Westerse materiale en volgens Westerse style gebou word, word daar gewoonlik 'n aantal vensters aangebring.

Die kosyn vir die deur word ingebou tydens die bou van die raamwerk van die hut. Die tradisionele deur bestaan uit 'n plank, wat uit een stuk hout met 'n dissel (petlwana) gekap was. Dit het twee verlengings aan die een lang sy wat as skarnierpenne dien om die deur te laat draai. Die deur word bevestig deurdat gate in die drumpel en in die latei gemaak word sodat die skarnierpenne daarin pas. Die deure was gewoonlik nie baie groot nie (ongeveer 1500mm hoog en 600mm breed) en 'n persoon moes gebukkend daardeur gaan. Hierdie tipe deure word vandag glad nie meer aangetref nie.

Dit is interessant om te let na die rigting waarin die deure van

die verskillende tipes hutte oopmaak. Alle deure maak na binne oop. Vir die kookhut sit die deur, van buitekant gesien, aan die linkerkantste kosyn vas. Die effek is dus dat 'n persoon van buite, as die deur oopstaan, in die regterkantste helfte van die hut inkyk. By 'n woonhut is dit net die omgekeerde en kan die persoon nie van buite af in die regterkanste gedeelte van die hut inkyk nie. Die rede vir hierdie ommeswaai is nie duidelik nie. In die kookhut is die vuurherd nie in die middel van die vloer nie, maar na regs soos 'n mens in die hut beweeg. Die linkerkanste gedeelte word deur die kinders gebruik om in te slaap en die deur skerm hulle as't ware dus 'n bietjie af. In die slaaphut tref 'n mens die bed na die regterkant aan soos daar inbeweeg word. Deur= dat die deur egter in daardie rigting oopmaak, skerm die deur die bed 'n bietjie af en verleen dit dus meer privaatheid aan die slaapgedeelte van die hut.

2.8 Variante boumetodes

Weens die grootskaalse verandering in tegnologie en die minder bekombaarheid van sekere van die tradisionele boumateriale, het daar 'n groot verandering in die bouetegnologie plaasgevind. Verskeie ander boumetodes, anders as wat hierbo beskryf is, word vandag aangeref.

2.8.1 Roustene (Foto 30 & 31) word gemaak deur klei te meng en dit in 'n steenvorm te gooi en vas te stamp. Sodra die klei 'n bietjie afgedroog het, word dit uitgegooi en in die son gelaat om finaal droog te word. Die stene word op 'n fondament van klip gelê met modder as bindmiddel. Hierdie tegniek word gebruik vir die bou van die mure van wonings sowel as werfmure.

2.8.2 Die kasetmetode: twee planke word aanmekaar bevestig met behulp van twee dwarsplankies aan die bokant. Dit word op die fondament neergesit en vol klei gegooi en vasgestamp.

Die kas word dan al op die muur verder geskuif sodat dit net nie van die gevormde deel afskuif nie, waarna die volgende stuk van die muur gevorm word. Hierdie tegniek word veral gebruik vir die bou van werfmure, maar ook hutte kan so gebou word.

3.8.3 Klip word soms met behulp van klei in 'n muur gemessel (Foto 29). Die klip word nie voorberei nie, maar slegs uitgesoek na min of meer ooreenstemmende grootte. Die tegniek word gebruik by hutmure sowel as werfmure.

2.8.4 Boustene van sement en sand asook bakstene word in toenemender mate gebruik. In sulke gevalle is dit interessant dat daar dan nie tradisionele woningstyle gevolg word nie, maar Westers-georiënteerde style.

3. Hutvorme

Verskeie hutvorme kan onderskei word. Alhoewel almal kontemporêr aangetref word, is dit tog moontlik om 'n chronologiese ontwikkeling aan te dui.

Die vroegste tipe hutte is dié met die oorhangende dak wat 'n veranda vorm (Figuur 11.1; Foto 24). Die veranda (mathudi) word gevorm deurdat 'n tweede sirkel pale, ongeveer 1 000 mm wyer, om die muur van die hut ingeplant word. Die kappe van die dak word verleng en rus op hierdie tweede sirkel (Foto 27). Die dak word dan tot op hierdie punt gedek. Die oorhang van die dak word gewoonlik gebruik as stoorplek vir 'n wye reeks voorwerpe. Hierdie tipe hut kom slegs nog in enkele gevalle voor.

Met verloop van tyd het die bou van dié tipe rondawel afgeneem en het die gewone rondawel al meer in gebruik gekom (Figuur 11.2; Foto 25). Hierdie tipe rondawel kom, veral as kookhut, nog baie voor. Die volgende tipe hut wat aangetref word, is die reghoekige

hut met 'n gras- of sinkdak (Figuur 11.3; Foto 26). Hierdie laasgenoemde twee bouvorme vorm ongeveer 60% van alle woonstrukture wat aangetref word.

Die laaste tipe woning wat onderskei kan word, is dié waarin daar baie van Westerse tegnieke en Westerse boustyle gebruik gemaak word (Figuur 11.4). Bakstene, sement en sinkplaat word veral as boumateriaal gebruik. Vensters, wasbakke en selfs kaste word ingebou. Binnedeure word egter selde aangetref - 'n gordyn word in die opening gehang om as deur te dien. Dit is interessant dat die vertrekke in hierdie wonings nie baie groot is nie. Indien meubels ingebring word, staan dit die hele vertrek vol en kan 'n mens skaars daarin beweeg. Die indruk wat dit skep is dat die mense nog net soos in die verlede na buite lewe, maar tog die behoefte het om hierdie nuwe tipe meubels te besit.

4. Versierings

Net soos pleisterwerk, is die versiering van die wooneenheid die werk van die vrou. Elke vrou versier haar eie hut, asook die lapa-mure. Hierdie aksie geskied gewoonlik in die wintermaande, alhoewel dit vir spesiale geleenthede soos 'n huwelik opgeknip kan word.

Die versierings kom gewoonlik op alle gepleisterde oppervlaktes voor en sluit in verfwerk en vormversiering (modelleerwerk). Twee hoof tipes van verfwerk kan onderskei word, naamlik mispatrone en vlakbedekking met kleurstowwe. Vormversiering sluit in die modelleer van trappe, gate en figure in en op die mure.

Alhoewel nie 'n kleurstof nie, word beesmis gebruik om veral die lapa-vloer en die binnekante van die lapa-mure te versier. In laasgenoemde geval word nie die hele muur versier nie, maar gewoonlik net tot op die hoogte van die bankie (mmotwana) wat rondom die binnekant van die lapa gebou is. Die patrone bestaan daar=

uit dat die vingers deur die nat beesmis, wat op 'n oppervlakte gesmeer is, getrek word. Geometriese patrone soos reghoeke en driehoeke word op hierdie wyse ingevul met parallelle strepe of gegolfde lyne. Hierdie versieringswyse kom steeds algemeen voor.

Die gebruik van kleurstowwe vorm die algemeenste wyse van versiering. Die kleurstowwe is gewoonlik grondkleure wat lokaal aangetref word en word aangewend deur die kleurstof met water te meng en dit met die hand aan te wend. Die hoofkleure wat gebruik word is bruin, rooi-bruin, grys en wit. Daar word baie min van moderne verf-stowwe gebruik gemaak en dan slegs waar die boustyl oorwegend Westers is. Kleurstowwe word gewoonlik op alle vertikale vlakke aangebring, behalwe byvoorbeeld aan die agterkant van 'n hut, wat gedeeltelik buite die lapa val, asook aan die binnekant van 'n hut soos die kookhut. Die muur as geheel word 'n spesifieke kleur geverf, waarna verskillende motiewe in ander kleure daarop aangebring word.

Die verskillende motiewe wat aangebring word is gewoonlik geometries van aard en sluit in kruise, chevronpatrone en diamante. Groot reghoekige blokke word ook algemeen aangebring. Dit het gewoonlik 'n smal kleurband om, om die kleur van die reghoek self beter te laat uitstaan. Die vier sye, of soms die hoeke, van die reghoek is ingedui om daaraan 'n meer abstrakte vorm te gee (Figuur 12.1). Versierings wat van speelkaarte verkry is, word ook aangebring en sluit in harte, klawers en skoppens. Enkele meer komplekse motiewe word ook aangetref (Figuur 12.3). Dit is meerendeels gebaseer op driehoeke as kernelement, wat dan aanmekaar geskakel word op verskillende wyses en vorm verskillende gestilleerde patrone. Laasgenoemde motiewe is egter skaars en die betekenis daarvan is nie bekend nie.

Hutmure word gewoonlik aan die buitekant verdeel in 'n onderste en 'n boonste vlak. Die onderste vlak, wat tot op 'n hoogte van ongeveer 1000 mm tot 1500 mm strek, is donker van kleur, terwyl die

boonste deel lig van kleur is. Die skeidslyn tussen die twee kleure kan of 'n reguit lyn of 'n gekartelde patroon wees (Figuur 11.2-3).

Vormversiering (Foto 35) kom ook voor, alhoewel in 'n baie beperkte omvang. Die word hoofsaaklik by die ingang tot die lapa aangetref. Die belangrikse kenmerk van hierdie tipe versiering is die aanbring van klein muurtjies aan weerskante van die ingang, reghoekig teen die lapa-muur. Hierdie muurtjie word versier deur die aanbring van gate volgens 'n spesifieke patroon, trappies-gewels of figure, soos 'n klawer, wat uit klei gevorm word. In enkele gevalle word 'n boog bo-oor die ingang gevorm.

5. Ameublement

Onder hierdie term word ingesluit vaste sowel as beweegbare voorwerpe wat binne en soms buite die verskillende hutte aangetref word.

5.1 Mmotwane: Aan die binnekant, agter in die woonhut, word daar soms 'n lae bankie van klei gebou. Dit dien as stoor- of sitplek en stem ooreen met die lae bankies wat aan die binnekant van die lapa-mure gebou word.

5.2 Mphego: Dit is 'n balk wat aan die binnekant van die slaaphut, op ongeveer kophoogte, aangebring word as die hut gebou word. Die lengte van die balk varieer na gelang van smaak, en kan twee tot drie meter lank wees. Die mphego word gebruik om voorwerpe soos klere, slaapmatte en komberse aan op te hang.

5.3 Legogo (slaapmat - Figuur 18.2): Dit is 'n groot reghoekige mat (1600 mm by 680 mm) wat gemaak word van mohlahla-biesies. Die eerste gedeelte van elke kort kant van die mat word vasgevleg, waarna die res met 'n naald en tou vasgewerk word

(straight sewn-tegniek) (sien 3:3.2.3). Die mat word gebruik om op te slaap, maar kleiner weergawes word veral deur ouer vrouens gebruik om op te sit.

5.4 Lethebo (kombers): Dit is 'n gebreide beesvel waaronder geslaap word. Dit kom vandag glad nie meer voor nie.

5.5 Mosamelo (nekbankie - Figuur 6.7): Die voorwerp bestaan uit 'n houtblok in die vorm van 'n baksteen, wat effens konkaf is aan die bokant. Klein pootjies kan op die onderste vier hoeke uitgekerf word. Gewoonlik word 'n ligte hout soos mokgorokgoro gebruik, alhoewel hout soos monee ook gebruik kan word. Die nekbankie word onder die nek geplaas as daar geslaap word. Dit word vandag glad nie meer aangetref nie.

5.6 Setulo (stoel - Figuur 6.6): Dit is klein bankies of stoeltjies wat gemaak word van 'n stuk soliede hout, wat so gekap word dat drie of meer van die natuurlike takke die pote vorm. Die setulo word deur mans in die kgoro gebruik; vrouens gebruik dit nooit nie, maar sit op die grond.

5.7 Sebešo (vuurherd - Foto 33): Dit word in die kookhut of in die lapa aangetref. Al die kos word hier voorberei (sien 3:11.3);

Vandag word daar 'n groot hoeveelheid meubels van Westerse oorsprong in elke huishouding aangetref. Die sitkamer en eetkamer word gewoonlik gekombineer met die sitkamermeubels in 'n kring om die eetkamermeubels. In die slaapkamers is daar beddens, kaste, asook 'n verskeidenheid kiste en koffers. Laasgenoemde twee voorwerpe word amper permanent gebruik vir die bêre van klere en kan dus as meubels gereken word. Sommige van die meer vooruitstrewende huishoudings beskik oor luukshede soos parafien-yskaste en gramradio's. Onvermydelik is die uitstalkas in die sitkamer, waarin die breekware uitgestal word. Verskillende prente, veral

die met 'n godsdienstige strekking, almanakke en familie-foto's teen die mure rond die huis af.

6. Afskortings en mure

Die leefruimte van die Molepo behels meer as net die kook- en slaap=
hutte. Meeste van die daaglikse aktiwiteite vind buite in die lapa (werf) plaas. Dit is omring deur 'n lae muurtjie (modutudu), 1,2 tot 1,5 meter en soms hoër. Die aanvanklike tipe werfmuur (lefago - Foto 34) het bestaan uit 'n muur van riet en fyn takkies wat in die grond ingeplant is. Op verskillende hoogtes (ongeveer 500 mm tot 800 mm uitmekaar) word dit dan vasgemaak deur horison=
tale versterkings aan te bring. Dié tipe muur word vandag nog net aangetref om 'n sebešo wat buite die werf geleë is.

Een van die belangrikste afskortings is die kgoro. Dit is die plek waar die mans bymekaarkom en die grootste deel van die dag deurbring. Onder normale omstandighede is die kgoro voor die woonkompleks geleë en sluit dit die beeskraal in. Dit was gebou van dik pale (soms tot 2 meter hoog), wat met takke dig gemaak was. Die kgoro van kaptein Molepo bestaan vandag uit 'n ruim saal, met 'n aantal kantore vir administratiewe personeel.

Vanweë die feit dat die vestigingswyse nie meer tradisioneel is nie, het die oorspronklike nut van die heinings en mure verlore gegaan. Die mure was oorspronklik nie net om mense en diere uit te hou nie, maar ook om die een gesinne-eenheid as groep te om=
sluit en af te skei van ander naburige groepe.

7. Krale en hokke

7.1 Lesaka (beeskraal - Foto 37): Die beeskraal vorm 'n baie belangrike punt in die wooneenheid. Dit is langs die kgoro geleë, sodat die man sy beeste kan dophou as hulle uitgaan veld toe en as hulle terugkeer. In die dele waar klip volop

is, word 'n lae muur van klip gebou. Dik houtstompe word dan langs die muur aan die binnekant van die kraal ingeplant, om die muur hoër te maak. Dunner pale en takke word tussen=in geplaas om die kraalmuur dig te maak. Die ingang word toegemaak deur pale skuins voor die opening te plaas. In die middel van die kraal word soms 'n dik paal ingeplant waarteen die beeste hulle kan skuur.

'n Kleiner kraal word langsaan gebou en dien as kalwerhok. Soms word daar slegs 'n deel van die kraal afgeskort vir die kalwers. Stukke sinkplaat word vandag bo-oor aangebring om koelte vir die kalwers te maak. In die verlede was pale en takke vir hierdie doel gebruik.

7.2 Lešaka la dipudi (bokkraal): Die bokkraal lyk soos die kalwerhok, maar die pale word digter teen mekaar ingeplant aangesien die bokke maklik kan uitkom. 'n Dak van sinkplaat kan ook aangebring word. Die kraal vir die bokke word gewoonlik teen die buitemure van die beeskraal gebou.

7.3 Mohlahlana (varkhok): Baie min varke word aangehou. In die gevalle waar varke wel voorkom, is daar 'n afsonderlike hok van pale enkele meter vierkant. Varke loop gewoonlik los in die omgewing van die werf rond.

7.4 Hoenderhokke (Foto 38): Hokke van verskillende aard word vir hoenders gebou, byvoorbeeld 'n platdakhok van kleibakstene en sinkplaat, of 'n koniese hutjie van gras en latte. Oor die algemeen loop die hoenders egter los en slaap hulle in bome en struik wat in en om die werf groei.

8. Graanhouers

Die berging van graan volgens die verskillende tradisionele metodes vind vandag glad nie meer plaas nie. Die rede lê daarin dat daar nie groot surplusse geproduseer word nie en dat die meeste

mense nou daarop ingestel is om voedsel te koop. Graan wat wel geproduseer word, word in goiingsakke geberg.

8.1 Droging: Vir die droging van graan word daar 'n lae platform (lešala) langs die land gebou. Die struktuur word gevorm deur vier pale reghoekig op 'n aantal klippe te lê en die opening dan toe te maak met pale wat dwars oor die eerstes gelê word.

Soms word daar, in stede van klippe op die hoeke, vier mikstokke ingeplant. Twee pale word dan in die lengte oor die mikke geplaas en die platform word voltooi soos in die vorige geval. Die graan word miedvormig daarop gepak sodat reënwater maklik kan afloop. Dit word hierop gelaat tot dit uitgedroog het, waarna dit op die dorsvloer uitgeslaan word.

8.2 Graanputte: Oortollige graan was vroeër in putte in die beeskraal gehou (sien 4:1.3.1).

8.3 Letlolo (graanhutjie - sien 4:1.3.2): Hierdie konstruksie kom glad nie meer voor nie. Na beskrywing van informante is 'n platform, net soos die vir die lešala, gebou. Die verskil is egter dat dit kleiner en sirkelvormig is. Hierop word daar 'n muur van pale, wat toegepleister word, aangebring. Die dak is konies en word gemaak net soos 'n gewone hut se dak. Dit word egter nie vasgeheg aan die houer nie, maar pas los daarop - dit dien dus as deksel en word afgehaal as die graan ingegooi of uitgehaal word.

8.4 Graanmandjies: Verskillende groottes graanmandjies was ook gebruik vir die berg van graan (sien 4:1.3.1).

9. Ander strukture

- 9.1 Kgwadi: Die struktuur word in die kgoro gebou. 'n Aantal pale word in 'n sirkel geplant en daarop word 'n grasdak, soos vir 'n gewone hut, aangebring. Die mure word ooggelaat. Die mans soek bedags die skadu van die kgwadi op as hulle in die kgoro sit.
- 9.2 Mokutwana: Dit is 'n klein skuilinkie wat in die landerye opgerig word as die gesaaides opgepas moet word teen voëls en wildsbokke. Na beskrywing bestaan dit slegs uit 'n aantal pale wat skuins teen mekaar geplaas word en dan met gras en takke toegepak word.
- 9.3 Toilette: Buite-toilette volgens die putstelsel word vandag agter in elke erf aangetref.
- 9.4 Inisiasie-ruimtes: Die afskorting vir die insisiasieskool van die seuns is sirkelvormig en word van doringtakke en pale gebou. Volgens informante het dit gewoonlik twee ingange - een vir die inisiant (badikana) en 'n ander vir die mans en leiers van die seremonie. Al aan die binnekant van die muur word daar slaapplek vir die verskillende groepe ingerig, die mans aan die eenkant en die seuns aan die ander kant. Na afloop van die seremonie word die hele struktuur aan die brand gestee. Alle klere en gebruiksartikels wat gebruik was, word ook verbrand. Om die plek te merk waar die struktuur gestaan het, word daar 'n klipstapel, bekend as phiri, opgerig.

10. Samevatting

Die tradisionele vestigingswyse onder die Molepo het uit verskillende statte bestaan. Elk was weer uit verskillende woonkomplekse saamgestel. Elke woonkompleks het normaalweg 'n groter gesinne-eenheid gehuisves. Die aanvanklike rangskikking van die huishoudings binne hierdie woonkomplekse was gebaseer op die plaas-

sing van die man se verskillende vrouens en het volgens vasgestelde reëls plaasgevind.

Vandag is die norm waarvolgens vestiging plaasvind die kleiner gesinne-eenheid en moet dit gesien word as 'n voortvloeiende uit die vestiging in blokvorm. Die uitleg van die huishouding het ook 'n verandering ondergaan vanweë hierdie verandering in vestigingspatroon. Al die hutte word nou om 'n sentrale oop ruimte gerangskik en die mafuri, of agterplaas, het grootliks verdwyn. Aan die voorkant op die erf kom die beeskraal en kgoro voor - dit is egter gewoonlik klein in omvang. Die res van die erf dien as tuin waar groente geplant word, veral groenmielies.

Die aanvanklike bouetegniek was die gebruik van pale en klei, maar 'n verskeidenheid van ander metodes en materiale word vandag ook gebruik, naamlik roustene, die kasmethode, klip en bakstene.

Die hutvorme het ook 'n verandering ondergaan. Alhoewel die rondawel as struktuur nog voorkom, kry reghoekige strukture tans die voorkeur. Westerse boumateriale is meer geskik vir reghoekige strukture, byvoorbeeld sinkplaat vir die dak.

Alhoewel die verskillende muuropervlaktes versier word, is dit gewoonlik eenvoudig van aard. Die versierings kan onderverdeel word in mispatrone, die aanwending van kleurstowwe en die gebruik van vormversierings. Elk van hierdie genoemde tipes versierings kom gewoonlik op spesifieke plekke voor.

Die tradisionele tipe meublement kom amper glad nie meer voor nie. In stede daarvan tref 'n mens 'n groot hoeveelheid meubels van Westerse oorsprong aan. Dit sluit in funksionele sowel as luukse voorwerpe.

'n Verskeidenheid ander strukture word ook aangetref. Dit sluit in die verskillende afperkinge vir diere, asook spesiale strukture

soos die inisiasieruimtes. Die tradisionele wyse vir die berging van graan kom nie meer voor nie en bestaan, soos baie ander aspekte van die vestiging en bouforme, slegs in die geheue van die informante.

HOOFSTUK 6

HUISGEREEDSKAP

Hierdie hoofstuk het in breë trekke te make met alle voorwerpe wat die vrou in haar alledaagse dagtake, soos die voorbereiding van maaltye en die instandhouding van die wooneenheid, gebruik. Dit sluit in houtvoorwerpe, vlegwerk, kalbasse, keramiekware en enkele ander voorwerpe wat nie van die genoemde materiale gemaak word nie.

Die verskillende stukke tradisionele huisgereedskap word meereendeels handvervaardig deur enersyds die persoon self of andersyds deur spesialiste (sien Hoofstuk 3). In laasgenoemde geval kan die huisvrou hierdie voorwerpe van die spesialiste koop, dit ruil (byvoorbeeld vir die inhoud daarvan in graan) of sy kan dit verdien deur arbeid (byvoorbeeld deur 'n land te skoffel) in ruil daarvoor te doen.

Hierdie voorwerpe is die eiendom van die vrou. Na haar afsterwe word dit deur haar dogters geërf, wat dit onder mekaar verdeel. Soms kan dit gebeur dat 'n man ook van hierdie voorwerpe besit, byvoorbeeld 'n kragdokter wat dit gebruik in die voorbereiding van medisyne. Dit sal in so 'n geval nooit deur 'n vrou gebruik word in die voorbereiding van voedsel nie.

In die verlede was daar sekere verbodsbepalings ten opsigte van die hantering van huisgereedskap deur mans. Slegs enkele voorbeelde kon in hierdie opsig nog deur informante verskaf word. So mag 'n man byvoorbeeld nie uit 'n kleipot eet nie. Ook mag hy nie 'n maaklip gebruik nie. 'n Ander, meer obskure bepaling lui dat 'n man nie met 'n roerstok (lefehlo) geslaan mag word nie. Hierdie verbodsbepalings word nie meer streng toegepas nie, met die gevolg dat inligting daaromtrent baie karig is en verklarings vir sulke bepalinge nie gevind kon word nie.

By die bespreking van die verskillende tipes huisgereedskap word die voorwerpe volgens die materiaal waarvan dit vervaardig is, saamgegroepeer.

1. Huisgereedskap

1.1 Houtvoorwerpe (sien 3:2)

Verskillende houtvoorwerpe hou verband met die voorbereiding sowel as die bediening van voedsel.

1.1.1 Lehuduo (papspaan - Figuur 5.9): Dit is 'n lepelagtige spaan, ongeveer 500 mm lank, wat gebruik word vir die omroer van pap as dit gekook word. Enige tipe hout, soos byvoorbeeld mohlokohloko, kan gebruik word.

1.1.2 Leho (lepel - Figuur 5.6): Dit is 'n lepel, ongeveer 580 mm lank, bestaande uit 'n sentrale steel met 'n plat, ovaalvormige skepgedeelte (ongeveer 50-80 mm breed) aan elke kant. Dit word gebruik vir die opskep van groente en pap. Mosehlahout kan gebruik word vir die vervaardiging daarvan.

1.1.3 Lefehlo (roerstok): Dit word deurgaans van morobe-hout gemaak en word gebruik vir die inroer van meel as pap of bier gemaak word (in laasgenoemde geval is die lefehlo wat gebruik word amper twee keer so groot), of as dikmelk gemaak word. Twee tipes kan onderskei word. 'n Ouer tipe (Figuur 5.8) bestaande uit 'n houtsteel, ongeveer 700 mm lank, waarvan die onderste derde vierkantig afgewerk is. Hierdeur word twee teenoorstaande gate gebrand, ongeveer 60 mm uitmekaar en twee stokkies (140 mm lank) word dan deur die gate aangebring. In die tweede (Figuur 5.7), meer moderner vorm, word draad gebruik. In stede daarvan om net twee gate deur te brand, word daar nou vier gemaak. Die draad word dan aangebring om twee teenoorstaande ovaalvor-

mige ringe te vorm.

- 1.1.4 Kgamelo (melkemmer - Figuur 5.5.): Dit is 'n koniese beker, ongeveer 300 mm hoog, van 'n sagte hout soos mosehla of morula. Aan die een kant is daar 'n lang vertikale handvatsel uitgesny. Die voorwerpe word deur mans gebruik vir die melk van beeste en bokke.
- 1.1.5 Mogopo (houtbak - Figuur 5.3): Dit is 'n ronde, vlak houtbak, soms met 'n klein voetstukkie aan die onderkant. Die bak word versier deurdat twee of meer ringe onder die lip ingekerf word. Die deursnee van dié tipe bakke wissel van 250 mm tot 375 mm. Dit is van 80 mm tot 150 mm hoog. In die meeste gevalle word dit van morula-hout gemaak. Dit word deur mans gebruik om pap uit te eet en om pap aan die seuns te stuur tydens hulle verblyf in die stamskool. Indien 'n man se pap in 'n mogopo vir hom gebring word, word die buitekant met kalk (motaga) wit gekleur en word dit in 'n koniese mandjie (serotwana) geplaas en met 'n wandeksel (tshelwana) toegemaak.
- 1.1.6 Lehudu le motshe (stampblok en stamper - Figuur 5.1) Dit dien vir die fynstamp van mielies, koring en ander graan=soorte. Die stampblok bestaan uit 'n stuk morula-hout (650 mm hoog en 270 mm in deursnee) wat van bo tot op 'n diepte van 300 mm uitgehol is. In die middel, aan die buitekant, kom daar 'n uitgekerfde rif voor. Die stamper is van mošwana-hout, ongeveer 870 mm lank en glad afgewerk.

1.2. Vlegwerk (sien 3:3)

Die volgende vlegwerk hou verband met die voorbereiding en bediening van voedsel.

- 1.2.1 Leselo (wanmandjie - Figuur 4.2): Dit is 'n vlak mandjie,

ongeveer 100 mm hoog en 460 mm in deursnee. 'n Mat word van mogeletlwa-houtstroke volgens die keper tegniek gevleg en in 'n raam van mphahla-hout geplaas en met lebipi-ranke vasgevleg. Die leselo word gebruik om graan mee uit te wan, om meel mee te sif, of om groente en ander voorwerpe in te hou. Die buitekant word met beesmis gesmeer as daar meel in gehou word sodat dit dig sal wees en die meel nie kan deurval nie.

- 1.2.2 Tshelwana (deksel): Dit is 'n kleiner weergawe van die wanmandjie en is ongeveer 80 mm hoog en 330 mm in deursnee. Die vervaardigingswyse en materiaal is dieselfde as by die leselo. Die tshelwana kan ook as wanmandjie dien, maar word veral as deksel gebruik as daar pap in 'n houtbak (mogopo) binne die serotwane aan 'n man bedien word.
- 1.2.3 Seroto (dramandjie - Figuur 4.3): Die mandjie word volgens die spiraaltegniek gevleg. Tharahane-lote word in die spiraal gebruik en aanmekaar gewerk met lebipi-ranke. Die mandjie is konies van aard, ongeveer 155 mm hoog en 550 mm in deursnee aan die bokant. Aan die onderkant is dit ongeveer 150 mm in deursnee. Die onderkant is ook effens ingedui sodat dit maklik op die kop gedra kan word. Die seroto word veral tydens die insameling van die oes, maar ook vir die bère van voorwerpe en groente, gebruik.
- 1.2.4 Serotwana (dramandjie): Dit is 'n kleiner weergawe van die seroto. Dit word op dieselfde wyse en van dieselfde materiaal as die seroto gemaak, maar is ongeveer 155 mm hoog en 370 mm in deursnee. Die vernaamste gebruik daarvoor is om as houer te dien vir die mogopo waarin 'n man se pap bedien word. Andersins kan dit vir dieselfde doel gebruik word as die seroto.
- 1.2.5 Manki (dramandjie - Figuur 4.1): Soos uit die benaming

afgelei kan word, is hierdie nie 'n tradisionele tipe mandjie nie, maar het dit sy ontstaan in Westerse voorbeelde. Dit word gemaak van mmatšhwatšhwa-ranke en is ongeveer 320 mm hoog en 350 mm in deursnee. Dit is halfbolvormig met 'n handvatsel aan die bokant. Die manki word gebruik vir die dra van groente of ander klein voorwerpe wat vervoer moet word.

1.2.6 Lehlotlo (biersif - Figuur 4.4): Dit is 'n koniese, sakagtige houër gevleg van mehlahla-biesies. Die houër is oop aan die een kant. Dit word gebruik vir die sif van bier. Die bier word aan die oop kant ingegooi en dan word die lehlotlo tussen die hande gewring om die bier deur die kante uit te laat, terwyl die mout agterbly. Die voorwerp is ongeveer 500 mm lank.

1.2.7 Sethebe (meelmatjie - Figuur 18.1): Dit word voor die maalklip geplaas as daar meel gemaal word sodat die meel nie op die grond val nie. Dit kan ook gebruik word vir die voorsit van pap. Die matjie is byna reghoekig, met twee sye wat dunner word na die middel en dan weer breër word. Dit word van mohlahla- en motolo-biesies gevleg. Die mat is ongeveer 500 mm lank en 600 mm breed.

1.2.8 Sešego (graanmandjie): sien 4:1.3.1.

1.3. Kalbasse

Die verskillende tipes kalbasse word voorberei (Foto 20) deur dit oop te sny, aan die binne- en buitekante skoon te skraap en dit dan 'n tydlank in water te kook. As die opening te klein is om die kalbas aan die binnekant skoon te skraap, word daar kookwater ingegooi, waarna dit 'n paar dae gelaat word om sag te word. Die sade en vlees kan dan maklik uitgekrap word.

- 1.3.1 Legapa (Figuur 7.1): Dit is 'n groot, amper bolvormige kalbas met 'n klein gaatjie waar die stingel was. Dit word gebruik om water vanaf die rivier te dra, of om bier in te hou. Die legapa word met 'n skepkalbas (morutlo) gevul en as dit gedra word, word die opening met 'n mieliestronk toegemaak.
- 1.3.2 Phafa (Figuur 7.7): Dit is ook 'n bolvormige kalbas, maar kleiner as die legapa. Die phafa word veral gebruik om bier in te vervoer na feesgeleenthede, maar dit kan ook gebruik word om water of bier in te hou.
- 1.3.3 Ntšhahla (Figuur 7.3): Dit is 'n verdere bolvormige kalbas, maar dit word in die helfte deurgesny. Gewoonlik dien dit as papbord, maar dit kan ook gebruik word om water of bier uit te drink. Vir 'n man word sy ntšhahla vol pap in 'n serotwana geplaas en met 'n tshelwana toegemaak.
- 1.3.4 Sethepa (Figuur 7.5): Dit is soortgelyk aan die ntšhahla, maar kleiner. Dit word gebruik om slap pap in te hou as babas gevoer word.
- 1.3.5 Sego (Figuur 7.4): Dit word gemaak deur 'n bolvormige kalbas in dielengte oop te sny, dit wil sê vanaf die punt waar die stingel was tot by die naeltjie, en vertoon gevolglik effens driehoekvormig van bo gesien. Die sego word ook gebruik vir die bediening van pap.
- 1.3.6 Sefago (Figuur 7.2): Dit lyk wat vorm betref soos 'n klein sego, of dit kan gemaak word van die klein stukkie wat oorbly as byvoorbeeld 'n ntšhahla oopgesny word. Dit dien hoofsaaklik as meelskepel of om water mee te skep en in 'n gapa te gooi.
- 1.3.7 Morutlo (Figuur 7.6): Dit is 'n langsteelkalbas waarvan die bolgedeelte oopgesny is. Dit dien as skepkalbas vir vloeistowwe soos water en bier, of dit kan ook gebruik word

om vloeistowwe mee te drink. Die heel groot morutlo word gebruik by die brou van bier waar dit as 'n soort roerlepel gebruik word.

1.4 Keramiek (sien 3:7)

Sestien verskillende tipes keramiek voorwerpe word onderskei. Alhoewel die voorwerpe hier na hul funksie onderskei word, is dit nie absoluut nie en kan elk ook vir ander doeleindes gebruik word. Byvoorbeeld, wat hier as pitšā ya bogobe onderskei word, kan ook gebruik word vir die kook van boontjies en stampielies, in welke geval die pot dan bekend sal staan as pitšā ya dikgobe. Indien die pot egter vir die eerste keer vir 'n spesifieke doel gebruik word, sal dit volgens daardie doel benoem word en altyd daarna dieselfde gebruik hê. 'n Soortgelyke voorwerp kan met ander woorde 'n ander benaming hê en vir 'n ander doel gebruik word.

Die groottes (afmetings word in Tabel 3 gegee) van die verskillende houers varieer ook na gelang van smaak. Indien 'n vrou 'n groot familie het, sal sy 'n groot pot, byvoorbeeld 'n pitšā ya bogobe (pappot) gebruik om groente in te kook (pitšā ya morōgō), alhoewel die groentepot teoreties altyd kleiner as 'n pappot is.

1.4.1 Nkgō: Dit is 'n baie groot bolvormige pot met 'n verdikte, geronde lip. Die versierings is baie eenvoudig en bestaan uit net een of twee ingesnyde lyne op die skouer van die pot, soms met grafiet tussen die lyne en die lip van die pot. Die nkgō word gebruik vir die brou van bier en staan gewoonlik in 'n stoorhut.

1.4.2 Dipitšā (Figuur 9.2): Hieronder word drie verskillende groottes kookpotte onderskei. Al drie is bolvormig en het as versiering slegs 'n enkele ingesnyde lyn op die skouer van die pot. Soms word die gedeelte tussen die ingesnyde lyn en die lip met grafiet gekleur.

- 1.4.2.1 Pitšá ya bogobe: Dit is 'n kookpot vir pap, maar kan ook gebruik word vir die kook van boontjies en stampmielies en staan bekend as pitšá ya dikgobe.
- 1.4.2.2 Pitšá ya morôgô: Dit is die middelslag grootte pitšá en word gebruik vir die kook van groente of vleis.
- 1.4.2.3 Pitšá ya sehlare: Dit is die kleinste kookpot en word gebruik vir die kook van medisyne of 'n bietjie slap pap vir babas.
- 1.4.3 Motšega wa meetse (Foto 21): Dit vorm naas die nkgô die grootste pot wat deur die Molepo gebruik word. Dit is bolvormig, met 'n verdikte, geronde lip en die versiering bestaan uit twee of drie ingesnyde lyne op die skouer van die pot, wat afwisselend met rooi-okker en grafiet ingekleur is. Soms word ingesnyde lyne in bande om die pot aangebring. Die motšega wa meetse word gebruik vir die hou van water en staan gewoonlik in die lapa in 'n skadukol.
- 1.4.4 Motšega wa bjalwa (Figuur 9.1): Dit is 'n bolvormige pot met 'n aantal bande en boë, afwisselend met rooi-okker en grafiet ingekleur, as versiering op die skouer van die pot. Die motšega wa bjalwa word gebruik vir die voorsit van bier tydens bierpartye. Indien daar nie baie mense teenwoordig is nie word daar 'n kleiner motšegana wa bjalwa gebruik.
- 1.4.5 Motšega wa maphotho: Alhoewel dit hier afsonderlik aangedui word, is dit slegs 'n gewone motšega wa bjalwa wat gebruik word vir die kook van suurpap. Dit word in 'n pitšá ya bogobe gekook, waarna dit in die motšega wa mapocho gegooi word en gelaat word om suur te word. Na vorm en versiering stem dit ooreen met die bierpot, maar is gewoonlik kleiner.
- 1.4.6 Tetšo ya maswi (Figuur 8.5): Na vorm en grootte stem hier=

die voorwerp ooreen met die pitša ya morôgô, maar met die verskil dat dit 'n gat (20 mm in deursnee) in die bodem het. Die gat kan of in 'n ou pitša gemaak word, of dit kan gemaak word as die klei nog nat is voor die pot gebak word. Die tetšo word gebruik vir die maak van dikmelk. Melk word in die tetšo gegooi. Laasgenoemde word bo-op 'n pitšana geplaas en die gat onderin word met 'n klein stukkie meelmat (sethebe) (50 mm by 80 mm) bedek. Die wei (dikmelkwater) kan nou deur die matjie sypel en in die onderste pot inloop. Die proses word herhaal tot die tetšo vol dikmelk is. Soms word die tetšo ook van kalbas gemaak, maar die beginsel en prosedure bly dieselfde.

1.4.7 Moruswi wa maswi (Figuur 8.4): Dit is 'n groot koniese bak met 'n geronde bodem en het gewoonlik nie versiering nie. Dit word uitsluitlik gebruik om melk in te kook of om die melk in te laat sodat dit suur kan word, waarna dit in die tetšo gegooi word.

1.4.8 Lehlapelo (Figuur 8.1): Dit is 'n koniese bak met 'n plat staanvlak. Die buitekant is uitvoerig versier met bande en groot vlakke wat afwisselend met grafiet, rooi-okker en ingesnyde lyne ingevul is. Die binnekant is ook met grafiet ingekleur. Die lehlapelo word deur mans gebruik om hulle hande in te was voor ete, terwyl die vrou 'n kalbas of ou potskerf gebruik om in te was. Die feit dat die man 'n spesiale bak het om in te was dui op die respek wat daar van die kant van die vrou teenoor haar man bestaan. Gewoonlik ontvang die vrou op haar troudag 'n lehlapelo van haar skoonouers, wat dan deur haar man gebruik word.

1.4.9 Thiswana (Figuur 8.2): Dit is 'n klein bolvormige bakkie met 'n ronde bodem, wat gebruik word vir die voorsit van 'n man se bykosse (sešebo). Net soos die lehlapelo word dit slegs deur die man gebruik. Die thiswana is selfs nog uit=

voeriger as die lehlapelo versier, maar waar swart die meer dominante kleur is by laasgenoemde, is die thiswana meer rooi.

1.4.10 Setlou (moruswi- Figuur 8.3): Dit is 'n koniese voorwerp met 'n uitgebreude rif aan die bokant wat as handvatsel dien. Die setlou word as deksel op kookpote gebruik. Normaalweg word dit, net soos die dipitša nie versier nie.

1.4.11 Snuifmalers: Hiervan word daar drie tipes onderskei:

1.4.11.1 Serekele: Dit is 'n diep bak met amper vertikale sye. Aan die binnekant is die bodem en die onderste gedeelte van die sykante rasperagtig gemaak deurdat parallelle lyne, in blokke, in die nat klei ingesny word. Die maalkwerk word (soos in 'n vysel) met 'n kort stok, as stamper, gedoen. Hierdie voorwerp kon nie meer opgespoor word nie.

1.4.11.2 Moruswi wa letsoko: Anders as die voorgenoemde serekele is hierdie 'n plat, vlak bak, waarvan die binnekant op dieselfde wyse rasperagtig gemaak is as die serekele. 'n Ronde spoelklip word gebruik om die tabakblare tot snuif te vryf. Hierdie voorwerp kon ewe-eens nie opgespoor word nie.

1.4.11.3 Lengeta la go šila letsoko: Dié voorwerp word nie spesiaal gemaak nie. Dit is 'n ou stuk potskerf wat gebruik word om snuif in te maal. Die potskerf het nie ingesnyde groewe nie, maar dit funksioneer net soos die moruswi wa letsoko. Die tabakblare word ook met 'n spoelklip daarin fyn gevryf.

1.4.12 Blompoto (Figuur 8.6): Soos deur die benaming aangedui word, is hierdie nie 'n tradisionele tipe kleipot nie. Dit is 'n gewone motšegana wa bjalwa, waaraan die pottebakster

TABEL 3: KERAMIEKWARE

Tipe voorwerp ¹⁾	Hoogte mm	Deursnee mm	Binne-deursnee van opening mm	Volume liter
<u>Nkgô</u>	515	565	310	80,0
<u>Pitša ya bogobe/ dikgobe</u>	225	295	185	8,5
<u>Pitša ya morôgô</u>	180	245	160	4,0
<u>Pitša ya sehlare</u>	135	177	110	1,7
<u>Motšega wa meetse</u>	415	478	250	46,0
<u>Motšega wa bjalwa</u>	245	326	155	12,0
<u>Motšegana wa bjalwa</u>	220	280	145	7,8
<u>Motšega wa mapotho</u>	190	236	135	5,0
<u>Tetšo ya maswi</u>	193	262	173	-
<u>Moruswi wa maswi</u>	170	335	315	6,0
<u>Lehlapelo</u>	115	255	240	2,2
<u>Thiswana</u>	105	190	175	1,2
<u>Setlou (Moruswi)</u>	134	270	255	-
<u>Serekele</u>	-	-	-	-
<u>Moruswi wa letsoko</u>	-	-	-	-
<u>Blompoto</u>	205	235	90	4,5

1) Die aangeduide afmetings is slegs van toepassing op 'n enkele voorbeeld van elke tipe voorwerp. Die tabel dien dus slegs as breë riglyn van wat die grootte en inhoud van die verskillende voorwerpe is. In gevalle waar daar geen afmetings aangedui word nie, is dit weens die feit dat hierdie voorwerpe nie opgespoor kon word nie.

'n kort nek aangebring het. Die blompoto word net as versiering in die huis gebruik.

1.5 Ander voorwerpe

Enkele ander voorwerpe, gemaak van diverse materiale, word ook gebruik in die voorbereiding van voedsel.

1.5.1 Lwala le tšhilo (Maalklip en maler - Figuur 5.2): Dit word gebruik vir die maal van graan tot meel. Die maalklip bestaan uit 'n groot reghoekige klip, ongeveer 500 mm by 300 mm, met 'n redelike plat oppervlakte. Die maler is gewoonlik gerond en effens plat aan die een kant. Aangesien die maalklip beter maal as dit effens grof is, word dit met 'n hamerklip (kgakgešo of patolo) gekap om die oppervlakte grof te kry. Laasgenoemde is gewoonlik 'n effens langwerpige klip; die endte toon gewoonlik pokmerke soos dit op die lwala gebruik word. 'n Meelmatjie (sethebe) word voor die maalklip geplaas en 'n klein besempie van bobbejaanstert (thutse) word gebruik om die maalklip skoon te vee. Benewens die individuele maalklip wat in die huishouding aangetref word, is daar ook nog gemeenskaplike maalklippe wat deur die vrouens gebruik word. Hierdie maalplekke is geleë waar daar 'n klipplaat is wat binne bereik is van 'n aantal huishoudings (Foto 22).

1.5.2 Lehlabo (Figuur 5.4): Dit is 'n mes gemaak uit die ribbeen van 'n bees. 'n Stuk been, beginnende by die potjie, ongeveer 135 mm lank, word in die lengte gesplits om aan die smal kant 'n skerp vlak te vorm. Die potjiegedeelte dien as handvat en pas mooi in die hand. Die lehlabo word gebruik om morula-vrugte uit te dop, of om groente soos pampoene mee oop te sny. Vandag word die voorwerp nie meer uit been gemaak nie, maar somer uit 'n stukkie hout wat aan die een kant skerp gemaak word.

2. Higiëne

2.1 Voorwerpe wat verband hou met die skoonmaak en instandhouding van die wooneenheid.

Vanweë die aard van die materiaal waaruit die wooneenheid gebou word, is dit nodig dat daar van tyd tot tyd herstelwerk aan die strukture gedoen sal word. Maar juis vanweë die aard van die materiaal wat gebruik word, is dit ook waar dat daar geen gespesialiseerde gereedskap vir hierdie doel is nie.

2.1.1 Pato (vloerslaner - Figuur 1.2): Dit word gebruik om die vloer mee vas te slaan na dit herstel is. Dit word egter ook gebruik tydens die aanvanklike insit van die vloer (sien 5:2.2.3).

2.1.2 Thitelo (vryfklip): Dit word gebruik om die lapa-vloer mee glad te stryk as dit herstel word. Dit word ook by die insit van die vloer gebruik (sien 5:2.2.4).

Wat die skoonmaak van die wooneenheid betref, word slegs 'n grasbesem (lefielo), bestaande uit 'n bondel gras wat aan die agterkant met 'n stuk tou vasgebind is, gebruik, om die lapa uit te vee. Vir die werf word daar 'n besem van klein takkies gemaak, aangesien dit harder is en nie so maklik breek as die gras nie. Die grootste deel van die skoonmaak en instandhoudingsproses behels natuurlik die smeer van die vloere met beesmis. Dit is 'n proses wat veral in die somer gereeld herhaal word.

2.2 Reiniging van huisgereedskap

Voor daar met 'n maaltyd begin word, word die eetgerei deur een van die dogters gewas. Verweerde sandsteen word verpoeier deur dit op 'n maalklip met 'n maler fyn te stamp. Die poeier, bekend as mogohlo, word met water soos 'n skuurmiddel gebruik om die kalbasse

lepels, borde en ander voorwerpe mee te was. 'n Potskuurder word ook gemaak van 'n stukkie thutse. Na dit gewas is word die houtbak (mogopo) weer met kalk (motaga) wit gemaak.

3. Samevatting

Normaalweg word daar net twee maaltye per dag voorberei - die eerste teen die middel van die oggend (09h00 - 10h00) en die ander in die aand, sodra dit begin donker word. Die voorbereiding van die voedsel, byvoorbeeld die maal van die meel of die droging van morôgô vind in die lapa plaas, terwyl die kookwerk in die kookhut (moralala) gedoen word. Meeste van die kook- en eetgereedskap word in die kookhut gebêre. So word lepels en paproeders in die gras van die hut se dak gesteek. Eetgerei soos borde, bakke en bekere word in 'n skottel gelaat en met 'n doek toegegooi. Voorwerpe wat nie algemeen in gebruik is nie, word in die stoorhut of onder die oorhang van die hut se dak gebêre.

In die meeste gevalle word die kookwerk in die kookhut gedoen, alhoewel daar soms ook 'n kookplek buite in die lapa aangetref word (Foto 34). Die oorspronklike kookklippe (maratetšo) is deur 'n yster driehoek vervang (Foto 33). Vir kookwerk word daar vandag ook baie gebruik gemaak van yster driepoot-potte en is die driehoek nie altyd nodig nie. Koolstowe word baie min aangetref en dan slegs in die meer progressiewe, verwestersde huishoudings.

Die vrou en kinders eet in die lapa of kookhut, terwyl die man se kos vir hom na die kgoro geneem word. Sy pap, in 'n mogopo, word in 'n serotwana geplaas en met 'n tshelwana bedek, terwyl die bykos (sešebo) in 'n thiswana geplaas word. Hiermee saam word daar 'n lehlapelo met water vir hom geneem sodat hy sy hande kan was voor hy sy maaltyd nuttig. Die vrou en kinders se maaltyd word egter nie so formeel aangebied nie. Pap word uit 'n kalbas geëet, terwyl die kinders bykosse uit die pot neem en eet. Al hierdie aksies dui op die respekverhouding wat daar van die kant van die vrou teenoor

die man bestaan.

Voorwerpe soos lepels (maho), papspane (mahuduo) en roerstokke (mafehlo), kom nog vry algemeen in die meeste huishoudings voor. Hierdie is veral voorwerpe wat nie deur spesialiste vervaardig word nie. Meer gespesialiseerde voorwerpe soos die melkemmer (kgamelo) en die stampblok (lehuđu) kom slegs in enkele gevalle nog voor. Eersgenoemde word vervang deur houers van blik of plastiek, terwyl die lehuđu in onbruik raak aangesien die meel grootliks in winkels gekoop word.

Mandjies word in 'n baie mindere mate aangetref as die verskillende houtvoorwerpe. Die sešego (graanmandjie) asook seroto kom amper glad nie meer voor nie en is deur goingsakke vervang. Alhoewel die lehlctlo nog soms gemaak en gebruik word, is dit meerendeels vervang deur 'n sif, gemaak van plank en muskietgaas en wat bekend staan as sefo. 'n Nuwe tipe dramandjie, gebasseer op Westerse voorbeelde, kom huidiglik baie voor.

Kalbasvoorwerpe word nog baie algemeen in die meeste huishoudings aangetref, veral die ntšshahla en sego, terwyl die phafa en legapa minder voorkom. Laasgenoemde word vervang deur blikke en plastiek- of glashouers. Die morutlo word steeds gebruik by die drink van bier.

Alhoewel keramiekware van een of ander aard in die meeste huishoudings aangetref word, is dit slegs enkele stukke wat per huishouding voorkom. Veral volop is die groot waterpot (motšega wa meetse) en potte vir die stoor en voorsit van bier (motšega wa bjalwa). Die verskillende skottels en bakke kom amper glad nie meer voor nie en is vervang deur emalje- en plastiekware.

Vandag vorm Westerse huisgereedskap die meerderheid voorwerpe in die verskillende huishoudings. Koppies, glase, porseleinborde, messe, vurke en so meer kom baie algemeen voor. In meeste gevalle het dit die tradisionele voorwerpe nie verdring nie, maar kom dit saam of

aanvullend daartoe voor. Die rede hiervoor blyk te wees dat daar 'n groot statuswaarde aan die Westerse voorwerpe kleef en dat die blote besit daarvan 'n doel op sigself is.

Uit die voorgaande blyk dit dus dat in die voorbereiding en bediening van voedsel die Molepohuisvrou 'n hele reeks huisgereedskap het wat sy vir bepaalde doeleindes kan aanwend. Een kenmerk van hierdie voorwerpe is dat dit op die funksionele ingestel is en weinig tierlantyntjies insluit. Dit is heel moontlik dat hierdie funksionele waarde van die voorwerpe verantwoordelik is vir die voortgesette vervaardiging en gebruik daarvan. 'n Ander kenmerk is dat daar weinig onderlinge variasie in die huisgereedskap van die verskillende huishoudings is. Daar mag wel 'n verskil in getal wees, maar in die voorkoms van die verskillende voorwerpe is daar groot ooreenstemming.

HOOFSTUK 7

KLEREDRAG EN VERSIERINGS

Die gebruik van klere, sierade en besondere uitrustings, asook die versiering en versorging van die liggaam en die hare vorm 'n geïntegreerde geheel wat gemik is op die beskerming en verfraaiing van die liggaam. Meer nog, dit dien ook as 'n soort visuele aanduiding van die sosiale status van die draer van die spesifieke tipes klere.

Alhoewel die verskillende kategorieë hieronder afsonderlik behandel word, moet dit alles as onderling samehangend gesien word. Vir die doeleindes van aanbieding word dit gerieflikheidshalwe in verskillende kategorieë verdeel.

1. Kleding

1.1 Babas

Babas is gewoonlik nakend tot op loopouderdom, waarna daar vir hulle vir die eerste keer klere gemaak word. Hierdie eerste aantal lewensmaande spandeer die baba op sy of haar ma se rug in die thari.

1.1.1 Thari (abbavel - Foto 39): Hierdie voorwerp word gemaak van gebreide bokvel. Gewoonlik word die hele vel, met die uitsondering van die kopgedeelte en die bene onderkant die knieë, gebruik. Die agterbene van die vel word om die moeder se middellyf geknoop en die voorbene word onder die linkerarm, bo-oor die regterskouer vasgemaak. Die vel word met die haarkant na binne gedra, met ander woorde, met die hare teen die baba se lyf. Aan die bopunt van die thari, waar die nek van die bok was, word 'n string krale aangebring waaraan 'n stukkie medisyne geheg is. Laasgenoemde

staan bekend as serokolo. Indien 'n vrou êrens heengaan, kou sy van hierdie medisyne en smeer dit aan die baba se lyf om hom of haar te beskerm teen siektes op vreemde plekke. Die thari word ook nie op vreemde plekke afgehaal nie. Die moeder sal wel die baba uithaal en op die grond neersit, maar sy sal die thari aanhou deur die boonste twee bande om haar lyf te knoop. Dit word gedoen sodat niemand die thari in die hande kan kry en die baba daardeur skade kan aandoen nie.

Die thari word gewoonlik deur die vrou se vader vir haar gemaak. Een van hierdie abbavelle kan vir al die kinders gebruik word en daar hoef nie 'n nuwe vir elke kind gemaak te word nie. Vandag kom dit nie meer algemeen voor nie en is die thari vervang deur 'n kombers.

1.2 Kinders

Reeds op 'n baie vroeë stadium ontstaan daar al 'n differensiasie in die kleredrag van seuns en dogters.

1.2.1 Seuns

1.2.1.1 Mohlešana (voorskort): So dra 'n klein seuntjie begin loop, dra hy 'n klein reghoekige voorskort (ongeveer 200 mm by 250 mm) van vel - vandag word dit somer van lap gemaak. Die mohlešana word om die lyf vasgemaak met behulp van twee riempies wat aan die boonste hoeke vasgeheg word. Die seuntjies dra hierdie bedekking tot hulle ongeveer op die ouderdom van 5 tot 6 jaar begin bokke oppas, waarna dit vervang word deur 'n setsiba.

1.2.1.2 Setsiba (deurtrekker - Foto 40): Anders as by meisies dra die seuns net die setsiba. Die kledingstuk bly dieselfde vir ongeïnisiëerde sowel as geïnisiëerde seuns.

Die setsiba bestaan uit 'n byna volledige bokvel, waarvan die kop en voorbene afgesny is. Soms, na gelang van die grootte van die persoon, word van die sye van die vel ook afgesny om dit 'n bietjie smaller te maak. Die agterbene, wat verleng word deur nog stroke vel daaraan vas te werk, word gebruik om die setsiba om die middellyf vas te maak. Die res van die vel word dan tussen die bene deurgetrek en agter op die kruis deur die band wat om die lyf geknoop is, gedruk. Die hare word van die vel verwyder, behalwe twee halfmaanvormige stukke bekend as dihlaba, wat min of meer oor die boude pas. Die funksie van die spesifieke versiering is nie meer bekend nie. In die verlede was die setsiba die algemene drag vir seuns, maar vandag word dit nog net in enkele gevalle in die stamskool gebruik.

1.2.2 Dogters

Dogters begin op loopouderdom met die dra van die legabe (voorskort) en die mose (agterskort). Aanvanklik is die kledingstukke baie klein, maar, soos die meisie groei, word dit met groter eksemplare van dieselfde voorwerpe vervang. Die voor- en agterskort word in hierdie vorms gedra totdat die meisie trou.

1.2.2.1 Legabe la mogaba (Figuur 13.2): Hierdie legabe bestaan uit 'n groot aantal toutjies, gemaak van die bas van die mogaba-boom se wortels. Die toutjies word dubbel gevou en dan aan 'n basistou naas mekaar vasgeveg aan die bokant waar die vou is. Op hierdie wyse word 'n reghoekige gordyntjie van fraalings gevorm. Twee van hierdie gordyntjies word opmekaar vasgewerk om die skort te vorm. Aan die bohoeke word twee riempies geheg wat gebruik word om die skort om die lyf vas te maak. Die boonste band wat verkry word, waar die toutjies aanmekaar geveg word, word met rooi, wit en blou krale versier. Die res

van die kledingstuk word met vet en rooi-okker gekleur.
Meisies dra hierdie tipe legabe tot hulle geïnisieer word.

1.2.2.2 Mose (Figuur 13.1): Die agterskort wat saam met die bo= genoemde legabe gedra word, bestaan uit 'n driehoekige stuk beesvel, waarvan die onderpunt swaelstertvormig uit= gesny is. Die bokant van die vel word vir 'n klein entjie omgevou en aan hierdie rif word twee riempies geheg wat gebruik word om hierdie kledingstuk om die lyf vas te maak. Die mose word met blou, wit, rooi, ligblou en pienk krale versier. Die haarkant van die vel word teen die meisie se lyf gedra. Die versierings, gewoonlik geometriese patrone soos diamante, driehoeke en sirkels, kom op ver= skillende plekke op die vel voor.

1.2.2.3 Legabe la dithotho (Figuur 13.3; Foto 41): Na afloop van die inisiasie vir meisies, word die eersgenoemde legabe met hierdie tipe skort vervang. Die term dithotho verwys na die klein koperkraletjies wat aan die voorkant van die skort vasgeheg word. Die legabe la dithotho word, anders as die legabe la mogaba, gemaak van tou van die blare van die boetse-plant. Laasgenoemde word ge= bruik aangesien dit sterker is en die gewig van die koperkraletjies beter kan dra. Die legabe la dithotho word gemaak deur 'n aantal toutjies aan 'n vel te heg om sodoende 'n digte, reghoekige gordyn te vorm.

Aan die voorste ry toutjies word 'n aantal koperkrale ingeryg. Omdat die kledingstuk af te rond, word daar oor die boonste velstrook 'n verdere velstrook, al in die lengte gevou en vasgewerk sodat dit die gedeelte bedek waar die toutjies aangeheg is. Dié boonste band word ook versier deur die aanbring van veral wit en ligblou krale in die vorm van teenoorstaande driehoeke. Aan die bohoeke van die band word daar twee riempies geheg waarmee

die legabe om die lyf vasgemaak word. Die legabe la dithotho was in die verlede die algemene drag van geïnisiëerde meisies en is deur hulle gedra totdat hulle in die huwelik tree. Vandag dien dit egter net as feesdrag en dra die meisie dit byvoorbeeld slegs op die dag as sy uit die stamskool kom. Die mose wat saam met hierdie legabe gedra word, lyk net soos die vorige, maar met die verskil dat dit groter is en soms met meer krale versier word (Figuur 13.4; Foto 42).

Al hierdie klere, vir die seuns en die dogters, word gewoonlik deur van die grootouers gemaak - die mans doen die velwerk, terwyl die vrouens die magabe maak. Indien 'n vrou tyd het, kan sy dit egter self maak. Dit kan ook van spesialiste bekom word, van wie dit geruil word vir graan of ander produkte.

1.3 Volwassenes

1.3.1 Vrouens (Foto 43-44)

In die kleredrag van vrouens word daar onderskeid gemaak tussen die kleding van jong vrouens wat nie kinders het nie en die wat ouer is of wel kinders het.

1.3.1.1 Thetho ya lepago: Dit is 'n amper reghoekige voorskort (720 mm by 610 mm), gemaak van verskillende stukke bokvel wat met seninggare (lešika) aanmekaar gewerk is. Die bokant van die skort is konkaf gesny en is effens smaller as die onderkant. Die thetho word om die lyf vasgemaak deur middel van twee stukke riem wat aan die bohoeke vasgeheg is. Op die voorkant van die skort (die haarkant van die vel word na binne gedra) is 'n aantal los stukkies vel, waarvan sommige met krale versier is, as versierings aangebring. Die hele voorkant van die vel word met rooier en vet gekleur. Die thetho word deur die vrou se

aanstaande skoonpa vir haar gemaak (hy kan dit egter ook by 'n spesialis-vervaardiger bekom) en hy oorhandig dit aan haar op haar troudag. Hierdie voorskort dra die vrou dan vir die periode wat sy bekend staan as ngwetši (bruid) - 'n status wat sy beklee tot met die geboorte van haar eerste kind.

1.3.1.2 Theto ya letloko (Figuur 13.5): Na vorm lyk hierdie voorskort dieselfde as die vorige, maar met twee belangrike verskille: eerstens word dit met 'n mengsel van vet en kalk (taga) wit gekleur en nie rooi nie en in die tweede instansie word die voorkant van die vel versier met klein knoppies wat verskillende geometriese patrone vorm. Hierdie versierings, wat letloko genoem word, word gevorm deur die vel met 'n mes te sny en die gesnyde gedeeltes dan uit te pluis sodat dit 'n bietjie opstaan. Die thetho ya letloko word vir die eerste keer deur 'n vrou gedra as sy botogo-arbeid (verpligte skoffelwerk in die landerye van die kaptein) gaan doen. Dit simboliseer dat sy nie meer 'n ngwetši is nie, maar 'n volwaardige vrou. Dit is gewoonlik na die geboorte van haar eerste kind dat 'n vrou en haar ouderdomsgenote in aanmerking kom vir die doen van botogo-arbeid. Indien 'n vrou egter op hierdie stadium nog nie kinders het nie, kan sy wel die thetho ya letloko begin dra as die meerderheid van haar ouderdomsgenote al kinders het.

1.3.1.3 Mose (agterskort - Figuur 13.6): Die agterskort wat saam met beide die dithetho gedra word, lyk na vorm net soos dié wat saam met die legabe gedra word, maar is groter en is ook nie met krale versier nie. Die punte daarvan hang gewoonlik tot onder die waaie van die knieë. Die buitekant is swart gekleur en versier met enkele wit knope of 'n aantal klein wit kraletjies, of koperkrale, wat al langs die kante vasgewerk is.

1.3.1.4 Ele (Foto 43-44): Hierdie tipe rok word in twee groottes aangetref. Die eerste, bekend as ele, is lank, het lang moue en is gewoonlik van 'n ligter kleur materiaal as die ejana. Laasgenoemde, die tweede tipe, is soos uit die benaming afgelei kan word, slegs die verkleining van die eerste. Dit is korter en het nie moue nie en is gewoonlik van 'n donkerder kleur materiaal as die ele. Anders as by die Pedi, waar die ejana baie kort is, net tot onder die borste reik en deur ongetroude meisies gedra word, word albei die rokke by die Molepo deur volwasse vrouens gedra. Die herkoms van hierdie tipe drag is nie duidelik nie. Volgens Mönnig (1967:107) is dit deur sendelinge onder die Pedi gevestig. Tyrrell (1968:73) bied egter 'n ander verklaring. Volgens haar is die oorsprong daarvan as volg: "Hospitals unwittingly introduced a custom in dress by fitting their maternity patients with smocks to wear while awaiting confinement. This dress is now the symbol of fruitful womanhood, and symbol of the married women."

Die ejana, wat meer as 'n algemene drag dien, word saam met 'n doek wat om die onderlyf geknoop word, gedra. Die kleur daarvan wissel van blou, swart, groen tot wit. Hiermee saam word daar 'n kopdoek, gewoonlik swart of blou van kleur, gedra. Die ele, daarenteen, dien as feesdrag, veral vir ouer vroue. Dit is ligblou of -groen van kleur en word ook oor 'n doek wat om die lyf geknoop is gedra. Dit kan egter ook saam met die tradisionele thetho en mose gedra word (Foto 43).

1.3.2 Mans (Foto 45)

Die kleredrag van die man bestaan nog steeds uit die set
siba, wat dieselfde vorm behou het. Vandag dra hulle hoofsaaklik Westerse drag.

1.4. Ander

Addisioneel tot die bogenoemde tipes klere drag is daar nog ander stukke wat deur mans sowel as vrouens gedra word.

- 1.4.1 Mongatse (velmus): Dit word gemaak van dassie, duiker of enige ander klein diertjie se vel. Dit word veral in die winter gedra, maar ook tydens feesgeleenthede.
- 1.4.2 Lethebo (mantel): Dit word gemaak van 'n aantal bok- of skaapvelle wat aanmekaar gewerk word en word in die winter om die skouers gehang. Dit is vandag deur komberse vervang.
- 1.4.3 Dipshahlankgana (sandale): Dit was deur mans en vrouens gedra as hulle op reis gaan. 'n Stuk beesvel, met die hare na bo, word effens groter as die vorm van die voet gesny. Op drie plekke - tussen die twee grootste tone en langs die kante - word twee parallelle snytjies gemaak. 'n Lang, smal strokie leer word deur elk van hierdie drie snytjies geryg en 'n gaatjie word dan daardeur gemaak. 'n Lang riempie word deur hierdie gaatjies geryg en word gebruik om die sandaal aan die hakskeen vas te maak. Hierdie tipe skoene kom glad nie meer voor nie.

1.5 Inisiasiedrag

1.5.1 Meisies

Sover vasgestel kon word, is die inisiasiedrag van die meisies baie eenvoudig. Dit bestaan slegs uit twee velkledingstukke en geen versierings word daarmee saam gedra nie. Die kledingstukke word deur ou vrouens in die geheim gemaak, aangesien mans en ongeïnisiëerdes dit nie mag sien nie. Die voorwerpe is net tydelike kleding

en word na afloop van die inisiasie verbrand. Gevolglik word daar ook nie baie aandag aan die afwerking en versiering daarvan geskenk nie.

1.5.1.1 Kgakgo (voorskort): Dit is 'n reghoekige stuk vel (430 mm by 470 mm, maar wat kan wissel na gelang van die grootte van die persoon) en word aan die voorkant om die heupe gedra. Aan die twee bohoeke word daar twee rieme aangebring wat gebruik word om die kgakgo om die lyf vas te maak.

1.5.1.2 Mose (agterskort): Na vorm lyk dit net soos 'n gewone mose, naamlik 'n driehoekige stuk vel (580 mm by 470 mm), waarvan die onderste punt swaeltstertvormig uitgesny is. Die word op dieselfde manier as die kgakgo vasgemaak.

1.5.2 Seuns

1.5.2.1 Phudufudu: Tydens inisiasie dra die seuns net die besnydenisring. Dit is ongeveer 5 mm in deursnee en word gemaak van moretlwa-takkies wat met lebabi-vesels toege draai is. Die phudufudu word om die onderlyf vasgemaak en die penis word daardeur gesteek. Dit dien om die orgaan te stut na besnydenis sodat die wond nie sal seerkry nie.

1.5.2.2 Tšabe: Tydens die tweede inisiasieskool (bogwera) vir seuns, dra hulle 'n tipe romp oor die setsiba. Dit word gemaak deur 'n hoeveelheid thutse-blare aan 'n tou vas te heg - die blare word oor die basistou gevou en dan bo teen die tou vasgemaak. Die romp varieer in grootte na gelang van die persoon, maar is ongeveer 400 mm lank en 600 mm breed. Die tšabe word tydens die hele bogwera gedra, waarna dit verbrand word.

Met die afsluiting van die stamskool ontvang elke seun 'n

'n nuwe setsiba wat met rooi-oker gekleur is.

1.6. Kleredrag van kragdokters (Foto 46)

Die uitrustings van die kragdokters word nie permanent gedra nie, maar slegs per geleentheid. Die kragdokters wat waargeneem is, het in alle gevalle (slegs die vrouens - dit wil lyk asof die manlike kragdokters nie oor veel van 'n uitrusting beskik nie) die tradisionele vel voor- en agterskorte (sien 1.3.1.2-3 hierbo) gedra, met 'n frokkie oor die bolyf. As hooftooisel dra hulle 'n tipe pruik, in die leetse-styl (sien 3 hieronder), wat kommersieël vervaardig word. Dit gee die kragdokter die geleentheid om sonder veel moeite die kop gereed te kry. Die kralewerk wat hierdie persone dra, stem grootliks ooreen met dié wat gewone vrouens dra, met die uitsondering dat dit 'n aantal amulette insluit. Hiernaas dra die kragdokter ook nog 'n kierie, asook 'n kwas (letšhoba), gemaak van die stert van 'n sebra wat aan 'n stok gemonteer word.

1.7 Kleredrag van malopo-dansers (Foto 47)

In teenstelling met die voorgenoemde, dra die malopo-dansers 'n baie uitvoerige uitrusting as hulle optree. Alhoewel daar 'n mate van ooreenstemming in die drag van die verskillende individue is, is daar ook verskille. Hierdie verskille word toegeskryf aan die vereistes wat deur 'n spesifieke voorvader aan die danser gestel word. Dit geskied gewoonlik in 'n droom waarin die persoon dan aangesê word om 'n spesifieke kledingstuk of sieraad in die hande te kry. Daar mag dus variasie wees op die onderstaande beskrywing, wat gebaseer is op die drag van die persoon in Foto 47.

Op haar kop dra hierdie vrou 'n mus (mongatse) van jakkalsvel. 'n Hooftooisel (seala) van volstruisvere word bo-op vasgehou deur 'n band van krale (ook bekend as seala) wat om die kop vasgemaak word. 'n Romp (letšobo) van blou lap, wat met groot wit krale versier is, word bo-oor 'n rooi doek, wat om die lyf gebind word, gedra.

Om haar middellyf bind die vrou vier lappe van verskillende kleure vas - swart onder, dan wit, rooi en groen heel bo. Oorkruis oor haar skouers dra die vrou 'n groen (links) en wit (regs) lap. Hierdie lappe staan almal bekend as mmofo (letterlik: band of verbind).

Addisioneel hiertoe dra die vrou nog drie kledingstukke van vel. Die eerste (thetho ya badimo) is gemaak van duiker- en wildekatvel en word soos 'n voorskort oor die letsobo gedra. Die lepeka la badimo is 'n reghoekige stuk wildekatvel wat so gedra word dat dit onder die linkerarm hang. Die tweede lepeka, van duikervel, word weer so gedra dat dit onder die regterarm hang. Al drie hierdie stukke is versier met kralewerk.

Om die uitrusting af te rond, dra die vrou 'n verskeidenheid kralewerk om haar arms, nek en middellyf - sien 2 hieronder. Om die enkels dra sy 'n stel ratels (mathotse - sien 8:2.1.2) en in haar hand het sy 'n tshela (handratel - sien 8:2.1.1).

2. Sierade

Die verskillende sierade word hier saamgegroeper volgens die deel van die liggaam waarop dit gedra word. Baie min van die verskillende sierade funksioneer onderling saam. Met ander woorde, 'n spesifieke tipe halssieraad hoef nie noodwendig saam met 'n spesifieke tipe arm- of lyfband gedra te word nie. Kralewerk word meerendeels deur die vrouens en meisies gedra. Gevolglik sal dit hier deurgaans behandel word asof dit die vrou is wat dit dra en sal daar spesifiek nadie posisie by mans verwys word waar dit van toepassing is.

2.1. Hoofsierade

2.1.1 Dihlora (Foto 48.1): Hierdie is sirkelvormige voorwerpe (ongeveer 60 mm in deursnee) wat deur vrouens aan weers-

kante van die kop, bokant die ore, gedra word. 'n Stukkie draad wat sirkelvormig gebuig is, dien as basis en word dan ingevul met krale volgens die weeftegniek. Die algemene kleure van die krale wat vir die dihlora gebruik word, is rooi, wit en blou. 'n Draadhakkie, wat aan die sehlora vasgemaak word, word gebruik om die voorwerp aan die hare vas te hak. Indien die kop egter geskeer is, word sorghum=pap gebruik om die dihlora teen die kop te plak. Soms word klein veertjies in die hare gesteek pleks van die dihlora.

2.1.2 Lekgakwane (Foto 48.3): Dit is twee stringetjies krale wat op drie plekke aanmekaar gehou word met drie klein knopies wat ingeryg is. 'n Vierde knoop op die een punt word gebruik om die lekgakwane om die kop mee vas te maak en hak deur 'n lussie aan die ander punt. Die kleure krale is tussen die verskillende knope herhaaldelik donkerblou, wit, rooi, ligblou, rooi, wit en donkerblou. Die lekgakwane word deur vrouens tydens feesgeleenthede om die kop gedra sodat die middelste van die drie knope op die voorkop, tussen die oë, is.

2.1.3 Oorsierade: Verskillende ringe van Westerse oorsprong word deur vrouens deur die ore gedra (Foto 53). In die verlede het die vrouens stukkies riet of gras deur 'n gaatjie in die oorbel gedra.

2.2 Halssierade

2.2.1 Sephešane sa magabo (Foto 49.1): Dit is ringe van verskillende deursnit wat om die nek en soms om die lyf (veral by malopo-dansers) gedra word. Dit bestaan uit 'n kern van mohlahla-biesies wat met stringe krale toegedraai word. Die belangrikste kleure krale is blou, wit en rooi, terwyl die ringe wat om die lyf gedra word meer enkelkleurig van

aard is. Die verskillende kleure krale word so aangewend dat dit reghoeke en diamantvormige patrone om die ringe vorm. Die ringe word as alledaagse versiering deur vrouens gedra en is nie noodwendig feesdrag nie. Malopo-dansers trek dit egter net per geleentheid aan.

Variante vorme van die ringe kom ook voor. Dit staan dan nog steeds as sephešane sa magabo bekend, maar word gemaak met die blare van die thutse-plant as kern. Gevolglik is die ringe baie dikker en harder as dié wat met 'n mohlahla-kern gemaak word. Hierdie ringe is gewoonlik met wit, groen, rooi, oranje en swart krale gemaak en word om die lyf gedra (Foto 52.3), alhoewel daar sommiges is wat om die polse gedra word (Foto 51.8).

2.2.2 Serabane: Dit is soortgelyk aan die tweede vorm van die sephešane, maar met die verskil dat dit van rooi, wit en blou krale gemaak word en om die nek gedra word. Dit dien as feesdrag en word veral deur vrouens, maar ook deur mans gedra.

2.2.3 Tšhirapelo (Foto 50.1): Dit is 'n driehoekige, geweefde stuk kralewerk. Aan die bokant is 'n stuk draad wat as basis dien en vorm aan die voorwerp gee. Aan die drie hoeke is stringe los krale geheg. 'n Smal band van kralewerk is aan die bohoeke aangebring en word gebruik om die voorwerp om die nek te hang sodat die driehoek op die bors rus. Die tšhirapelo is oorwegend van wit krale, met rooi, ligblou en donkerblou krale wat so aangebring is dat die verskillende kleure driehoeke en diamante vorm. Die voorwerp vorm deel van die feesdrag van 'n vrou en kan ook deur ongetroude meisies gedra word.

2.2.4 Sekgatla (Foto 49.2): Dit is drie tot vier stringe groot plastiekkrale wat op vier plekke aanmekaar gehou word deur=

dat dit deur wit knope geryg is. Die kleure van die krale is tussen die knope herhalend blou, wit, rooi, ligblou, rooi, wit en blou. Die sekgatla vorm deel van die alledaagse drag van vrouens.

'n Meer resente vorm van dié sieraad (Foto 49.3) bestaan uit 'n groot hoeveelheid stringe plastiekkrale wat langs mekaar vasgeheg word om 'n breë band te vorm. Die verskillende kleure krale is wit, oranje, groen en ligblou, en word blok-vormig aangebring. Dikgatla word in hierdie vorm deur kragdokters en malopo-dansers gedra. 'n Derde variant (Foto 49.4), wat slegs onder malopo-dansers aangetref is, word soos die vorige gemaak, maar swart, groen en blou krale word gebruik. By voorkeur moet dit egter silindervormige krale (cane beads) wees en nie bolvormige krale (sead beads) soos by ander kralewerk nie.

2.2.5 Tshamaaka (Foto 50.2): Dit is 'n lang band van krale wat volgens die ruittegniek gemaak is. Die twee punte word aanmekaar gehou deur 'n knoop wat deur 'n lussie hak. Aan die twee punte word 'n aantal los stringe krale geheg. Veral rooi, wit en blou krale word gebruik. Die tshamaaka word deur mans en vrouens om die nek gehang sodat die los punte voor op die bors hang. Dit word veral tydens feesgeleenthede gedra.

2.2.6 Lerase (Foto 50.3): Dit is 'n lang, breë stuk kralewerk wat volgens die ruittegniek gemaak word sodat dit oop diamantvormige patrone vorm. Aan die een bohoek is 'n knoop en aan die ander is 'n lussie. Dit word gebruik om die lerase om die nek mee vas te maak. Rooi, wit en blou krale word algemeen gebruik. Hierdie sieraad word deur meisies en vrouens tydens feesgeleenthede gedra.

2.2.7 Tlhopo (Foto 48.2): Die sieraad bestaan uit drie groepe

krale, elke groep word afsonderlik op 'n stuk metaaldraad ingeryg. Die eerste groep, wat bo om die nek kom, is van blou krale. Die middelste groep bestaan uit rooi, gefasetteerde krale; terwyl die onderste uit wit krale bestaan. Die tlhopo word as algemene drag gedra, maar kan ook as feesdrag dien.

2.2.8 Pheta: Dit is sade (byvoorbeeld kasterolie- en bloekomboomsaad) en stokkies van verskillende aard wat deur klein seuntjies en dogtertjies op garing geryg en om die nek gedra word.

2.2.9 Segono: Dit is koperringe, waarvan drie tot vier gelyktydig deur vrouens om die nek gedra word. Dit was ongeveer 5 mm dik en het 'n opening aan die een kant gehad sodat dit om die nek geplaas kon word. Dit kom vandag glad nie meer voor nie.

2.3. Armbande

2.3.1 Diphešane (Foto 51.1): Die ringe is dieselfde as die diphešane tša magabo (2.2.1 bo). Dit bestaan uit twee stelle van ses armringe (vandaar die gebruik van die meervoud in die benaming) en word deur getroude vrouens om die bo-arm gedra in die volgende kleurorde: geel bo, dan donkerblou, wit, rooi, ligblou en bont (rooi, wit en blou) onder.

2.3.2 Sepatoga (Foto 51.2): Dit is 'n stel bestaande uit twee breë kralebande. Dit word gevorm deur vier langwerpige stukkies vel wat aanmekaar verbind word deur middel van 'n aantal stringe krale wat deur die stukkies vel geryg word - die stukkies vel word op eweredige afstande van mekaar ingevoeg. Die sepatoga word om 'n leë bierbottel (in die verlede was 'n beeshoring gebruik) gemaak sodat die twee

stukke presies ewe groot is. Die verskillende kleure krale, hoofsaaklik wit, blou en rooi, word in blokvorm aangebring om driehoeke te vorm. Die sieraad word deur meisies en vrouens bo die diphešane (2.3.1) gedra. 'n Toepaslike grootte van die voorwerp word deur babas en kinders om die polse en enkels gedra (Foto 51.3)

2.3.3 Difoto (Foto 51.4): Dit bestaan uit stringe helderkleurige plastiekkrale, veral geel, groen, wit en oranje, wat soos die sekgatla (2.2.4 bo) langs mekaar ingeryg word. Die verskillende kleure word so ingeryg dat dit blokke vorm, met 'n enkele ry geel krale aan die bokant. Alhoewel die difoto in die algemeen deur vrouens gedra word, is dit veral aange-tref by kragdokters en malopo-dansers. Dit is 'n bo-arm=band en word op dieselfde posisie as die sepatoga (2.3.2) gedra.

2.3.4 Manamanyana (Foto 51.5): Dit is 'n stel bestaande uit vier ringe wat gevorm word deur stringe rooi, wit en blou krale op verskillende plekke aanmekaar te heg. Dit word deur babas en kinders om die polse en enkels gedra.

2.3.5 Maseka (Foto 51.6): Dit is draadringe wat deur vrouens in groot hoeveelhede om die polse en enkels gedra word. In die verlede was dit gemaak van motantang- en mmamputledi-ranke waarvan die bas afgeskraap word en dan opgerol word om ringe te vorm. 'n Variasie van die maseka (vir ver=vaardiging sien 3:9.2) word verkry deur die dun ringe met breë koperdraad toe te draai. Dit word dan deur vrouens om die polse gedra (Foto 51.7).

2.3.6 Mphiri (letterlik: koper): Dit is koperringe waarvan enkeles deur mans en vrouens om die polse gedra word.

2.4 Lyfbande

Benewens die genoemde sephešane sa magabo (2.2.1 bo) wat om die lyf gedra word, word nog twee ander tipes lyfbande onderskei.

2.4.1 Pata ka pedi (Foto 52.1): Dit is 'n leergordel wat met wit, rooi en blou krale bedek is. Die krale is volgens die kanthegtingmetode aangebring sodat die verskillende kleure krale teenoorstaande driehoeke vorm. Dit word deur mans en vrouens tydens feesgeleenthede om die heupe gedra.

2.4.2 Mmakokobela (Foto 52.2): Dit is 'n lang dubbele string krale waarvan die punte aanmekaar gehou word deur 'n knoop wat deur 'n lussie hak. Agt dubbele stringe krale word aan die eersgenoemde geheg en so bymekaar gebring dat die resultaat vier driehoeke saam met die eerste string krale vorm. Aan die onderpunt van elke driehoek word daar weer twee los stringe krale aangeheg. Hoofsaaklik rooi, wit en blou krale word vir hierdie sieraad gebruik. Die mmakoko=bela word op die mose (agterskort) se bokant deur meisies en vrouens tydens feesgeleenthede gedra.

3. Haarversorging

Die versorging van die hare moet gesien word as aanvullend tot die kleredrag. Die hare word in die meeste gevalle slegs vir feesgeleenthede besonderlik versorg. Net soos in die kleredrag word daar in die haarstyle onderskeid gemaak tussen ongetroude meisies en getroude vrouens.

Die hare, asook die baard by mans, word met 'n mes of skeermes gesny. Die agterkant van 'n grasbesem is in die verlede as kam gebruik.

Ongetroude meisies het hulle hare in die sogenaamde leêtse-styl gedra. Vir hierdie styl word die hare gewas, uitgepluis, met beesvet gesmeer en in kort toutjies tussen die hande gerol. Daarna

word elke toutjie met letsoku (rooi-okker) gesmeer. Die toutjies word dan volgens die regte lengte gesny - kort aan die voorkant en langer aan die kante van die kop en agter in die nek.. Hierdie styl kom vandag glad nie meer voor nie. 'n Soortgelyke styl, maar heelwat langer, kom onder kragdokters voor. Vandag gebruik hulle egter 'n pruik en word die hare nie meer permanent in hierdie styl gevorm nie.

Die haarstyl van getroude vrouens, bekend as tlôpô (Foto 53) kom ook nie meer voor nie, maar een informant het goedgunstiglik ingewillig om dit te demonstreer. Met uitsondering van 'n reghoekige deel bo-op die kop, word die kop kaal geskeer. Die resultaat is dat die oorblywende hare lyk soos 'n doppie wat die vrou op het. Al om die rand van die stukkie hare word daar 'n dun rooi strepie (van oker en vet) aangebring. Die res van die hare word met mohlaba (chromiet) gepoeier en ingevryf. Dit het die effek dat die hare glinster as die son daarop skyn.

Dit is nie bekend of die mans vroeër enige spesifieke haarstyl gehad het nie. Die algemeenste gebruik was om die kop kaal te skeer en dit so te hou. Die hare van inisiantes, seuns sowel as meisies, word afgeskeer vir die duur van die seremonie en die kop word, na afloop van die stamskool, met rooi-okker en vet gesmeer. Ook na die afsterwe van 'n familielid word die kop kaal geskeer.

4. Kosmetiese gebruike

Alhoewel die funksie van kosmetiese gebruike uiteenlopend van aard is, geskied dit hoofsaaklik op twee wyses: die een tydelik en die ander permanent.

Die tydelike metode behels die aanbring van vet wat aan die lyf gesmeer word. Soms word 'n pigment (rooi-okker) by die vetbasis gevoeg. Dit geskied gewoonlik slegs tydens seremoniële geleenthede van die een of ander aard, byvoorbeeld by die uitkoms uit

die stamskool en is 'n aanduiding van die spesifieke sosiale posisie waarin die persoon op daardie stadium verkeer.

Permanente kosmetiese gebruike behels hoofsaaklik tatoeëring. Dit word egter baie beperk op die liggaam aangebring. Die tatoeëring, bekend as mothalo (letterlik middellyn of skeidslyn) word op die voorkop en al oor die brug van die neus getrek. Soms word daar meer lyne bygetrek, veral bo die ooghare, asook 'n klein kolletjie op die wange. Die tatoeëring word gedoen deur drie naalde (of pendorings) bymekaar te neem, om sodoende 'n breër lyn te vorm en die vel te prik. Roet word dan in die prikmerke ingevryf - die lyne is gewoonlik baie dof en vertoon blou. Die mothalo word deur haar moeder of ouer suster aangebring as die meisie nog jonk is. Elke persoon besluit oor watter spesifieke patroon sy wil hê. Die betekenis van hierdie gebruik kon nie vasgestel word nie. Soms sal 'n mens mans aantref wat tatoeërings op hul arms het, maar dan is die onderliggende idee Westers van aard en nie tradisioneel nie.

5. Aanvullende voorwerpe

Hieronder ressorteer voorwerpe wat 'n persoon gewoonlik in sy of haar hand hou of aan die liggaam dra, maar waarvan die funksie nie noodwendig die versiering van die liggaam is nie.

5.1 Patla (wandelstok - Figuur 6.4): Dit word van verskillende soorte hout soos moswana en mphahla gemaak. Meeste van hierdie kieres word deur die eienaar vir homself of vir sy vrou gemaak, alhoewel persone teëgekome is wat dit vir verkoop vervaardig. Die patla, wat in lengte wissel volgens die lengte van die persoon, is gewoonlik aan die bokant versier met 'n knop of 'n figuur in die vorm van 'n voël- of slangkop. Hierdie voorwerp het geen wapen-funksie nie, maar word slegs as wandelstok gebruik. Dit kan ook tydens feesgeleenthede as dansstaf gebruik word (sien 9:1.1.2).

5.2 Lehlohlo (wandelstok): Hierdie tipe stok word slegs deur ou mense gebruik. Dit is 'n lang stok (ongeveer 1500 mm) met 'n kort v-vormige mik aan die bokant waardeur die duim gehak word as daar gestap word.

5.3 Thekgo ya letsoko (snuifdoos - Figuur 19.3): Dit word gebruik vir die bêre van snuif. Soms word soortgelyke dosies ook gebruik vir die bêre van medisyne. Die snuifdosies word van verskillende materiale gemaak. Die algemeenste was 'n klein kalbassie wat met 'n houtpropie toegemaak word. 'n Kort stukkie horing, waarvan die breë kant met 'n stuk hout toegemaak word, word ook soms gebruik. As propie dien 'n stukkie hout of gekerfde horing. Soms word daar ook nog versierings op die horing uitgekerf. Een geval is gevind waar 'n Martini-Henrypatroon-doppie as snuifdoos gebruik is. Vandag word snuifdose baie selde aangetref aangesien dit vervang is deur die plastiekhouer waarin die snuif gekoop word.

5.4 Lebeko (sweetskraper): Hierdie voorwerp, wat nie meer aangetref word nie, was volgens informante van been of metaal gemaak. In laasgenoemde geval het dit die vorm van 'n spieslem, met 'n ogie aan die agterkant van die steel. Dit word dan aan 'n stuk riem om die nek gedra. Die lebeko het as sakdoek gedien en was gebruik om sweet uit die gesig te skraap.

5.5 Kapteinsuitrusting

Hieronder word ingesluit twee voorwerpe waarvan die dra slegs tot die kaptein en van sy nabye verwante beperk word. Dit is altwee gesagsimbole en dien om hom tydens amptelike seremonies uit te wys. Die voorwerpe is oorerfbaar en word oorgedra van die kaptein na sy opvolger.

5.5.1 Pheta ya thaga (halssieraad - Foto 1): Dit word net soos

die serabane (2.2.2 bo) gemaak. Die krale wat gebruik word, is egter geel en swart (of donkerblou) silindervormige krale. Die verskillende kleure word in twee teenoorstaande blokke aangebring. Hierdie krale kan ook deur van die kaptein se familie, byvoorbeeld sy suster, gedra word.

5.5.2 Nkwe (luiperdvelmantel - Foto 1): 'n Luiperdvel mag slegs deur die kaptein gedra word. Die hele vel, met die uitsondering van die kopgedeelte en die pote, word gebruik. Die kaptein dra hierdie mantel tydens seremoniële geleenthede om sy skouers en wel saam met die pheta ya thaga.

6. Spesiale uitrusting

Benewens die sierade wat spesiaal tydens feesgeleenthede gebruik word, is daar ook nog enkele ander voorwerpe en kledingstukke wat slegs per geleentheid gebruik word.

6.1 Kala: Dit is 'n mantel van jakkalsvel wat deur mans tydens feesgeleenthede oor hulle skouers gedra word. Twee of meer jakkalsvelle word aanmekaar gewerk en met dihlora versier. Dit word met behulp van 'n stuk riem om die skouers geknoop.

6.2 Dansstawwe (Figuur 6.1 & 6.3): 'n Verskeidenheid van hierdie voorwerpe word aangetref, alhoewel slegs twee standaard vorme onderskei kan word. Die thoka, ongeveer 500 mm lank, het 'n ronde plat kop. Die tšhoša is ongeveer dieselfde lengte, maar het 'n kop in die vorm van 'n spieslem. Die stawwe kan versier word deur byvoorbeeld gekleurde elektriese draad daarom vas te vleg. Hierdie stawwe word deur mans en vrouens in die hande gehou as daar gedans word en help om grasie te verleen aan die aksie van die dansers.

6.3 Sefoka: Dit is 'n lang stok waarvan die boonste gedeelte bedek is met volstruisvere. Hierdie voorwerp word bewaar deur

die kaptein en word gebruik as die seuns uit die inisiasieskool kom. Dit word deur die leier van die inisiasieskool vasgehou as die seuns terugkeer huistoe (sien ook 4:2.1).

7. Samevatting

Kleredrag, sierade, haarstyle en aanvullende voorwerpe kan gesien word as visuele simbole, of nie-verbale kommunikasiemiddele, wat in kombinasie saam funksioneer om 'n uitspraak te lewer oor die spesifieke draer daarvan. Dit vorm as t' ware 'n stel reëls wat daarop ingestel is om die plek van elke persoon in die samelewing aan te dui. Die interpretasie van hierdie simbole lê in die tradisie van die Molepo - die nie-voldoening aan hierdie konvensies dui op eksentrisiteit, wat tot gevolg kan hê dat 'n individu homself buite die samelewing kan plaas.

Binne hierdie raamwerk dien kleredrag en sierade onder die Molepo, naas die bedekking en versiering van die liggaam, ook om 'n wye verskeidenheid aspekte uit te wys. So dui dit eerstens op geslagsverskille - in die sin dat elke geslag oor sy eie reeks kledingstukke beskik. Van kleins af word daar al onderskeid gemaak in die kleredrag van seuns en dogters. Aanvanklik dra die seuns 'n mohlešana, wat mettertyd vervang word deur die setsiba. Laasgenoemde is ook die drag van volwasse mans. Die drag van dogters bestaan uit die legabe en mose, wat na die huwelik vir die volwasse vrou vervang word met 'n thetho en mose.

Kleredrag en sierade dien ook om die verskillende lewensfases waarin die spesifieke draers verkeer, aan te dui. Dit kom veral tot uiting by vrouens. Onderskeid word gemaak, deur middel van die voorkoms van twee tipes magabe, tussen ongeïnisiëerde en geïnisiëerde meisies. Die twee tipes haarstyle, te wete die leetse en tlōpō, dien om dieselfde onderskeid te tref. Verder dien kleredrag ook as aanduiding of 'n vrou getroud is al dan nie, aangesien die legabe na die huwelik met 'n thetho vervang word.

Gekoppel aan die lewensfase, kan kleredrag en sierade ook dien as 'n aanduiding van 'n persoon se sosiale status binne 'n betrokke lewensfase. Byvoorbeeld, 'n vrou wat nog nie kinders het nie word aan haar voorskort (thetho ya lepagó) onderskei van die vrouens wat reeds kinders het en die thetho ya letloko dra. 'n Ander aanduiding van sosiale status vind 'n mens by die weduwee. So 'n vrou skeer al haar hare af en haal al haar kralesierade af as teken van rou.

Kleredrag en sierade, veral in die vorm van besondere uitrustings, kan ook dien as 'n aanduiding van die rituele posisie van die draer daarvan. Dit word geïllustreer deur die drag van die kragdokter en die malopo-danser. Hierteenoor kan dit ook dien as gesagssimbole: die ampsposisie van die stamkaptein word deur besondere versierings aangedui.

Kleredrag en sierade onder die Molepo, soos dit vandag voorkom, dui op 'n balans wat tussen die tradisionele en die Westerse gehandhaaf word. Veral by vrouens is dit opmerklik. Die mans, wat meerendeels op een of ander stadium uit die stamgebied beweeg op soek na werk, het die tradisionele kleredrag afgesterf, byvoorbeeld die sweetskraper, sandale en die velkombers. Slegs tydens seremoniële geleenthede kom dit nog in 'n mate voor.

By vrouens vind 'n mens dat die tradisionele en die Westerse gekombineer word. Dit moet gesien word in die lig van die belangrike rol wat klere en sierade as simbole van kommunikasie nog in hulle lewe speel. Die vrou is nie aan so 'n groot invloed ten gunste van verwestersing onderworpe as die man nie en haar tradisionele rol as huisvrou, moeder en landbouer het nog nie veel verandering ondergaan nie. Gevolglik is hierdie simbole van kommunikasie, soos dit in kleredrag en sierade tot uiting kom, nog steeds geldig. Tog bestaan daar 'n begeerte, vanuit estetiese en praktiese redes, na die Westerse kleredrag. 'n Mens vind daarom die kombinasie van die twee tipes kleredrag. So is die velrompe en -skorte

grootliks vervang deur klere van lap (byvoorbeeld die ele), alhoewel die verskillende sierade grootliks behou is. Dit blyk ook dat daar nuwe simbole ontwikkel wat gekoppel is aan die dra van Westerse kleding. So moet 'n getroude vrou as teken van respek, haar hare met behulp van 'n kopdoek bedek in die teenwoordigheid van mans. Die rok, of romp, wat gedra word moet onderkant die knieë hang as aanduiding dat die vrou volwasse is. Die dra van die ele, as teken van volwassenheid, kan ook hier ingesluit word.

So ook het die tradisionele kleredrag en sierade van kinders ook grootliks in onbruik geraak. Waar dit nog voorkom, het dit slegs seremoniële waarde, byvoorbeeld tydens inisiasie.

Dit blyk dus dat, alhoewel die kleredrag 'n verandering ondergaan weg van die tradisionele af, die funksie wat dit in die samelewing verrig nog dieselfde bly.

HOOFSTUK 8

MUSIEKINSTRUMENTE

In die bespreking van die musiekinstrumente van die Molepo is dit onvermydelik dat daar swaar geleun sal word op die werk van P R Kirby, aangesien dit steeds die mees omvattende werk op hierdie gebied is. Daar word gevolglik sover toepaslik van sy indelings gebruik gemaak.

Die verskillende musiekinstrumente wat onder die Molepo aangetref word, kan in vier kategorië verdeel word, naamlik, snaarinstrumente, slaginstrumente, klawerbordinstrumente en blaasinstrumente.

1. Snaarinstrumente

Die verskillende snaarinstrumente word hoofsaaklik as solo-instrumente gebruik. Onder die Molepo word vyf verskillende tipes instrumente in dié kategorie aangetref. Kirby (1932:31-34) deel die instrumente nie volgens orde van groter wordende kompleksiteit van samestelling in nie, maar in die orde van toenemende kompleksiteit van klanke wat elk kan voortbring. Hy sê: "For although

..... these instruments are capable of emitting only one or two sounds, a closer examination of them reveals the fact that in every instance not only are the fundamental tones of the string heard and recognised by the performer, but also the harmonic sounds generated by those fundamentals. These harmonics are either

- (i) sounded together as a chord,
- (ii) isolated for melodic purposes, or
- (iii) used in conjunction with their fundamentals in order to produce elementary polyphony" (Kirby 1932:32).

1.1 Groep 1 instrumente

Snaarinstrumente waarvan die fundamentele toon van die snaar en die harmonie as akkoord herken word en as sulks gebruik word (Kirby 1932:32).

1.1.1 Sekgapa: Hierdie instrument kon nie opgespoor word nie. Volgens beskrywings van informante bestaan dit uit 'n houtboog, waarvan die punte aanmekaar verbind word deur 'n snaar. 'n Kalbas, wat as resonator dien, word aan die boog vasgeheg. Die instrument word bespeel deur dit in 'n vertikale posisie met die kalbas teen die bors vas te druk en die snaar met 'n stokkie te slaan. Deur die kalbas teen die bors vas te druk of dit van die bors te lig, kan die klankvolume gewissel word.

1.2 Groep 2 instrumente

Dit is snaarinstrumente waarin harmonieë van die snaar geïsoleer en gebruik word vir die uitvoering van die melodie (Kirby 1932:34).

1.2.1 Lekwala¹⁾ (Figuur 14.1; Foto 54): Hierdie instrument toon ooreenstemming met die bekende gora van die Khoi-khoin. Dit bestaan uit 'n effens geboë stuk hout (900 mm lank), waarvan die een punt dikker is as die ander. Aan die dik kant van die boog is 'n stuk van die penveer van 'n aasvoël, wat in die lengte gesplits is, vasgeheg. Deur 'n gaatjie in die veer is seninggare (lešika) vasgeheg, wat styf getrek word en aan die dun punt van die boog vasgemaak word. Die lekwala word bespeel deur die boog skuins weg van die mond te hou en met die punt effens na bo. Die veer word tussen die lippe gehou sonder om daar=

1) Die Pedi benaming vir hierdie voorwerp is lesiba, terwyl dit as ugwala onder die Venda en Zulu bekend is. Die benaming blyk eerder van Nguni as Sotho herkoms te wees (Kirby 1934:184;188).

aan te raak. Die klank word voortgebring deur hard oor die veer lug in te asem en uit te blaas sodat die veer en gevolglik ook die snaar begin vibreer. Twee klanke word so voortgebring. Die eerste deur die keel as die lug uitgeblaas word en dit 'n pedaleffek gee; en die tweede deur die mond wat die melodienote voortbring as die lug ingetrek word. Die toonvariasies word verkry deur die grootte van die mondopening en mondholte te verander, asook die hardheid waarmee op die veer geblaas word (Huskisson 1969:308-309). Die lekwala word veral deur mans bespeel vir eie vermaak, byvoorbeeld as hulle op reis is of beste oppas.

- 1.2.2 Botsorwana (Figuur 14.2; Foto 55): Hierdie instrument bestaan uit 'n stuk hout (ongeveer 1000 mm lank) wat breër aan die voorkant (ongeveer 80 mm) is as aan die agterkant. Die hout is, behalwe vir die voorste ongeveer 200 mm, uitgehol om aan die voorwerp 'n trogvormige voorkoms te gee. 'n Stemstok is deur die soliede stuk aangebring en 'n snaar van koperdraad strek vanaf die bopunt van die stemstok tot by die agterpunt van die boog. Soms word 'n leë blik aan die agterkant aangebring om as resonator te dien. Al die voorbeelde wat aangetref is, was uit mosetse-hout gemaak. Die botsorwana word bespeel met behulp van 'n kort strykstokkie (ongeveer 200 mm lank). Dit is 'n bogie met 'n snaar van hare van 'n bees se stertkwas wat, deur dit met die duim te hak, styf gespan word as die musiekboog bespeel word. Die bopunt van die botsorwana word oor die linkerskouer geplaas, terwyl die linkerhand die stemstok vashou en die wysvinger vry is om die snaar af te druk soos verlang word. Soms word 'n keep naby die stemstok ingesny waarin die pinkie van die linkerhand ingehak word om sodoende 'n stewige greep op die instrument te verkry.

Die snaar kan óf oop bespeel word óf twee afsonderlike

fundamentele tone voortbring, elk met 'n eie reeks botone. Deur op die verskillende dele van die snaar te speel, verander die respektiewe harmoniese botone (Huskisson 1969:309). Die wrywing op die snaar word verhoog deur die snaar van die strykstokkie taai te maak met 'n mengsel van gom en was (motu) van die mooka-by ('n tipe angellose bytjie wat in die grond nesmaak). Soms word 'n bietjie van die gom aan die onderkant van die boog geplak sodat dit handig naby is vir gebruik.

Die botsorwana word veral deur jong seuns en ou mans bespeel en gaan gewoonlik gepaard met sang deur die persoon wat dit bespeel.

1.3 Groep 3 instrumente

Dit is snaarinstrumente waarvan sekere van die harmonieë van die snaar geresoneer word en saam met fundamentele gebruik word vir die uitvoering van die melodie (Kirby 1931:38).

1.3.1 Lekope: Alhoewel hierdie instrument algemeen gereken word as een van die instrumente wat by die Molepo in gebruik was, kon dit glad nie opgespoor word nie. Die benaming is ook algemeen van toepassing op die trompie van Westerse herkoms. Die feit dat die trompie op dieselfde wyse gespeel word as die lekope, het moontlik aanleiding gegee tot die ooreenstemming in benaming. Volgens informante het die lekope bestaan uit 'n effens geboë stuk riet waaraan 'n snaar geheg is. Die een punt van die boog word teen die lippe gedruk, sodat die mond as resonator dien en die snaar word met die vinger gekap. Die instrument was vir eie vermaak bespeel en was ook die enigste snaarinstrument wat ook deur vrouens bespeel word.

1.3.2 Setontolo¹⁾ (Figuur 14.3; Foto 56): Die instrument bestaan uit 'n houtboog, saamgestel uit drie dele: 'n stewige sentrale deel (580 mm lank), bekend as die ma en gemaak van mogeletlwa-hout; en twee dunner geboë stukke moretlwa-hout (elk ongeveer 180 mm lank), bekend as die kinders, wat aangebring is aan weerskante van die sentrale deel. Die snaar word aan die punte van die geboë stukke vasgemaak en in twee gedeel deur van die boog 'n stuk garing aan die snaar vas te maak. Dié tweedeling van die snaar verskaf fundamentele tone: tonika (doh) en dominant (soh), elk met harmoniese botone. Die toonhoogtes, diep of laag, word bepaal deur die spanning op die snaar, (los of styf) (Huskisson 1969:308).

Die setontolo word bespeel deur dit in 'n byna horisontale posisie te hou met die een punt van die sentrale houtsteel los teen die lippe, sodat die mond as resonator kan dien. Die snaar word met 'n speelpennetjie (plektrum), gewoonlik 'n pendoring, gepluk om die klanke voort te bring. Die sentontolo word veral vir eie vermaak bespeel, maar ook tydens die hofmakery van 'n jong meisie deur 'n man.

2. Slaginstrumente

Die verskillende slaginstrumente van die Molepo, wat hoofsaaklik onderverdeel kan word in tromme en ratels, word altyd in kombinasie met ander instrumente gebruik. Dit is ook in hierdie groep waar instrumente aangetref word wat spesifiek net tydens malopo-danse gebruik word.

2.1. Ratels

1) Dié benaming is vermoedelik afgelei vanuit die Zulu (Ndebele) isitondolo. Onder die Pedi staan dit as lelope bekend (Kirby 1934:233).

Twee tipe ratels word onderskei, naamlik die wat in die hand gehou word en die wat om die enkels en kuite vasgemaak word. Albei tipes word in kombinasie met ander instrumente aangetref tydens gewone danse en malopo-danse.

2.1.1 Tšhela (handratel - Figuur 14.5): Dit is 'n eenvoudige instrument wat bestaan uit 'n bolvormige kalbas wat gedeeltelik met sade en klippies gevul is en dan aan 'n kort stokkie, wat deur die kalbas gaan en wat as handvatstel dien, vasgeheg word. Die tšhela word ritmies op die maat van die tromme geskud. Dit word slegs tydens malopo-danse gebruik en word deur vrouens bespeel.

2.1.2 Mathotse (beenratels - Figuur 14.6): Die instrument wat, volgens informante vermoedelik van Tsonga herkom is, bestaan uit twee stamme van drie stokkies elk. Vier sade van die lethotse-boom, wat gedeeltelik met klippies gevul is, is op elk van die stokkies ingeryg. Die drie stokkies van elke stel word aanmekaar verbind deur middel van twee toutjies, een aan die bokant en een onder, wat verleng word om die voorwerp om die kuite vas te maak. Mathotse word veral deur vrouens, maar ook deur mans, tydens gewone en malopo-danse as begeleiding vir die tromme gebruik.

2.2. Tromme

2.2.1 Meropa (tromme): Die tradisionele tromme van die Molepo het bestaan uit 'n klankdop, wat uit een stuk hout vervaardig word en aan die een kant met 'n membraan van vel oorgetrek word. Die membraan word met penne deur die klankdop vasgeslaan en die penne word in posisie gehou deur middel van 'n riem wat daarom gespan is. Die tromme is konies van aard en is altyd langer as wat dit breed is. Aan die onderkant het dit 'n kort voetstuk. Vandag word die tromme gemaak van 200 liter metaaldromme en melkkanne (Foto 57).

Die verskillende groottes meropa wat onderskei word, is:
(1) kiba, die heel grootste, wat met 'n slaanstick bespeel word - die oorspronklike vorm hiervan kon nie presies vasgestel word nie; (2) malahlela, 'n middelslag grootte (ongeveer 800 mm hoog - Figuur 15.2) wat tussen die bene vasgeknypt word en met die hande geslaan word; en (3) titimetšo, die heel kleinste (ongeveer 350 mm hoog), waarvan daar gewoonlik twee is wat albei gelyktydig deur een persoon bespeel word, maar soms ook deur twee persone. Al hierdie tromme was bespeel deur vrouens, hoofsaaklik tydens seremonies soos die fees van die eerste vrugte of 'n reënseremonie.

2.2.2 Lethathala (Figuur 14.4): Dit is 'n tamboeryn, wat volgens Kirby (1943:43) moontlik van Arabiese herkoms is en veral onder die Tsonga aangetref word. Dit word gemaak deur 'n stuk velling van 'n fietswiel sirkelvormig te buig en 'n membraan van vel daaroor te span. Aanvanklik was 'n lang, plat stuk hout sirkelvormig gebuig en gebruik vir die raam van dié trom. Aan die onderkant word 'n versterking van draad en vel, oorkruis, aangebring om die raam in posisie te hou. Die versterking dien ook as vashouplek aangesien die trom baie plat is. Die lethathala word met 'n slaanstick van hout of rubber bespeel, gewoonlik slegs deur vrouens en veral tydens malopo-danse (vgl Kirby 1943:43).

3. Klawerbordinstrumente

3.1 Vingerklavier (Figuur 15.1; Foto 58)

Die vingerklavier (dipela) is die enigste klawerbordinstrument wat onder die Molepo aangetref word. Oor hierdie instrument, wat eie aan Afrika is, het Kirby (1935a:81) die volgende te sê:

"..... in South Africa it is found only among the Venda, among whom few individuals make and play it, and very occasionally in the hands of a Sotho. In the latter

case, however, the instruments are usually very crude, and seem to me to be obviously mere copies of those of another race. Further, the Venda instruments are tuned heptatonically, while the Sotho examples are pentatonic".

Alhoewel die dipela algemeen bekend is onder die Molepo, kon slegs een eksemplaar daarvan opgespoor word. Die herkoms daarvan is egter onseker aangesien die eienaar dit van sy vader geërf het. Na vorm stem dit egter ooreen met die verskillende voorbeelde van Venda-herkoms in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

Die dipela bestaan uit elf metaalpenne van verskillende lengtes, wat in 'n bepaalde volgorde op 'n basis van hout vasgeheg is. Die los punte van die penne is effens na bo gebuig. Die houtbasis het ongeveer in die middel, 'n gaatjie deur en word op 'n ou konfytblik, wat as resonator dien, geplaas as dit bespeel word. Om die dipela te bespeel word dit op die skoot geplaas en die pin-kies van elke hand word deur twee toulissies, aan weerskante van die houtbasis, gehak, terwyl die palms van die hande die voorwerp van voor af vasdruk. Die middelste drie vingers van elke hand word gebruik om die voorwerp te bespeel. Die dipela kan egter ook in die hande vasgehou word, maar dan word slegs die duime gebruik om dit te bespeel.

Die dipela is 'n solo-instrument en word deur lede van albei geslagte en van alle ouderdomme vir eie vermaak bespeel.

4. Blaasinstrumente

Die verskillende blaasinstrumente kan onderverdeel word in seinhorings, gewoonlik gemaak van horing, en fluite, gemaak van materiale soos riet, hout, been en horing.

4.1 Seinhorings

Mapapata (seinhorings - Figuur 15.8-9): Dit word gewoonlik gemaak van die horings van die swartwitpens (phalafala), alhoewel koedoe- (tholo) en waterbok- (kwele) horings ook gebruik word. Eers word die kern van die horing verwyder sodat net die dop oorbly. Die mondstuk se posisie word dan bepaal deur die kern met die dop te vergelyk en dit inte sny op die plek waar die soliede deel van die horing eindig en dit begin hol word. 'n Reghoekige opening (ongeveer 30 mm by 15 mm groot) word gemaak. Soms gebeur dit dat die horing bars, veral aan die oop punt. 'n Stuk nat vel word dan om die horing, oor die bars, vasgewerk. Soos dit droog word, krimp die vel en trek die bars toe. Die stukke vel kan egter ook bloot net as versiering aangebring word.

Mapapata word hoofsaaklik gebruik om mense bymekaar te roep tydens oorlog en ook om inisiantes bymekaar te roep vir die inisiasieskool. 'n Ander gebruik is om as hulpmiddel te dien om 'n verdwaalde persoon te help om sy rigting te vind. Soms word dit ook tydens stamdanse gebruik.

4.2 Fluite

Die Molepo onderskei twee beenfluite, een houtfluit, 'n rietfluitensemble en klein horinkies wat as fluite gebruik word.

4.2.1 Beenfluite: Die twee tipes beenfluite wat deur die Molepo gebruik word, is die ongestopte tipe, met ander woorde, dit is nie op kunsmatige wyse aan die een kant verseël nie. Volgens Kirby (1935b:622) behoort hierdie tipe fluit tot die Vendagroep van fluite, teenoor die Peditipe wat toegestop is aan die onderkant. Die fluite word gemaak deur die been, 'n stuk tibia van 'n bok of skaap net onderkant die lid af te sny sodat die been aan beide kante oop is. Die natuurlike verdikking van die been word in 'n V-vormige keep weggeskuur sodat die een opening daardeur vergroot word. Die been word andersins glad afgewerk. Die twee

tipes fluite word bespeel deur dit met die regterhand op die tong, wat effens uitgesteek word, te plaas, met die v-vormige keep op die tong. Terwyl daar oor die bokant van die fluit geblaas word, word die onderkant met die wysvinger van die linkerhand toegedruk (Foto 59).

4.2.1.1 Lengwane (Figuur 15.4): Hierdie eerste van die twee tipes beenfluite is ongeveer 200 mm lank en word slegs deur jong, ongeïnisieerde seuns bespeel. Die gebruik daarvan hou verband met die bepaling van senioriteit en leierskap soos dit tot uiting sal kom in die inisiasieskool. Die jong seuns van 'n stat kom as groep bymekaar en na 'n geveg met latte, word 'n leier gekies. Indien dié groep hoor dat seuns van 'n ander stat die lengwane bespeel, daag hulle die ander seuns uit om die lengwane "teen" hulle te blaas. Na afloop van hierdie kompetisie, beweeg die twee groepe na mekaar toe. Die leiers daag mekaar uit tot 'n geveg, waartoe die ander seuns dan ook gereedelik toestem. Die leierskap van albei groepe word deur die leier van die wennende groep oorgeneem. Op hierdie wyse word daar voortgegaan tot alle seuns wat kwalifiseer om die spesifieke stamskool by te woon, in hierdie orde opgeneem is.

4.2.1.2 Motsie (Figuur 15.5): Die fluit lyk net soos die voorgenoemde, maar met die verskil dat dit heelwat korter is, ongeveer 140 mm. Die motsie word bespeel deur mans en seuns tydens stamdanse, of dit kan as seinfluit dien as daar na beste gesoek word.

4.2.2 Mokude (Figuur 15.3): Dit is 'n houtfluit wat vervaardig word deur 'n silindervormige stuk mphera-hout (ongeveer 200 mm lank), wat dunner is aan die een punt as die ander, in die lengte oop te kloof. Die twee helftes word dan uitgehol om, as dit weer opmekaar geplaas word, 'n koniese

pyp te vorm met 'n groot opening aan die breë kant en 'n klein gaatjie aan die dun kant. Om die twee stukke vas opmekaar te hou, word 'n stuk nat vel van 'n bees se stert of 'n bok se been daarvoor getrek. Soos die vel uitdroog, krimp dit en trek die twee stukke vas. 'n Ander metode is om die fluit te bedek met vlegwerk van dun elektriese draad. Aangesien die hout nie altyd dig sluit nie, word die instrument eers vol water gemaak, wat uitgeskuud word voor dit bespeel word. Op hierdie wyse swel die hout uit en sluit dit dig.

Die mokude word veral deur volwasse mans bespeel, byvoorbeeld tydens oorlogvoering om mekaar 'krag' te gee. Vandag word dit egter ook tydens feesgeleenthede gebruik.

4.2.3 Lenaka la phuti (Figuur 15.6): Dit is 'n duikerhoring wat as seinfluit gebruik word tydens die jag, of as daar beeste gesoek word. Honde word soms geleer om op verskillende seine van hierdie fluit te reageer. Deur die horing met medisyne te behandel kan dit gebruik word om besondere aksies uit te voer. Byvoorbeeld, na behandeling kan dit 'teen' 'n persoon geblaas word. Dit sal meebring dat hy sy huis na bewering sal verlaat en nooit weer sal terugkeer nie. 'n Gaatjie word soms deur die soliede deel van die horing gemaak en die fluit word dan aan 'n riempie om die nek gedra.

4.2.4 Dinaka tša mahlakanoka (Figuur 15.7): Die rietfluitensemble bestaan uit sewe stukke riet (vandag stukke koper- en ysterpyp wat aan die onderpunt toegekap word) van verskillende lengtes, wat elk net onderkant 'n natuurlik lid afgesny is sodat die fluite aan die onderkant toe is. Die benaming van die individuele fluite is as volg:

1. <u>tsereweng</u>	<u>leboga</u>
2. <u>marotong</u>	<u>theme</u>
3. <u>diferong</u>	<u>phalola</u>
4. <u>fefere</u>	<u>tatedi</u>
5. <u>tatedi</u>	<u>kiba</u>
6. <u>tšušī</u>	<u>moragogakiba</u>
7. <u>lempu</u>	<u>morothwana</u>

Die kolom aan die regterkant is weergegee deur Kirby (1933:369) uit gegewens soos aan hom verskaf is deur N J van Warmelo wat dit onder die Molepo ingesamel het. Die kolom aan die linkerkant is soos informante die name vir 'n spesifieke stel in die veld verstrek het. Die verskil in benaminge word deur informante toegeskryf aan die feit dat die samestelling van die verskillende stalle van stat tot stat verskil. Ander benaminge wat aangetref is, is tlhabeledi (tšušī), phekudi (fefere) en tsioo (tsereweng). Alhoewel daar net sewe instrumente per stel is, mag dit gebeur dat van die individuele fluite gedupliseer word en daar dan meer as een van elke basiese tipe aangetref word. In sommige gevalle word daar ook verkleinde vorms van sommige van die fluite gemaak en is daar meer as net die sewe basiese vorms.

Tšušī word eerste gesny (vir die stel beskryf deur Kirby is dit phalola) en op gehoor gestem. Die ander fluite word dan met water gevul, wat uitgeskud word voor dit geblaas word, sodat dit die klank makliker kan voortbring.

Die dinaka word op dieselfde wyse as die beenfluite geblaas. Dit kan gebruik word tydens stamdanse, maar ook by ander geleenthede soos 'n huwelik, en word slegs deur mans of geïnisieerde seuns bespeel. Tydens die stamdanse staan die spelers in 'n sirkel om die meropa. Die leier het 'n lepapata wat geblaas word met die aanvang van elke lied,

waarna die tromme en die dinaka inval.

5. Samevatting

Die musiekinstrumente van die Molepo kan op grond van hulle gebruik in vier breë groepe ingedeel word.

Eerstens is daar instrumente wat vir eie vermaak gebruik word, byvoorbeeld die verskillende snaarinstrumente en die dipela. Hierdie groep instrumente kan dus ook as solo-instrumente beskryf word. Baie min van hierdie instrumente word vandag nog aangetref - hoofsaaklik die setontolo en die botsorwana, alhoewel die ander nog algemeen bekend is onder informante.

Die tweede groep is daardie instrumente wat algemeen tydens stamgeleenthede gebruik word, soos die verskillende meropa, ratels, rietfluite en die seinhorings. Hierdie instrumente word altyd in kombinasie met mekaar gebruik. Dit kom nog redelik algemeen voor, intendeel, elke stat beskik oor sy eie stel van hierdie instrumente, wat deur die verskillende hoofmans bewaar word. Alhoewel die aard en gebruik daarvan nog op die tradisionele gebaseer is, word dit hoofsaaklik van Westerse materiale gemaak.

In die derde geval word daar instrumente aangetref waarvan die gebruik op die religieuse terrein lê, naamlik die tamboeryn en die verskillende ratels. Die twee instrumente, wat vermoedelik van Tsonga herkoms is en veral met die sogenaamde Ndaugeeste verband hou, word slegs tydens malopo-danse gebruik.

Laastens is daar 'n groep instrumente wat beskryf kan word as seininstrumente, soos die lepapata, lenaka la phuti en die motsie. Hierdie is hoofsaaklik persoonlike voorwerpe en word individueel en nie in kombinasie met ander instrumente aangewend nie. Dit kom nog geredelik onder die ouer mans voor.

Alhoewel die indeling van die instrumente in snaar-, slag-, en klavier- en blaasinstrumente gedoen kan word, het orkeste in die Westerse sin van die woord nooit onder die Molepo voorgekom nie. Slegs in gevalle van stamdanse (meropa, lepapata en dinaka) en malopo-danse (lethathala en ratels) word van die instrumente in kombinasie gebruik.

Die maak van tradisionele musiek kom vandag selde op 'n groep=basis voor, terwyl die gebruik van die verskillende solo-instrumente beperk is tot enkele individue wat dit op 'n sporadiese wyse bespeel. Dit is slegs tydens die malopo-danse waar dit nog baie algemeen gebruik word.

Die radio en grammofoon het grootliks die funksie van die tradisionele instrumente oorgeneem. Enkele nuwe instrumente kom voor en word veral deur seuns gemaak om op te speel (sien 10:2).

HOOFSTUK 9

WAPENS

Die verskillende tipes tradisionele wapens is vandag moeilik bekombaar, grootliks weens die feit dat dit nie meer benodig word nie en ook omdat, volgens informante, die besit daarvan deur die wet verbied word. In enkele gevalle waar wapens nog voorkom, word dit beskou as erfstukke en hou dit verband met die aanbidding van die voorvaders. Van hierdie wapens, byvoorbeeld, spiese, byle en skildvelle, kom nog in miniatuurvorm voor, waar dit veral gebruik word tydens die sogenaamde malopo-danse.

Meeste van die ondergenoemde wapens was gebruik tydens oorlogvoering, sowel as vir jagdoeleindes en kan onderverdeel word in aanval- en verdedigingswapens. Eersgenoemde kategorie kan dan ook nog verder onderverdeel word in handwapens en projektiele. 'n Derde kategorie, wat naas aanvals- en verdedigingswapens onderskei kan word, is self-aktiverende wapens, wat die verskillende strikke insluit. Aangesien dit nie normaalweg tydens oorlogvoering gebruik word nie, maar eerder tydens die jag, is dit reeds in Hoofstuk 4:3.1 bespreek.

1. Aanvalswapens

1.1 Handwapens

In hierdie kategorie val slegs drie tipes wapens, naamlik messe, kieries en byle.

1.1.1 Dithipa (messe): Geen tradisionele tipe mes kon opgespoor word nie. Na beskrywing het dit min of meer die vorm van 'n lang spieslem gehad wat in 'n houtheft gemonteer was. Die yster vir die lem is gewoonlik van ander groepe verhandel. Die mes was 'n veeldoelige werktuig en was vir

'n verskeidenheid take gebruik.

1.1.2 Thoka (kierie - Figuur 6.2): Twee tipes kieries word onderskei. Die eerste word vir selfverdediging gebruik, terwyl die tweede veral tydens die jag as gooiwapen gebruik word. Laasgenoemde word gebruik, nie soseer om die prooi dood te gooi nie, maar om dit te beseer en sodoende die vlug daarvan te vertraag sodat die honde dit kan vaskeer en dit dan met spiese gedood kan word. Die thoka word gewoonlik uit 'n stuk hout gekap sodat dit 'n knop aan die een kant het, of andersins word 'n stuk hout met 'n natuurlike verdikking aan die een kant gebruik. Die lengte van die kierie is ongeveer 1200 mm, teenoor die gooikierie wat ongeveer 500 mm lank is. Die hout waarvan die kieries gemaak word hang grootliks af van die persoonlike voorkeur van die eienaar (vir wandelstokke sien 7:5.1-2).

1.1.3 Selepe (byl - Figuur 16.4): Hier word onderskeid gemaak tussen die gewone werksbyl (selepe) en die strydbyl (selepe sa magagane of soms ook tsaka genoem). Die gewone werksbyl het, na aanleiding van beskrywings gegee deur informante, dieselfde tipe lem gehad as die dissel/skraper, met die verskil dat dit effens groter was en dat dit in lyn met die steel gemonteer was en nie dwars soos in die geval van die disselle nie. Die strydbyl, daarenteen, het 'n V-vormige lem gehad met 'n skag wat van die binnekant van die middelpunt van die V loop en in die steel bevestig word. Die tradisionele tipe werksbyl kom glad nie meer voor nie en is vervang deur die Westerse produk. Strydbylle kom in enkele gevalle nog as erfstukke voor. Laasgenoemde tipe byl word ook in miniatuurvorm by malopo-dansers aangeref.

1.2. Projektiële

1.2.1 Marumo (spiese): Dit was die algemeenste wapen en kan as handwapen of as projektiel gebruik word. Drie tipe spiese word onderskei. Hierdie onderskeid berus op die voorkoms van verskillende tipes lemme.

1.2.1.1 Lerumo (Figuur 16.1): Dit het 'n blaarvormige lem met 'n lang skag wat in die steel ingebrand word. In een geval is 'n lem gemeet wat 350 mm lank is, terwyl 'n ander wat nog gemonteer is, 330 mm lank is sonder die deel wat in die steel steek. Oor die aanhegtingspunt word daar 'n stuk nat beesvel vasgewerk. Namate die vel uitdroog, krimp dit en trek dit styf om sodoende die aanhegtingspunt te verstewig. Die lerumo is in totaal ongeveer 1800 mm lank. Dit is die algemeenste spies en was gebruik vir sowel jag as oorlogvoering.

1.2.1.2 Letsolo (Figuur 16.2): Dit het 'n lang (ongeveer 370 mm) punt wat vierkantig in deursnee vertoon. Die steel en die aanhegtingspunt is dieselfde as by die lerumo, maar die steel is gewoonlik 'n bietjie korter, naamlik 1300 mm. Hierdie tipe spies was veral gebruik vir die doodmaak van kleiner diertjies en slange wat tussen klippe en in gate skuil. Dit kan egter ook tydens oorlogvoering gebruik word.

1.2.1.3 Tšhoša (Figuur 16.3): Hierdie spies se lem het 'n driehoekvormige punt met klein weerhakkies aan elk van die onderste hoeke. Die punt is baie klein en het 'n lang skag waarmee dit in die steel gemonteer word (ongeveer 230 mm). Die tšhoša was veral tydens die jag gebruik, maar ook tydens oorlogvoering.

Enige lang, reguit stok kan vir die steel van 'n spies gebruik word, alhoewel mphahla- en lehlwatse-hout as die geskikste beskou word. Volgens informante was die stele van spiese nie versier

nie. Die lerumo word in miniatuurvorm en ook in houtnamaaksels tydens malopo-danse en ander feesgeleenthede gebruik.

1.2.2 Mosebe le bora (pyl-en-boog)¹⁾: Na beskrywings van infor=
mante was die boog van mogeletlwa-hout, met 'n snaar van ge=
draaide riem. Die pyle was van riet gemaak. Die agterkant
was ingekeep om oor die snaar te pas, maar dit het nie
vere aangehad nie. Drie tipes pyle word op grond van die
verskillende punte onderskei: (1) Mosebe, wat 'n klein
blaarvormige punt gehad het met 'n kort skag wat in die
steel ingelaat word. (2) Die tweede pyl, ook bekend as
mosebe, het 'n driehoekvormige punt met twee klein weerhak=
kies aan die onderste hoeke. In albei gevalle was die
aanhegtingspunt met vesels toegedraai om dit te verstewig.
(3) Die tobola se steel lyk soos die vorige, maar die punt
is in die vorm van 'n hout knop (soms het dit drie of vier
vlakke wat in 'n piramiede aan die bokant van die knop
eindig) wat in die steel ingelaat word en met vesels vas=
gedraai word.

Beide tipes mesebe was gebruik tydens jag sowel as oorlogvoering.
Gras is byvoorbeeld aan die pyle gebind, aan die brand gesteeek
en in die dakke van die vyand se hutte geskiet. Die tobola

1) Maingard (1932) toon aan die hand van taalkundige en historiese
bronne dat die Sotho-Tswana oorspronklik nie die pyl-en-boog as
wapen geken het nie, of dan, dat dit nie baie gewild onder hulle
was nie. Hulle kon dit, aldus Maingard, slegs vanuit twee bronne
oorgeneem het, naamlik die Khoisan en die Shona-Venda. Volgens
Maingard kan die herkoms van alle pyl-en-boë in Suid-Afrika na een
van hierdie twee bronne teruggevoer word. Indien dit as korrek
aanvaar word en ook in ag geneem word dat die Molepo 'n tydlank in
Vendaland woonagtig was en dat daar later 'n groot invloed van die
kant van die Venda na die suide uitgegaan het (Van Warmelo 1937:63),
kan 'n mens met 'n mate van sekerheid beweer dat die Molepo hul
pyl-en-boë van die Venda oorgeneem het.

was veral gebruik vir die skiet van klein diertjies en voëls.

1.2.3 Mokotla (pylkoker): Volgens informante was pyle, en soms ook spiese, gehou in 'n koker wat oor die rug gedra was. Dit was gemaak van 'n stuk vel wat in 'n koniese vorm toe=gewerk was. Hierdie tipe houer kom egter glad nie meer voor nie.

1.2.4 Seragamabje (slingervel): Die slingervel word uit 'n stuk bees- of bokvel gesny - eersgenoemde word verkies aangiesien dit meer duursaam is. Dit bestaan uit 'n stuk vel (ongeveer 1500 mm lank), wat gesny is met 'n ovaalvormige verbreeding in die middel. 'n Klip word in die verbreeding geplaas en dan word die voorwerp aan die twee punte bo die kop geswaai. As die een punt gelos word, skiet die klip los. Die slingervel word veral deur jong seuns gebruik vir die jag van voëls en klein diertjies, maar ook in die landerye om voëls te verwilder as die graan ryp word.

2. Verdedigingswapens

2.1 Kotse (skildvel)¹⁾: Die aanvanklike vorm van die skildvel word deur informante as rond beskryf. Die enigste tipe skild wat vandag nog aangetref word is 'n miniatuur, ovaalvormige skildvel, wat na vorm en versiering met die tradisio=

1) Tylden (1946) het vanuit 'n literatuurstudie kon aandui dat die ovaalvormige skildvel met die Ngunivolke verband hou en dat die Sotho-Tswana ander vorme verkies het. Die Lobedu het 'n uur=glasvormige tipe gehad (Davison 1979:160) wat moontlik met die van die Rolong en Tlhaping (Tylden 1946: Figuur IV) ooreenstemming getoon het. Die herkoms van die ovaalvormige skildvel onder die Molepo kan herlei word na twee moontlikhede, naamlik 'n orname van die Ndebele van Mzilikazi, of dit kon ingebring gewees het deur die malopo-dansers wat dit vandag nog baie algemeen gebruik.

nele Zulutipe ooreenstem en gewoonlik tydens malopo-danse gebruik word.

2.2 Fortifikasies: Oor hierdie onderwerp kon die verskillende informante geen inligting verskaf nie. Dit word toegeskryf aan die feit dat geeneen van hulle ooit daarmee te doen gehad het nie, aangesien die gebruik daarvan lank reeds nie meer nodig is nie.

3. Miniatuurwapens

Verskeie van die tradisionele tipes wapens, veral die spies, skild= vel en strydbyl, word in miniatuurvorm onder die malopo-dancers aangetref en staan bekend as badimo- (voorvader) goedere (Foto 47).

Die keuse van die gebruik van so 'n wapen berus, net soos in die geval van die kleredrag en sierade (sien 7:1.7), by 'n voorvader wat sy wil deur middel van 'n droom of die dolosse aan die malopo-danser bekend maak. Die persoon word dan aangesê om 'n voorwerp, gewoonlik 'n wapen van een of ander vorm, wat aan die spesifieke voorvader behoort het, in die hande te kry. Wapens word verkies aangesien dit met die verlede, en by implikasie dus ook met die voorvader, geassosieer word. Hierdie voorwerp word dan na die voorvader vernoem. Dit word deur die malopo-danser in die hand gehou terwyl sy dans en dien as die skakel waardeur die voorvader met haar kontak maak om sodoende sy boodskap maklik oor te dra.

Indien daar nie 'n voorwerp in die hande gekry kan word wat aan die voorvader behoort het nie, kan die malopo-danser een laat maak en dit dien dan dieselfde doel as die oorspronklike voorwerp. Hierdie wapens is dan gewoonlik 'n miniatuurvorm van die oorspronk= like voorwerp en word uit hout gemaak, of van die oorspronklike tipes materiaal. Na vorm lyk dit egter net soos die oorspronklike, behalwe dat dit baie kleiner is.

4. Samevatting

Die algemene wapens wat in gebruik was, was die spies, kierie, skildvel, strydbyl, mes en pyl-en-boog. Laasgenoemde is moontlik van Venda herkoms (sien 1.2.2 bo). Hierdie wapens was meerendeels vir oorlogvoering gebruik, maar ook tydens die jag, terwyl die mes 'n veeldoelige aanwending gehad het.

Wapens was by uitstek die besit van die man en vrouens het dit nie hanteer nie. Gevolglik was dit dan ook so gebêre, in die kgoro of die woonhut, dat die vrou nie nodig gehad het om dit te hanteer nie. Die hantering daarvan deur 'n vrou sou vir die man ongeluk op die slagveld of tydens die jag meebring het. Ook seuns was nie toegelaat om die wapens te hanteer nie, alhoewel hulle kieries en slingervelle gebruik het om te jag as hulle die beeste opgepas het. Slegs na inisiasie en veral na hy getroud is, is 'n jong man as verantwoordelik genoeg beskou om wapens te mag besit.

Die skaarsheid van tradisionele wapens vandag kan toegeskryf word aan die feit dat dit nie meer nut het nie: oorlogvoering is iets van die verlede en wild is sodanig uitgeroei dat dit nie meer 'n proposisie is om te gaan jag nie. Die resultaat is dat dit slegs nog enkele informante is wat oor kennis van hierdie onderwerp beskik en dan is dit ook meerendeels oor die meer algemene wapens soos die spiese en byle, terwyl kennis aangaande die skildvel en die pyl-en-boog maar min is. In die enkele gevalle waar wapens nog aangetref word, word dit as erfstukke bewaar of deur malopo-dancers gebruik.

Van die tradisionele tipes wapens, spiese, byle en skildvelle, word in nagemaakte of miniatuurvorm onder die malopo-dancers aangetref waar dit as skakel dien met die voorvaders.

HOOFSTUK 10

DIVERSE TEGNIESE SKEPPINGE

Hierdie hoofstuk het in breë trekke te make met al daardie voorwerpe wat nie geredelik onder een van die voorgenoemde kategorië tuishoort nie. Dit behels in hoofsaak voorwerpe wat deur kragdokters gebruik word en al die verskillende speelgoed.

1. Doktersimplimente

Die aspek van die voorkoming en genesing van siektes en teenspoed hou, onder tradisionele omstandighede, gewoonlik verband met die magiese, veral ten opsigte van die opvattinge aangaande die oorsake en die identifisering van siekte. Die geloof in voorvaders en ander geeste wat deur middel van siekte of teenspoed hulle wil aan die individu of die gemeenskap bekend maak, asook in die werking van kwaadwillige toornars (baloi), dra daartoe by dat die meeste siektes of teenspoed gesien word as die resultaat van die werking van hierdie bonatuurlike krag.

Vir die identifisering van die oorsake van hierdie siektes of teenspoed word 'n verskeidenheid voorwerpe gebruik. Onderskeid moet ook gemaak word tussen voorkomende behandeling en genesende behandeling. Voorkomende behandeling word gekenmerk deur die dra van amulette, of deur sekere aksies van die kragdokter ter voorkoming van siekte of teenspoed. Genesende behandeling sluit weer in die neem van medisyne soos voorgeskryf deur die kragdokter. In laasgenoemde geval word daar egter ook sekere empiriese, of niemagiese, middele vir die behandeling van siektes aangetref.

1.1 Voorwerpe vir die identifisering van siekte of teenspoed

Die verskillende waarseggingsinstrumente word nie net ten opsigte van die identifisering en behandeling van siekte gebruik nie, maar

ook vir ander aspekte soos die uitwys van toornaars, die terugvind van verlore goedere en die voorspelling van die toekoms.

1.1.1 Ditaola (dolosse - Foto 65): Die gebruik van ditaola is die algemeenste wyse van waarsegging. Die gebruik van so 'n stel is baie kompleks van aard en word vooraf gegaan deur 'n lang periode van opleiding. Alhoewel daar ooreenstemminge in die basiese samestelling van die verskillende stelle is, verskil dit tog van kragdokter tot kragdokter deur die byvoeging of weglating van enkele stukke. Vandag word die meeste van hierdie stukke nie meer self bekom nie, maar word dit in winkels gekoop, veral stukke afkomstig van die erdvark, leeu, bobbejaan en so meer.

Die vier belangrikste stukke in die stel, bekend as ditlou (olifant - agterste ry Foto 65), word gemaak van been of ivoor. Al vier die stukke is aan die een kant versier met ingesnyde lyntjies en kolletjies met kringetjies om. Twee van die stukke het ook swaelstertinsnydings aan die een kant. Die ditlou verteenwoordig die vader, moeder, seun en dogter. Die vroulike dele van hierdie vier stukke word gekenmerk deur 'n swaelstertinsnyding. 'n Tweede groep voorwerpe in die stel staan bekend as ditaola tša meetse en bestaan uit vier skulpe (Foto 65, tweede ry). Die skulpe verteenwoordig sake rakende water, asook die Blankes. Thakadu (Foto 65, 2de ry, 3de voorwerp links) word gemaak van die astragali van 'n ietermago en staan bekend as Modimo. 'n Muntstuk word ook ingesluit volgens die voorkeur van die spesifieke kragdokter en dui op die 'helderheid' waarmee die dolosse gelees kan word. Vier stukkie skilpaddop (Foto 65, 3de ry regs) kom ook voor en word veral gebruik vir die identifisering van siektes. Astragali van verskillende tipes diere kom ook voor, byvoorbeeld nare (buffel), phuti (duiker), pudi (boerbok) en kolobe (wildevark) en dui gewoonlik op die totems van die verskillende stamme wat

in die omgewing woonagtig is. Die astragali kom in pare voor, een manlik en een vroulik. Ander stukke wat in die stel voorkom is twee klippies, wat in kombinasie met die skulpe funksioneer; 'n morula-pit, bekend as dikoko, wat gebruik word om toorpraktyke uit te wys; asook toonbeentjies van 'n leeu en bobbejaan. Die insluiting van laasgenoemde stukke berus grootliks op die voorkeur van die kragdokter self.

Die uitleg van die dolosse berus op die beginsel van die relatiewe posisie waarop die verskillende stukke tot mekaar val. Elke stuk het 'n bo- en onderkant, wat respektiewelik as lewendig of dood geïnterpreteer word. Elk het ook nog 'n kopgedeelte wat rigting aandui. Die ditaola word gehou in 'n sakkie wat gemaak word van die vel van 'n klein diertjie soos die van 'n meerkat.

1.1.2 Mankgonyana (waarseggingsinstrument - Foto 66): Hierdie voorwerp word gemaak van mpharatsšhwene-hout. Dit bestaan uit vyf groepe van twee stokkies elk wat aan beide punte deur middel van stukkies riem aanmekaar geheg word. Tussen elk van die pare word daar weer 'n enkele stokkie met behulp van 'n riem aangebring, dit wil sê vier in totaal. Al die stokkies kan oop en toe skarnier. Aan die voorste, enkel stokkie is 'n stukkie geel kralewerk aangebring, met 'n stukkie vel daaronder. Aan die bokant is daar 'n deel van die stertvel van 'n bees of bok. Deur die voorwerp aan die agterkant, dit wil sê aan die teenoorgestelde kant van die kralewerk, vas te hou, kan dit deur die pols te beweeg, in werking gestel word. Dit kan langer rek of korter word, of na links of regs krul. Die kragdokter gebruik die mankgonyana om veral verlore goedere op te spoor, maar dit kan ook gebruik word vir die uitwys van toornaars of die identifisering van siektes. Die velletjie aan die voorkant staan bekend as thebele en is veronderstel om die oorsprong

van die stem te wees wat praat terwyl die kragdokter die voorwerp manipuleer. In der waarheid is dit die kragdokter self wat met behulp van buikspraak met die kliënt kommunikeer.

- 1.1.3 Segapjana (waarseggingskalbassies): Hierdie voorwerpe word deur informante as van Pediherkoms beskryf. Dit bestaan uit 'n stel van vier kalbassies wat met kralewerk oorgetrek is en wat 'n man, sy vrou en hulle seun en dogter voorstel. Die werking daarvan kon egter nie vasgestel word nie.

Van die drie genoemde waarseggingsapparate, kom die ditaola die meeste voor. Selfs persone wat nie kragdokters is nie, sal van die stukke besit. Hulle gebruik dit om persoonlike probleme mee te identifiseer en sal selde, indien ooit, die dolosse vir ander persone aanwend. Die mankgonyana kom vandag in slegs enkele gevalle voor, alhoewel informante van mening is dat dit in die verlede meer algemeen in gebruik was. Die segapjana kon nie opgespoor word nie. Dit is vermoedelik omdat dit iets vreemd is in die Molepogebied, en is slegs deur enkele informante beskryf.

1.2 Voorwerpe vir die afweer van siekte of teënspoed

- 1.2.1 Dithokgola (amulette - Foto 48.4 & 5): 'n Groot verskeidenheid van hierdie voorwerpe word aangetref. Soms word dit gemaak van stukkies hout, ystervarkpenne of ou tipes krale. Die algemene is egter 'n astragali wat aan 'n string krale om die nek gedra word, of 'n klein horinkie, gevul met medisyne, wat ook om die nek gedra word. Die thokgola word deur die kragdokter voorgeskryf en gemaak nadat hy deur middel van waarsegging die pasiënt se probleem geïdentifiseer het.

- 1.2.2 Weerligafleiers: Verskillende soorte van hierdie voorwerpe kom voor. Een geval is gesien waar 'n ou spiespunt (Foto 28) met medisyne behandel is en op die nok van 'n hut as

weerligafleier aangebring is. Weerligmedisyne kan ook op vyf klippe gesmeer word wat dan op elk van die hoeke van die erf en by die hek begrawe word.

1.3 Voorwerpe vir die behandeling van siektes

1.3.1 Matšwamati (letterlik: bas) (spalke): Vir die spalke van 'n gebreekte ledemaat word stukkie bas, veral morula-bas, na gelang van die grootte van die ledemaat gesny. Die bas word oor die breuk geplaas en met stroke mooka-bas vasgemaak. Die bindmateriaal word van tyd tot tyd met ander vervang aangesien dit uitdroog en bros word en dan maklik breek.

1.3.2 Mohlogo (bloedlaatinstrument - Figuur 19.1): Die mohlogo word gebruik vir die laat van bloed as 'n persoon pyn het. 'n Gaatjie word aan die nou kant van 'n stukkie horing gemaak en dan met byewas toegemaak. Om bloed te laat, word daar 'n snytjie gemaak oor die plek waar die pyn is. Die horing word oor die snytjie geplaas en die lug word uitgesuig. Die klein gaatjie word dan met die was toegemaak. Sodoende ontstaan daar 'n lugleegte waarin die bloed ingetrek word. Sodra die horing vol is, kan dit verwyder word en die bloed weggegooi word.

'n Ander wyse om bloed te laat, is om 'n kalbassie gedeeltelik met water te vul. 'n Snytjie word weer eens oor die seer plek gemaak. 'n Kooltjie vuur word in die kalbas gegooi en stoom word gemaak. Die kalbas se opening word dan oor die snytjie geplaas en effens gedraai, waar dit dan vassuig. Die kalbas suig dan vol bloed. Sodra dit vol is, kan dit afgehaal word.

1.4 Medisynehouers

By die behandeling van siektes en teenspoed word daar 'n groot

hoeveelheid medisyne gebruik. Hierdie medisyne word in verskillende tipes houers gehou. 'n Impalahoring, wat met luislangvel oorgetrek is en gebruik word vir die hou van weerligmedisyne, staan bekend as lenaka la motse (Figuur 19.2). Klein dubbelbol kalbassies, soortgelyk aan die wat gebruik word vir snuifdose, word ook gebruik vir die hou van medisyne. Dit staan dan bekend as kgapana ya dihlare (Figuur 19.3). Deesdae tref 'n mens die gebruik van klein glasbotteltjies en klein blikkies aan vir die berging van medisyne.

1.5 Offerplek (Modimo wa fase - Foto 64)

Stamlede wend hulle nie altyd tot die kragdokter vir die oplossing van hul probleme nie. In sulke gevalle kan die hoof van die huis-houding hom wend tot die offerplek of huisaltaar, waar hy dan met die voorvaders in kontak kan kom. Hierdie offerplek bestaan uit 'n gat wat in die lapa gegrawe word. Daarin word daar dan verskillende stukkies bokvleis begrawe. Daar bo-op word dan 'n waaieragtige bolplant, bekend as titikwane, geplant. Dit word verder afgerond deur 'n klein walletjie daarom te bou. As daar met die voorvader kontak gemaak word oor 'n spesifieke saak, word daar eers 'n bietjie snuif of bier oor die plant gegooi, waarna die seën en goedwilligheid van die betrokke voorvader afgesmeek word.

Benewens hierdie offerplek kan daar ook van voorwerpe wat aan 'n voorvader behoort het, gebruik gemaak word as middel tot kontak (sien 9:3). In so 'n geval staan ook dit dan bekend as thokogola. Die religieuse betekenis van hierdie voorwerpe is verbind met die opvatting dat die voorvaders die bewaarders van die volk se tradisionele kultuur is. Die aanwending van voorwerpe (spiese, byle, glaskrale en so meer) wat tot die voorgeslagte behoort het, dien as uiterlike getuienis van die groep se gevoel om die wense en begeertes van die voorvaders in ag te neem en bonatuurlike sanksies af te weer (Du Toit 1968:182).

1.6 Samevatting

Die behandeling van siekte kan onder tradisionele omstandighede nooit van die magiese geskei word nie. Alhoewel die probleem fisies behandel kan word, word die oorsaak daarvan in die meeste gevalle magies ondersoek.

In die behandeling van siekte maak die kragdokter gebruik van 'n aantal waarseggingsmiddele, waarvan die ditaola die belangrikste is. Deur middel van hierdie voorwerpe kan hy nie net die oorsake van siekte of teenspoed vasstel nie, maar ook die behandeling daarvoor aandui.

In die voorkoming en genesing van siekte is daar twee elemente onderskeibaar. Die eerste berus op die magiese en sluit in amulette en weerligafleiers. Die tweede element is meer empiries van aard en hiervoor is daar hulpmiddele soos spalke en bloed=laatinstrumente in gebruik.

Kontak kan ook sonder die tussenkoms van 'n kragdokter direk met 'n voorvader gemaak word. In so 'n geval geskied dit deur middel van 'n huisaltaar of voorwerpe (dithokgola) wat tot die voorvader behoort het.

Alhoewel die lewensomstandighede van die Molepo 'n drastiese verandering ondergaan het, is en bly die rol van die magiese steeds van groot belang. Dit is so omdat die magiese onlosmaaklik verweef is in die kulturele lewe van hierdie mense.

2. Speelgoed

Onder die tradisionele omstandighede vorm spel 'n deel van die informele opleiding wat kinders ontvang. Dit sluit onder andere in raaisels, liedjies, rympies, nabootsingspele en gestandaardiseerde spel.

Weens die feit dat dié navorsing op die tegniese skeppinge toege=spits is, word daar hier net aan die konkrete speelgoed aandag ge=gee. Vir 'n beskrywing van die verskillende tipes speletjies wat voorgekom het, sien byvoorbeeld die werk van Van Zyl (1939).

2.1 Makomane (marionet - Figuur 20.5): Dit is 'n figuur van 'n man of 'n vrou, maar sonder arms, wat uit hout gekerf is en waar=voor klere gemaak word. Die bene van die pop kan skarnier. Aan die agterkant van die figuur, op die rug, is daar twee klein ogies van draad. Twee toutjies word daaraan vasgemaak en aan 'n per=soon se voete verbind, terwyl hy op die grond sit. As die persoon teen sy knieë, wat effens opgetrek is, slaan, begin die pop dans. Terselfdertyd sing die persoon 'n lied of vertel hy 'n storie aan die kinders wat voor hom op die grond sit en die pop dophou. Die figuur maak met ander woorde die aksies na van die persoon in die verhaal wat vertel word.

2.2 Seraga (rekker - Figuur 20.3): Dit bestaan uit 'n y-vormige mik. Aan die bopunte van die kort bene is daar twee lang stukke rubber geheg. Die los punte van die rubberstroke is weer aan weers=kante van 'n reghoekige stuk leer vas. 'n Klip word in die stuk leer geplaas en die speelding word aan die lang been vasgehou. Deur die rekke uit te rek en te los, kan die klip ver geskiet word. Die seraga word deur jong seuns gemaak en gebruik vir die skiet van voëls. Dit is vermoedelik van Westerse herkoms.

2.3 Klei-osse (Figuur 20.4): Verskillende figure van diere, soos beeste, bokke, varke en so meer word deur jong seuns uit klei ge=maak en gebruik om mee te speel.

2.4 Katare (kitaar - Foto 61): Dit is 'n kitaar wat gemaak word deur 'n stuk plank aan 'n reghoekige olie-blik te heg. Draad van verskillende diktes word aan die agterkant van die blik vasgeheg en voor aan die plank deur middel van spykers. Die spykers word so aangebring dat dit ook gebruik kan word om die snare te stel

as die instrument gestem word. Die katare word deur jong seuns gemaak en vir hulle eie vermaak bespeel.

2.5 Sentontoro (snaarinstrument - Foto 62): Hiervoor word 'n reg=hoekige olie-blik geneem en aan die een kant effens ingedui. Stroke binneband van 'n motor word dan, in die lengte van die blik, daarom aangebring om as snare te dien. Die stroke rubber is van verskillende breedtes en word nie almal ewe styf gespan nie. Drie tot vier sulke snare kan aangebring word. Dit word bespeel deur die snare ritmies met 'n kort stok op verskillende punte te slaan. Die sentontoro word ook deur jong seuns gemaak en vir eie vermaak bespeel. Alhoewel daar 'n ooreenstemming in benaming is met die sentontolo (sien 8:1.3.2) is dit nie dieselfde voorwerp nie.

2.6 Tšwatšwa (woer-woer - Figuur 20.2): Dit is 'n stukkie hout of kalbas waardeur twee klein gaatjies gemaak is. 'n Stuk tou word deur die gaatjies gesteek en die punte word dan weer aanmekaar geknoop. Die tou word opgewen en deur dit styf te trek word die stukkie hout of kalbas in beweging gesit. Die tšwatšwa word deur klein kinders gebruik om mee te speel. Dit kan ook gebruik word om mekaar te straf of om uit te vind wie die dapperste is deurdat 'n persoon sy vingers in die draaiende skyf moet druk.

2.7 Kgabubu (draaispaan - bull-roarer - Figuur 20.1): Dit is 'n langwerpige stuk hout met 'n gaatjie aan die een kant waardeur 'n stuk tou aangebring is. Die kgabubu word deur jong seuntjies en dogtertjies gebruik om mee te speel en word aan die stuk tou bo die kop geswaai.

Volgens Kirby (1934:71-71) het die kgabubu en die tšwatšwa albei aanvanklik 'n rituele gebruik gehad, maar die gebruik daarvan het vervaag, vandag is dit net 'n speelding vir kinders. Mönning (1967:127) beweer dat die kgabubu een van die dikomana onder die Pedi is en dat dit gebruik word tydens die inisiasie van meisies. Dit blyk egter nie of die Molepo hierdie moontlikhede geken het nie.

2.8 Koloi (draadkar): Motors van verskillende aard word deur jong seuns gemaak om mee te speel. Die materiaal wat gebruik word in die vervaardiging van hierdie motors is draad, blikkies (soos politoerblikkies of plastiek snuifhouers) wat as wiele dien, en 'n stukkie rubber van 'n motor se binneband wat vir die stuurmechanisme gebruik word.

2.9 Twee ander speletjies, naamlik moruba (Foto 60) en morabaraba (meul) is baie gewild onder jong seuns. Vir die eerste word die speelbord gewoonlik in die grond gemaak. Dit is 'n baie komplekse spel. Vir 'n uiteensetting van die reëls van hierdie spel, kan Stuyt geraadpleeg word (1931:364-366). Die reëls vir meul is baie bekend en die speelbord word gewoonlik op 'n stuk karton geteken (Figuur 20.6). Elke speler het 12 stukke (klippies, sade) tot sy beskikking. Daar word gepoog om drie stukke op 'n slag in 'n reguit lyn, op die kruispunte van die bord se lyne te plaas. Dit gee aan die persoon die geleentheid om een van sy teenstander se stukke te verwyder. So word aangehou tot die een persoon slegs twee stukke oor het en hy gevolglik nie meer kan speel nie.

Twee ander voorwerpe word ook aangetref. Dit dien egter nie onder alle omstandighede as speelgoed nie, maar kan weens die aard daarvan nie elders ingedeel word nie. Gevolglik word dit hier ingevoeg.

2.10 Ngwana wa dihlaka (vrugbaarheidspop - Foto 63): Hierdie voorwerp word gemaak deur 'n aantal stingels van sorghum in 'n bondel te bind en dit dan met vel oor te trek. 'n Pruik, wat gemaak word van lebabi-tou en met rooi-oker gekleur word, word aan die bokant met 'n klein houtpennetjie vasgeslaan. Die vel word dan met krale volgens die kanthegtingmetode oorgetrek en die verskillende kraleversierings aangebring. Gestilleerde arms en bene, gemaak van dun strokies vel, word ter afronding aangeheg. Die pop is ongeveer 300 mm hoog en 90 mm in deursnee. Donkerblou en wit krale word gebruik, terwyl die versierings ook nog groen, rooi en oranje krale insluit.

Die ngwana wa dihlaka word deur 'n meisie se ma vir haar gemaak of laat maak voor sy trou. Op haar troudag neem die bruid die pop saam na haar skoonouers, wat dan 'n naam daaraan gee. Die bruid neem ook die naam aan en sal ook dieselfde naam aan haar eersgebore seun gee. Die vrou se skoonsustertjies speel ook met die pop en behandel dit net soos hulle 'n regte baba sal behandel. Die gebruik daarvan sal hulle help om eendag maklik kinders te hê. Die aspek van vrugbaarheid kom dus op hierdie wyse tot uiting. Na geboorte van die eerste seun word die pop gebreek en word die krale gebruik om vir hom kralesierade te maak.

2.11 Mokoto: Slegs enkele informante is bewus van die bestaan van hierdie figure, vermoedelik weens die feit dat dit hoofsaaklik verband hou met die inisiasie van meisies en gevolglik was hulle ook nie gewillig om daaroor te gesels nie. Na beskrywing het dit bestaan uit twee houtfigure (ongeveer 300 mm hoog), van 'n man en 'n vrou. Tydens of na inisiasie sal van die ou vrouens die meisies agter 'n skerm, byvoorbeeld 'n kombes wat opgehang word, inneem saam met die figure. Die poppe word dan vermoedelik gebruik om huweliksvoorligting aan die meisies te gee. Toeskouers word wel toegelaat om die spel dop te hou, maar hulle mag dit slegs vanaf 'n groot afstand doen. Al wat hulle kan waarneem is as die poppe nou en dan bo die skerm uitsteek.

2.12 Samevatting

Vanuit die bostaande uiteensetting kan gesien word dat min van die tradisionele speelgoed nog aangetref word. Daarenteen word verskeie nuwe voorwerpe geïdentifiseer. Die meerderheid van die speelgoed word deur die seuns gemaak en gebruik, teenoor die van dogters wat slegs poppe insluit. Op 'n latere leeftyd verander die spel om meer die aktiwiteite van die volwassenes te verteenwoordig en word die kinders so voorberei vir hulle volwassewording. 'n Mens dink hier aan die verskillende nabootsingspele wat, as dit nie met die ware artikels gespeel word nie, van nagemakte voor-

werpe gebruik gemaak word, byvoorbeeld dogters wat met miniatuur huisgereedskap speel en seuns met nagmaakte wapens.

Teenswoordig word daar baie speelgoed van Westerse herkoms aange=tref, self voorwerpe soos sakrekenaars en kameras. Ook van die kant van die skole gaan daar groot invloed uit ten opsigte van hier= die aspek. Benewens spel en speelgoed wat op skool aan die kinders geleer word, kry 'n mens baie dramaverenigings en sanggroepe, wat in 'n groot mate die informele opvoeding van die kinders oorneem en hulle help aanpas by 'n vinnig veranderde lewenswyse.

HOOFSTUK 11

SAMEVATTING EN BEVINDINGE

1. Algemene samevatting

Samevattend kan die volgende uitsprake oor die tegniese skeppinge van die Molepo gemaak word.

In Hoofstuk 2 is daar 'n uiteensetting van die herkoms en geskiedenis van die Molepo gegee. Daarin is aangetoon dat die Molepo vanuit Zimbabwe suidwaarts beweeg het na Vendaland (vgl 2:1.1). Vanaf laasgenoemde gebied beweeg hulle mettertyd na hul huidige woongebied, wat hulle na raming reeds nagenoeg 300 jaar gelede beset het. Tydens hierdie periode was die kontak wat hulle met die omliggende stamme gehad het van so 'n aard dat hulle heeltemal hul oorspronklike kultuur verloor het en vandag as Sotho beskou word (vgl 2:1.4).

Binne die natuurlike omgewing waarin hulle hulself gevestig het, was daar 'n wye reeks moontlikhede om te ontgin. Dit sluit materiale van plantkundige en dierkundige herkoms sowel as sekere minerale in (vgl 2:2.4-5). Die kennis wat die verskillende informante aangaande hierdie items openbaar, getuig van 'n lang periode van intense benutting van die omgewing. Tog was daar sekere materiale wat nie plaaslik beskikbaar was nie, byvoorbeeld glaskrale, wat deur middel van ruilhandel bekom moet word (vgl 2:2.6, 4:5). Alle moontlikhede wat deur die omgewing gebied word, is ook nie benut nie, byvoorbeeld koper en goud, wat vermoedelik nie ontgin is nie weens die ontbreking van die nodige tegnologiese kennis.

Vir die benutting van bronne uit die natuurlike omgewing, asook gedemontiseerde bronne, moes die Molepo besondere tegniese vaardighede ontwikkel. In Hoofstuk 3 is vier faktore uitgewys wat elk 'n invloed kan hê op die ontwikkeling van die tegnieke en die produ-

sering van tegniese skeppinge. Hierdie faktore is naamlik die aanwesigheid van die nodige kennis, die beskikbaarheid van genoegsame arbeid, die teenwoordigheid van die grondstowwe en die bestaan van sekere seremoniële verbodsbepalings (vgl 3:1) Die Molepo was daartoe in staat om by die omgewing aan te pas en 'n toepaslike tegnologie te ontwikkel. Die wye reeks tegniese skeppinge en metodes wat in die vervaardiging daarvan aangewend word, is 'n deeglik bewys hiervan.

Die tegnologie van die Molepo het egter nie konstant gebly nie, maar toon duidelik tekens van aanpassing by veranderde omstandighede. 'n Groot hoeveelheid nuwe materiale en tegnieke word teenswoordig aangewend ter vervanging van die tradisionele (sien deurlopend).

Die ekonomie van die Molepo (vgl Hoofstuk 4) was gebaseer op vier komponente, naamlik landbou, veeteelt, jag en versameling. Die landboukomponent was die grootste verskaffer van voedsel (vgl 4:1), terwyl veeteelt, alhoewel dit ook voedsel verskaf het, se grootste waarde op die sosiale en godsdienstige vlak gelê het (vgl 4:2). Die beoefening van die jag en versamelbedrywe het veral aanvullend tot die twee voorgenoemde komponente gefunksioneer (vgl 4:3-4).

Die struktuur van die ekonomie van die Molepo was sodanig dat dit elke familie-eenheid tot 'n groot mate selfvoorsienend en selfversorgend gemaak het. Dit het egter tot gevolg gehad dat arbeids-spesialisasie en handelsverkeer nie besonderlik ontwikkel het nie (vgl 4:5). Die tradisionele ekonomie het sedertdien 'n drastiese verandering ondergaan en is vandag grootliks vervang deur 'n geld-ekonomie.

In Hoofstuk 5 is daarop gewys dat die oorspronklike vestigingswyse en bouforme van die Molepo ook grootskaalse verandering ondergaan het. Die samewoningsverbande is nie meer om die beeskraal/vergaederplek gegroeper nie. Gesinne woon nou afsonderlik op reghoekige persele wat volgens 'n dorpsuitlegskema in blokke met strate daar-

tussen gegroeppeer is (vgl 5:1).

Die tradisionele bouforme en -tegnologie het ook groot veranderinge ondergaan (vgl 5:2.8 + 5:3). 'n Verandering wat baie prominent na vore kom is die verandering van die tradisionele bergingsmetodes vir graan met nuwe metodes, omdat die verandering wat in die ekonomie ingetree het, die tradisionele bergingsmetodes in onbruik laat raak het. Die grootste volume van alle huidige bouwerk geskied met Westerse materiale en volgens Westerse patrone (vgl 5:3). Die tradisionele leef slegs nog voort in enkele strukture soos kook- en stoorhutte wat nog algemeen gebou word.

Vanuit die vroeëre vervaardigingsmetodes van die Molepo is daar 'n groot hoeveelheid voorwerpe geproduseer wat in en om die huis gebruik word en veral verband hou met die berging, voorbereiding en bediening van voedsel en drank (vgl Hoofstuk 6). Hierdie voorwerpe het 'n groot mate van standaardisering, nie net in vorm nie, maar ook ten opsigte van funksie getoon. Dit kan toegeskryf word aan die lang gebruiksgeskiedenis wat dit onder die Molepo gehad het en nog het. Alhoewel voorwerpe van Westerse oorsprong in 'n al hoe groter mate aangewend word, vind 'n mens dat die tradisionele en moderne in baie gevalle naas mekaar en ook aanvullend tot mekaar funksioneer (vgl 6:3).

'n Groot verskeidenheid kleredrag, sierade en spesiale uitrustings word aangetref (vgl Hoofstuk 7). Sommige daarvan dien as algemene drag, terwyl sekere spesialisuitrustings ook aangetref word (vgl 7:1-6). Dit is veral in die kleredrag van die mans waar die grootste verandering gesien kan word, teenoor dié van die vrouens wat meer konserwatief ingestel is (vgl 7:7).

In Hoofstuk 8, wat handel oor musiekinstrumente, is daarop gewys dat die instrumente hoofsaaklik in twee groepe verdeel kan word, naamlik instrumente (fluite en snaarinstrumente) vir algemene gebruik en instrumente (slaginstrumente) vir religieuse of seremoniële

gebruik. Eersgenoemde groep instrumente het vandag feitlik verdwyn, terwyl laasgenoemde nog baie aktief benut word (vgl 8:5).

Die wapens van die Molepo (vgl Hoofstuk 9) was gebruik vir oorlogvoering sowel as tydens die jag. Baie min daarvan word vandag nog aangetref en indien wel, funksioneer dit hoofsaaklik tydens voorouerdiens. Sommige van hierdie voorwerpe word in miniatuurvorm gemaak om spesifiek tydens die diens aan die voorouers gebruik te word (vgl 9:3).

Hoofstuk 10 sluit twee elemente in. Die eerste handel oor die voorwerpe wat vir die voorkoming en genesing van siektes aangewend word (vgl 10:1). Aangesien hierdie aspek meerendeels met die magiese verband hou, is daar min voorwerpe wat direk daarmee gekoppel kan word. Die tweede element van die hoofstuk behels speelgoed (vgl 10:2). Waar dit in die verlede deel gevorm het van die informele opleiding tot volwassenheid, het dit vandag in 'n groot mate verdwyn en word dit vervang deur speelgoed van Westerse oorsprong. Opvoeding geskied nou op 'n meer formele basis.

2. Tegniese skeppinge en die res van kultuur

In die inleidende hoofstuk (Hoofstuk 1) is daar in die vooruitsig gestel dat die ondersoek ook die verhouding van tegniese skeppinge tot die ander aspekte van kultuur sal aandui. Dit is gestel dat tegniese skeppinge deurgaans geïntegreer is en verband hou met elk van die ander aspekte van kultuur. Hierdie feit word baie duidelik deur die navorsingsresultate geïllustreer.

2.1 Die sosiale aspek

'n Groot deel van die tegniese skeppinge van die Molepo kan met die sosiale aspek van hulle kultuur in verband gebring word.

Voorwerpe dui die onderskeid tussen geslagte reeds vanaf kinderjare aan. Kleredrag dien hier as duidelike voorbeeld aangesien elke

geslag oor sy eie reeks kledingstukke beskik (vgl 7:1). 'n Ander voorbeeld hiervan is speelgoed (vgl 10:2), waarvan elke geslag ook sy eie reeks het. Ook in die vervaardigingsprosesse word daar onderskeid tussen die geslagte getref. So is vrouens verantwoordelik vir die maak van keramiekware, matte, kralewerk en so meer, teenoor die mans wat byvoorbeeld metaal- en houtwerk beoefen (vgl Hoofstuk 3). In die bestaansaktiwiteite (vgl Hoofstuk 4) en boumetodes (vgl Hoofstuk 5) word daar onderskeid gemaak tussen die pligte en verbandhoudende gereedskap wat onderling deur mans en vrouens gebruik word.

Voorwerpe kan ook dien as aanduiding van die spesifieke lewensfase waarbinne 'n persoon verkeer. Die sprekendste voorbeeld hiervan is kleredrag. Onderskeid word gemaak byvoorbeeld in die kleredrag van ongeïnisiëerde meisies, geïnisiëerde meisies (vgl 7:1.2.2) en getroude vrouens (vgl 7:1.3).

Gekoppel aan die lewensfase, kan kleredrag ook dien as aanduiding van 'n persoon se sosiale aansien binne 'n betrokke lewensfase, byvoorbeeld in die onderskeid wat gemaak word in die velvoorskort wat gedra word deur getroude vrouens sonder kinders en die met kinders (vg 7:1.3). Ook by die weduwee kom dit tot uiting, aangesien sy al haar hare afskeer en haar sierade afhaal na die afsterwe van haar man (vgl 7:7).

Sosiale aansien word ook in die gebruik van ander voorwerpe weer gespeël. 'n Mens dink byvoorbeeld aan die spesiale mandjies en kleipotte wat gereserveer word vir die gebruik van die hoof van 'n huishouding om sy voedsel in te bedien (vgl 6:1). Hiermee word daar erkenning gegee aan die belangrike posisie wat hy binne die gesin en ook die gemeenskap bekleed.

In sommige gevalle bring die blote besit van voorwerpe verhoogde aansien mee. 'n Persoon se woning en ander besittings, soos 'n stel tromme, of meer resent yskaste, stowe en radios van Westerse

oorsprong, dien as teken van sy vermoëns. Dit kan 'n bydrae lewer tot 'n verhoging in sy sosiale aansien (vgl 6:3). Selfs die spesialisvervaardiger, soos 'n pottebakster, kan deur die beoefening van sy of haar vermoëns aanspraak maak op die aansien van mede stamgenote. 'n Ander voorbeeld wat in hierdie verband genoem kan word, is die kragdokter, wat deur die beoefening van sy beroep welvaart kan opbou en ook aanspraak kan maak op die aansien van sy stamgenote.

By huweliksluiting kom daar, benewens sekere tipes kleredrag, ook nog ander voorwerpe ter sprake. Die setontolo (vgl 8:1.3.2) word deur jong seuns bespeel as hulle 'n meisie die hof maak. Voorwerpe soos mandjies, kleipotte en matte word as trougeskenke gegee. Die vrou ontvang ook 'n vrugbaarheidspop (vgl 10:2.10) wat die naam van haar eersgebore seun dra.

2.2 Die religieuse aspek

Onderskeid moet gemaak word tussen voorwerpe wat vervaardig word met die uitsluitlike doel om dit op religieuse terrein te gebruik, teenoor voorwerpe wat dié gebruik as sekondêre doel het. Eersgenoemde kategorie sluit net enkele voorwerpe in. Daar is byvoorbeeld die verskillende waarseggingsinstrumente (vgl 10:1.1) waarmee die wil van die voorouers bepaal word en die verskillende amulette (vgl 10:1.2) wat gebruik word vir die afweer van siekte en teenspoed. Hierby moet ook ingesluit word die huisaltaar (vgl 10:1.5) en ander offerplekke wat as skakel met die voorouers dien en sodoende die materiële met die religieuse in verband bring.

Die tweede kategorie sluit veral gebruiksvoorwerpe soos wapens (vgl 9:3), sierade en kleding (vgl 7:1.7) en so meer in, wat spesifiek met 'n betrokke voorouer in verband gebring kan word. 'n Mens vind selfs dat hierdie voorwerpe in miniatuurvorm nagemaak word. Al hierdie voorwerpe word baie hoog geag en dien as middel waarmee kontak met die betrokke voorouer gemaak kan word.

Musiekinstrumente (vgl 8:5) is onontbeerlik in die religie, veral tydens stambyeenkomste soos 'n reëndans, diens aan die voorouers en tydens malopo-danse.

Die bestaan van besondere taboes kan ook in hierdie verband genoem word. Sommiges daarvan geld ten opsigte van die verskillende vervaardigingsprosesse (vgl 3:1). So kan die verontagsaming van taboes tydens die vervaardigingsproses bonatuurlike sanksie van die voorouers uitlok, alhoewel dit nie altyd hoef te volg nie. Die oortreder kan dus direk of indirek gestraf word deur die mislukking van die vervaardigingsproses. Daar bestaan ook taboes ten opsigte van die hantering van spesifieke voorwerpe - byvoorbeeld sekere huisgereedskap wat nie deur mans hanteer mag word nie (vgl Hoofstuk 6), of vrouens wat nie wapens mag hanteer nie, aangesien dit teen=spoed vir die man op die slagveld sal meebring (vgl 9:4).

Kleredrag dien ook as aanduiding van 'n persoon se religieuse rol in die gemeenskap. Dit kan duidelik gesien word in die spesiale uitrustings wat deur kragdokters (vgl 7:1.6) en geestesdansers (vgl 7:1.7) gedra word.

Enkele ander voorwerpe funksioneer ook op die religieuse terrein, soos byvoorbeeld kleipotte wat gebruik word vir die maak van reën=medisyne en by die oopstelling van die oes as die voedsel wat vir die seremonie gebruik gaan word, gekook word.

2.3 Die politieke aspek

Die gesag van die kaptein en die ampsposisie wat hy beklee, word verbeeld deur sekere voorwerpe, luiperdvelle en spesifieke krale, waarvan die gebruik uitsluitlik vir hom gereserveer word (vgl 7:5.5). Tydens die stamskool vir seuns, word die kaptein se seuns se setsiba met die pens van 'n bees om die lyf vasgemaak. Dit dien om hulle te onderskei van die ander seuns. Tydens stambyeenkomste word die sefoka (vgl 7:6.2) naby aan die plek waar die kaptein hom be=

vind in die grond geplant. Dit dien as aanduiding dat hy amptelik teenwoordig is.

Die kaptein is ook die bewaarder van die heilige voorwerpe (spiese, tromme, skoffelpikke en so meer) wat aan sy voorouers behoort het. Hierdie voorwerpe gebruik hy in belang van die stam omdat dit as skakel met hulle dien as daar oor sake wat die stam as geheel raak tot die voorvaders genader moet word. Al hierdie voorwerpe word in die kgoro gehou of is in die besit van sy moeder. Soortgelyke voorwerpe word ook soms by van die verskillende hoofmanne aangetref.

Die hoofstat, en dan veral die kgoro van die kaptein, vervul 'n baie belangrike rol op die politieke terrein. As sentrum waar alle stambyeenkomste gehou word, vorm dit die middelpunt van politieke optrede, byvoorbeeld tydens die inhuldiging van 'n nuwe kaptein, stamvergaderings, landbouseremonies en so meer. Die kgoro kan ook gesien word as die setel van die uitvoerende gesag. So 'n setel word natuurlik in kleiner verband ook herhaal in elk van die ander statte waar daar hoofmanne is, wat die verskillende wyke administreer.

2.4 Die ekonomiese aspek

Die grootste meerderheid van die tegniese skeppinge van die Molepo kan met hierdie aspek in verband gebring word.

Die produksie van voedsel noodsaak die vervaardiging van 'n wye reeks tegniese skeppinge, soos landbou-implemente, wapens, strikke en houers van verskillende aard (vgl Hoofstuk 4). Voedselproduksie lewer egter ook sekere rumateriale (velle, horings en senings) wat weer aangewend kan word in die vervaardiging van tegniese skeppinge (vgl Hoofstuk 3). Produksie van voedsel lei ook tot die konstruksie van verskillende tipes houers vir die berging daarvan (vgl 5:8).

Die distribusie van voedsel hou ook verband met die produksie van tegniese skeppinge. Hier was die maatstaf oorproduksie in een segment van die ekonomie, wat dan verhandel is om tekorte aan te vul in 'n ander segment. So word kleipotte en mandjies byvoorbeeld verhandel vir hul inhoud in graan. Dit is ook as geskenke gebruik tydens huwelike of om 'n persoon se guns te wen. Distribusie van voedsel en tegniese skeppinge het ook plaasgevind waar dit 'n middel was om sekere dienste te bekom, byvoorbeeld 'n kragdokter wat vir sy dienste beloon word met graan of ander produkte (vgl 4:5).

Vir die voorbereiding en benutting van voedsel word daar ook 'n groot hoeveelheid huisraad van hout, keramiek, kalbas en so meer geproduseer (vgl Hoofstuk 6). Hierdie voorwerpe is nie net aan die ekonomie gekoppel nie, maar ook aan die religieuse en sosiale aspek van kultuur (sien 2.1 & 2.2 bo).

3. Faktore wat 'n rol kan speel in die verandering van tegniese skeppinge

Hier gaan dit hoofsaaklik oor faktore wat verwestersing kan bevorder. Aangesien die Westerse invloed tans die belangrikste invloed van buite is, moet verwag word dat enige verandering wat plaasvind, in die rigting van verwestersing sal wees.

Ander invloede ten gunste van verandering kan ook aangedui word, maar dit is nie maklik om die omvang daarvan te bepaal nie. Weens die groter beweeglikheid van die mense vandag, byvoorbeeld mans wat in die dorpe en stede gaan werk en met persone van ander etniese groepe in aanraking kom, is die hoeveelheid kultuurvreemde artikels en konsepte wat oorgeneem kan word, soveel groter. Ook die invloed van die kragdokters, veral kultuurvreemde dokters soos die isangoma, moet nie onderskat word nie.

3.1 Bekombaarheid van Westerse goedere

Een van die hoof redes vir verandering weg van die produksie van tradisionele voorwerpe, is die maklike bekikbaarheid van Westerse middele. Groot getalle mense is tans in stede en dorpe werksaam (sien 3.3 onder) waar hulle voortdurend met die Westerse gebruiksgoedere in aanraking kom. Verskeie winkels in die stamgebied, asook handelaars wat van tyd tot tyd die stamgebied besoek, bring Westerse goedere binne bereik van die grootste deel van die stam. Die bestaan van 'n daaglikse busdiens maak dit ook makliker vir die mense om in die stede te kom (vgl 4:5).

Die vervanging van tradisionele tegniese skeppinge deur maklik beskikbare Westerse produkte, word ook verder aangemoedig deur, in sommige gevalle, die moeilike produksieprosesse verbonde aan die tradisionele voorwerpe. Hierbenewens is die Westerse produkte in meeste gevalle ook nog van 'n beter kwaliteit. As voorbeeld kan metaalbewerking genoem word. Die aanvanklike bron van metaalvoorwerpe is aangedui as Phalaborwa, terwyl daar ook 'n moontlikheid bestaan van die benutting van 'n plaaslike bron (vgl 3:9). Vandag is hierdie selfgesmelte voorwerpe egter baie skaars. Met die koms van die Blankes en die groot volume en variasie aan metaalvoorwerpe wat dit meebring het, het die tradisionele metode van vervaardiging heeltemal in onbruik geraak. Metaalbewerking was onder tradisionele omstandighede 'n baie arbeidsintensiewe industrie, met 'n relatiewelae opbrengs (sien Van der Merwe & Killick 1979) en daar kan dus verwag word dat dit nie lank sou voortbestaan in die lig van die maklike aanbod van die Westerse voorwerpe nie.

3.2 Ekonomiese faktore

Die aanvanklike ekonomie van die Molepo was ingestel op selfvoorsiening en selfversorging en is in 'n beperkte mate aangevul met ruilhandel (vgl 4:5). Vanweë 'n toename in bevolkingsgetalle en laer opbrengste per familie-eenheid, kan die individuele huis-

houding nie meer genoegsame voedsel produseer nie. Die afname in landbouproduksie veroorsaak dat baie van die tradisionele gebruike en produksiemiddelle in onbruik raak. Die ploeg van die landerye is byvoorbeeld gemeganiseerd en vind op 'n kontrakbasis plaas (vgl 4:1.1). Weens die laer opbrengste is die tradisionele bergingsmetodes (vgl 5:8) nie meer in gebruik nie en word die oes nou ook in goingsakke geberg.

Sedert die koms van die Blankes het die ekonomie verander van 'n bestaanse ekonomie na 'n gelde ekonomie en is die mense gevolglik aangewese op 'n finansiële inkomste vir die verkryging van voedsel, kleding en huisraad. Arbeid is die enigste bron waaroor hulle beskik wat in ruil aangebied kan word vir Westerse middele. Gevolglik verlaat hulle die stamgebied om hul arbeid te verkoop. In die dorpe en stede kom hulle met die Westerse produkte in aanraking, wat aangekoop word ten koste van die tradisionele.

Selfs waar voedsel nog geproduseer word, word dit dikwels aangewend vir die verkryging van 'n finansiële inkomste. Dit geld veral vir die brou en drink van bier. Bier was in die verlede in keramiekware gebrou en bedien en in sosiale omstandighede gebruik. Vandag word van die graan wat geproduseer word gebruik vir die brou van bier wat dan verkoop word teen 30 sent per vrugtefles (750ml). Dit staan bekend as sekala, wat afgelei word van die woord skaal, aangesien die bier baie noukeurig uitgemeet word. Daar is nou minder sprake van die sosiale aspek wat aan die drink van bier verbonde was. Die morutlo-kalbas, wat in die verlede gebruik is om bier te drink en wat van persoon tot persoon omgestuur is, het verwal. Die sosiale eenheid wat dit onder die bierdrinkers geskep het, bestaan nie meer nie. Elke persoon koop en geniet nou 'n sekala slegs tot sy eie voordeel. Aangesien die bier nou op groot skaal gebrou word, het die kleipotte plek moes maak vir dromme, blikke en plastiekhouders. Slegs die bier wat 'n vrou vir haar man se persoonlike gebruik uithou, word in 'n kleipot aan hom aangebied.

3.3 Invloed as gevolg van trekarbeid

Sedert die koms van die Blankes het al meer mense met verloop van tyd op plase en in stede gaan werk. Die gevolg hiervan was dat al minder mense, veral mans, direk by die verskillende tradisionele vervaardigingsmetodes betrokke is, byvoorbeeld bouwerk, velbewerking, houtwerk en so meer. Die kennis aangaande hierdie voorwerpe, veral die meer gespesialiseerde tipes industrieë, word nie aan die jonger geslag oorgedra nie (vgl 3:1). Die vrouens het dus noodgedwonge al meer en meer by die vervaardigingsprosesse betrokke geraak. Hutkonstruksie en vele ander take het meerendeels hulle werk geword. Vandag is daar egter ook 'n groter neiging onder vrouens om die stamgebied te verlaat op soek na werk, byvoorbeeld by die teeplantasies te Tzaneen. 'n Mens kan dus 'n dienooreenkomstige afname verwag in die voorwerpe wat deur hulle geproduseer word, soos matte, keramiekware, kralewerk en so meer.

Dit lyk ook of spesialisasie 'n verdere gevolg van trekarbeid is. Weens die feit dat minder persone by die vervaardigingsprosesse betrokke is, raak dit lonend vir meer om daarin te spesialiseer. Bouwerk word in 'n mate uitgekontraakteer, veral weens die feit dat van Westerse materiale gebruik gemaak word. Van die winkelaars in die gebied huur vrouens om kralewerk te maak, wat hulle dan verkoop en enkele mans lê hulself toe op die maak van houtvoorwerpe wat hulle aan die publiek verkoop.

Verandering in kleredrag het ook ingetree as direkte gevolg van die trekarbeid. Die dra van Westerse kleding word as voorvereiste gestel alvorens 'n persoon na die Blanke gebiede kan gaan om daar te werk. Aanvanklik was dit hoofsaaklik die mans wat aan hierdie invloed onderworpe was en was dit meerendeels hulle kleredrag wat verandering getoon het terwyl die van vrouens meer konserwatief gebly het (vgl 7:7). As gevolg van die vrouens se betreding van die arbeidsmark, raak ook hulle kleredrag meer verwesters.

3.4 Invloed ten gevolge van sendingwerk

Die Molepo is nagenoeg 100 jaar al onder die invloed van die Christendom (vgl 2:1.4). Dit het verreikende gevolge gehad, ook op die gebied van tegniese skeppinge. Vanuit die sendingaksie het daar teenstand gekom teen konsepte soos inisiasie, poliginie en lewering van trougoedere. Daar kan dus verwag word dat dit 'n effek sal hê op daardie instellings, asook die gepaardgaande voorwerpe. Die invloed kan egter die duidelikste gesien word op die gebied van kleredrag, veral dié van die ouer vroulike lidmate van die N G Kerk. Vanuit 'n morele oogpunt het die sendelinge die vrouens oorreed om, na hul mening, fatsoenlik gekleed te gaan. Gevolglik is hierdie mense vandag nog geneig om swart rokke te dra wat tot ver onderkant die knieë strek en die arms en nek bedek. Dié tipe rok kan moontlik tot hierdie eerste sendingaksie teruggevoer word. Ook die ele (vgl 7:1.3.14) wat deur vrouens gedra word, se herkoms kan moontlik aan die sendelinge toegeskryf word.

Daar kan ook bewys word dat sendingwerk 'n groot invloed gehad het op die voorouerdiens en towerhandelinge aangesien dit strydig is met die Christelike opvattinge. So het die huisaltaar en ander offerplekke grootliks verdwyn. Selfs die wyse waarop die mense begrawe is, het verandering ondergaan. 'n Groot begraafplaas, wat dateer uit die tydperk van hierdie eerste sendelinge, word vandag in die gebied aangetref. Tans is daar ook in meeste van die wonings van Christene, prente met Bybelse figure teen die mure (vgl 5:5), wat, in oordrewe vorm, moontlik gesien kan word as 'n vervanging van die tradisionele versieringsmotiewe.

Die invloed van die Z C C, gesetel te Boyne (Kaart 2), kan nie uitgelaat word nie. Volgens informante is die beleid van hierdie kerk daarop ingestel om mense te laat afsien van hulle tradisionele godsdiens en gebruike. Byvoorbeeld, enige tradisionele kleredrag wat 'n persoon besit word verbrand sodra hy of sy lid word van dié kerk. Dit word gesien as 'n simboliese aflegging van die oue,

terwyl die persoon nuwe klere en 'n kenteken van hierdie kerk ontvang.

3.5 Invloed vanuit die skole

Die skole het 'n groot invloed op die verandering in die tradisionele tegniese skeppinge meegebring. Vakke soos kunsvlyt, kuns en handwerk leer aan die kinders nuwe tegnieke en voorwerpe en bring ook 'n verandering mee in die speelgoed wat gebruik word (vgl 10:2). Tradisionele speelgoed en musiekinstrumente word vervang deur Westerse speletjies soos skaak, motortjies, poppe en so meer.

Volgens sommige informante word kinders ook deur die onderwysers afgeraai om die tradisionele stamskole by te woon. Dit veroorsaak 'n finale breuk met die tradisionele opvoeding.

3.6 Verandering in waardes

Een van die grootste invloede ten gunste van verandering in die rigting van verwestersing, is die hunkering van die mense na die besit van die Westerse goedere. Dit word geïllustreer in die besit van Westerse meubels en ander voorwerpe. Alhoewel dit nie altyd gebruik word nie, begeer hulle tog om dit te besit, aangesien dit in sommige gevalle 'n verhoging in sosiale aansien meebring. (vgl 5:5).

3.7 Invloed vanuit die natuurlike omgewing

Verskeie faktore uit die natuurlike omgewing dra by tot 'n afname in die produksie van tradisionele tegniese skeppinge.

Weens oorbevolking, oorbeweidning en die uitbrei van die landerye is die natuurlike plantegroei vinnig besig om agteruit te gaan (vgl 2:2.5). Dit plaas dus 'n beperking op die beskikbaarheid van grondstowwe wat benut kan word. So is dekgras baie skaars en gaan

die mense na Blanke plase in die omgewing om hierdie materiaal in te samel (vgl 3:13). Die verbod op die kap van bome veroorsaak dat houtvoorwerpe soos tromme (vgl Foto 57), stampblokke en so meer van alternatiewe materiale gemaak moet word.

'n Afname in wild, wat grootliks uitgejag is, dwing die mense om alternatiewe te soek ook vir materiale wat hulle aanvanklik vanuit hierdie oord gekry het. Vel, horing en senings word vandag deur lap, plastiek en sisal vervang. Van hierdie materiale kan ook in winkels gekoop word, soos byvoorbeeld in die geval van stukke wat vir 'n dolosstel gebruik word (vgl 10:1.1).

4. Kontinuiteit in tradisionele tegniese skeppinge

Een van die aanvanklike doelstellings van die navorsing was om ondersoek in te stel en redes aan te voer waarom sekere van die tradisionele tegniese skeppinge verlore gaan, terwyl ander behoue bly. Onder 11:3.1-7 is daar redes aangevoer hoekom die tegniese skeppinge ten gevolge van verandering verlore gaan. Daar sal nou gekyk word na oorsake waarom ander behoue gebly het.

Een van die hoof redes vir die behoud van voorwerpe is dat dit goedkoop is om dit self te vervaardig as wanneer dit aangekoop word, byvoorbeeld lepels, paproeders, mandjies, keramiekware en kalbasse. Hierdie voorwerpe word nie net vir eie gebruik aangewend nie, maar kan ook relatief goedkoop gemaak en van die hand gesit word. Dit dien gevolglik ook as bron van inkomste.

'n Ander rede vir die voortbestaan van voorwerpe is die bestaan van konserwatisme. Dit kan veral gesien word in die rol van die vrou. Aangesien hulle in 'n mindere mate as mans uit die stamgebied beweeg, kom hulle nie so sterk onder die invloed van verandering nie. Dit kan veral gesien word in hul volgehoue gebruik van tradisionele kleredrag en sierade, maar ook in huishoudelike artikels waar, alhoewel die moderne teenwoordig is, die tradisionele nog daarnaas

gebruik word.

'n Derde faktor is die gebruik van tradisionele voorwerpe in vooroueraanbidding. Alhoewel daar in die meeste gevalle nie meer nuwe voorwerpe vir die doel vervaardig word nie, word die reeds bestaande voorwerpe bewaar en nie met Westerse produkte vervang nie.

'n Laaste rede wat aangedui kan word, is die invloed van die kragdokters. Hulle maak baie gebruik van die tradisionele en wend dit aan in die beoefening van hul werksaamhede. Die kragdokter gebruik veral nog die tradisionele kleredrag, asook ander middele soos die waarseggingsinstrumente. Dit laat nie slegs die voorwerpe voortbestaan nie, maar stimuleer ook geloof in gebruike soos voorouerdiens en towerhandelinge.

5. Slot

Vanuit die voorgaande navorsing is dit duidelik dat die tradisionele vervaardigingsmetodes en tegniese skeppinge nog onder die Molepo voorkom. Sommige van die elemente daarin het egter al heeltemal verdwyn, terwyl ander beter behoue gebly het. Die proses van verandering, ten gunste van verwestersing, word al groter. Die vraag is hoe lank sal die tradisionele tegniese skeppinge nog ter plaatse bestudeer kan word? Die versameling wat deur middel van hierdie navorsing opgebou is en in die Nasionale Kultuurhistoriese en Ope-lugmuseum bewaar word, mag moontlik in die toekoms nog 'n groot bydrae lewer in die studie van tradisionele tegniese skeppinge, al word dit nie meer deur die Molepo vervaardig en gebruik nie.

BIBLIOGRAFIE

- Acocks, J P H 1975: Veld Types of South Africa. Pretoria: Memoirs of the Botanical Survey of South Africa, no 40; 2nd edition.
- Böhme, H E 1976: Some Nguni Crafts, Part 2, Calabashes. Cape Town: Annals of the South African Museum, vol 70, part 1, p. 1-78.
- Botha, S J (red) 1983: 'n Voorgestelde Nasionale Ontwikkelingsplan vir Lebowa, Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Buck, H P 1971: Samoan Material Culture. Honolulu: Bernice P Bishop Museum, Bulletin 75.
- Carter, G F 1974: Domesticates as Artefacts. In Richardson, M (ed): The Human Mirror: Material and Spatial Images of Man. Baton Rouge: Louisiana State University, p. 201-230.
- Coetzee, D F 1978: Die Wyse Waarop die Bantwane Seisoenale Ver=skynsels in Verband met die Natuur en Hemelliggame gebring het. S A Tydskrif vir Etnologie, vol. 1, no 1, p 29-32.
- Davison, P 1979: The Material Culture of the Lobedu: a Museum and Field Study. Stellenbosch: M A thesis, University of Stellenbosch.
- Dawson, L E, Fredrickson, V & Graburn, N H H 1974: Traditions in Transition - Culture Contact and Material Change. Berkeley: Lowie Museum Publication.
- De Beer F C 1979: Die Sosiale Eenhede van die Bakoni ba Dikgale wat die Beginsel van Verwantskap as Grondslag het. Pretoria: M A verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- De Winter, B, Vahrmeijer, Z & Van Breitenbach, J 1978: Die Nasio=nale Boomlys. Pretoria: J L van Schaik.
- Du Toit, A P 1961: Krale as Dateringmiddel in die Protogeskied=kundige Argeologie van Suidelike Afrika. Pretoria: M A verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- _____ 1968: Die Plek van die Materiële Skeppinge van die Baphalaborwa in hul Kultuur. Pretoria: D Litt et

- Phil proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Franz, G H 1931: Some Customs of the Transvaal BAsotho. Bantu Studies, vol. 5, no 3, p. 241-246.
- Frese H H 1960: Anthropology and the Public: the Role of Museum. Leiden: E J Brill.
- Grobbelaar, B J 1967: 'n Ondersoek na die Verandering van die Lewe van die !Kung op Tegnologiese en Ekonomiese Gebiede. Pretoria: M A verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Hammerbeck, E C I, Fourie, G P Snyman, A A & Schoeman J J 1976: Yster. In Coetzee, C B (red): Delfstowwe van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Geologiese Opname, Handboek 7, p 241-252.
- Hanekom, C 1965: Die Huidige Stand van die Tradisionele Godsdienstpatroon by die Mamabolo. Pretoria: D Phil proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Haughton, S H 1969: Geological History of South Africa. Cape Town: The Geological Society of South Africa.
- Hoffmann, C 1929: Sotho Texte aus dem Holzbuch-gebirge in Transvaal. Zeitschrift für Eigenborenen Sprachen, vol 19, no 4, p. 268-308.
- Huskisson, Y 1969: Die Bantoe komponiste van Suider-Afrika. Johannesburg: Publikasie van die S A U K.
- Jackson, A O 1982: The Ndebele of Langa. Pretoria: Government Printer. Ethnological Publications no 54.
- Kirby P R 1932: The Recognition and Practical Use of Harmonics of Stretched Strings by the Bantu of South Africa. Bantu Studies, vol. 6, no. 1, p. 31-46.
- _____ 1933: The Reed-flute Ensembles of South Africa, a Study in African Music. Journal of the Royal Anthropological Institute, vol. 63, p. 313-387.
- _____ 1934: The Musical Instruments of the Native Races of South Africa. London: Oxford University Press.
- _____ 1935a: The Principle of Stratification as Applied to South African Native Music. S A Journal of Science,

- vol. 32, p. 72-90.
- _____ 1935b: A Note on the Bone Whistle. S A Journal of Science, vol. 32, 622-623.
- _____ 1943: South African Native Drums. S A Museum Association Bulletin, vol. 3, no 2, p. 42-48.
- Krige, E J & Krige J D 1943: The Realm of the Rain-queen. London Oxford University Press; reprint.
- Krige J D 1937: Traditional Origins and Tribal Relationships of the Sotho of the Northern Transvaal. Bantu Studies, vol. 11, no. 4, p. 321-356.
- Lawton A C 1967: Bantu Pottery. Cape Town: Annals of the South African Museum, vol. 49, part 1, p. 1-434.
- Loubser, J 1981: Ndebele Archaeology of the Pietersburg Area. Johannesburg: M A thesis, University of the Witwatersrand.
- Maingard, L F 1932: History and Distribution of the Bow and Arrow in South Africa. S A Journal of Science, vol. 29, p. 711-723.
- Mönnig, H O 1967: The Pedi. Pretoria: J L van Schaik.
- Native Location Commission, 1907: History: Molepo, Chueni, Matabata and Makgoba. Pretoria: Transvaalse Argief=bewaarplek, Band 1088.
- Odendaal, M W 1978: Die Geskiedenis van die Gemeente Turfloop. In Van der Merwe, G (red.): Enkele Swart Pioniers in die N G Kerk in Afrika. Sovenga: Stofberg Theologiese Skool, Turfloop; Studie no. 3.
- Orchard, W C 1975: Beads and Beadwork of the American Indians. New York: Museum of the American Indian: Haye Foundation; 2nd edition.
- Palmer, E & Pitman, N 1972: Trees of Southern Africa. 3 vols. Cape Town: A A Balkema.
- Quin, P J 1959: Foods and Feeding Habits of the Pedi. Johannesburg: University of the Witwatersrand Press.
- Reyneke, J L 1971: Towery by die Tswana met Besondere Verwysing na die Kgatla-bagaKgafêla. Pretoria: D Phil proef=

- skrif, Universiteit van Pretoria.
- Reynolds, B 1968: The Material Culture of the Peoples of the Gwembe Valley. Manchester: Manchester University Press.
- Royal Anthropological Institution, 1967: Notes and Queries in Anthropology. London: Routledge & Kegan Paul; 6th edition.
- Sayce, R U 1963: Primitive Arts and Crafts. New York: Bilbo & Tannen; 2nd edition.
- Schofield, J F 1938: A Preliminary Study of the Prehistoric Beads of the Northern Transvaal and Natal. Transactions of the Royal Society of South Africa, vol. 26, part 4, p. 341-371.
- Schwellnus, J S I, Engelbrecht, L N J, Coetzee, F J, Russel, D H, Malherbe, S J, Van Rooyen, D P & Cooke, R 1962: The Geology of the Olifants River Area, Transvaal. Pretoria: Government Printer. Geological Survey.
- Scully R T K 1978: Phalaborwa Oral Tradition. New York: Ph D thesis, State University of New York at Binghamton.
- Shaw, E M 1974: Material Culture. In Hammond-Tooke, W P (ed): The Bantu-speaking Peoples of South Africa. London: Routledge & Kegan Paul; 2nd Edition, p. 85-131.
- _____ & Van Warmelo, N J 1972: The Material Culture of the Cape Nguni, part 1, Settlement. Cape Town: Annals of the South African Museum, vol. 58, part 1, p. 1-101.
- Smith, C A 1966: Common Names of South African Plants. Pretoria: Botanical Survey Memoir, no. 35.
- Spier, R F G 1970: From the Hand of Man. Boston: Houghton Mifflin & Co.
- Stayt, H A 1931: The Bavenda. London: Oxford University Press.
- Stoffberg, D P 1967: Die Tegniese Skeppinge van die Bantwane van die Distrik Groblersdal. Pretoria: M A verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Sturtevant, W 1969: Guide to Field Collecting of Ethnographic Specimens. Washington: Smithsonian Institution

Leaflet 503.

Tomlinson, F R 1955: Summary of the Report of the Commission for the Socio-economic Development of the Bantu Areas within the Union of South Africa. Pretoria: Government Printer.

Transvaal Native Affairs Department, 1905: Short History of the Native Tribes of the Transvaal. Pretoria: Government Printer.

Tylden, G. 1946: Bantu Shields. S A Archaeological Bulletin, vol 1, no. 2, p. 33-37.

Van der Merwe, G (red.) 1978: Enkele Swart Pioniers in die N G Kerk van Afrika. Sovenga: Stofberg Teologiese Skool, Turfloop, Studie no. 3.

Van der Merwe, N J & Killick, D J, 1979: Square: An Iron Age Site near Phalaborwa. In Van der Merwe, N J & Huffman, T N (eds): Iron Age Studies in Southern Africa. Claremont, Cape: S A Archaeological Society, Goodwin Series no. 3, p. 86-93.

Van der Sleen, W G N 1967: A Handbook on Beads. Liege: Musee du Verre.

Van Warmelo, N J 1935: A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Pretoria: Government Printer. Ethnological Publications no. 5.

_____ 1937: Grouping and Ethnic History. In Schapera, I (ed): The Bantu-speaking Tribes of South Africa. London: George Routledge & Sons; p. 43-66.

_____ 1953: Die Tlokwa en Birwa van Noord-Transvaal. Pretoria: Staatsdrukker. Etnologiese Publikasies no. 29.

Van Zyl, H J 1939: Some of the Commonest Games Played by the Sotho People of the Northern Transvaal. Bantu Studies, vol 13, no 4, p. 293-305.

_____ 1972: Die Landbou en Veeteelt by die Bakgatla van Mosêtle. In Eloff, J F & Coertze, R D (red).:

Etnografiese Studies in Suidelike Afrika. Pretoria:

J L van Schaik; p. 68-95.

Ziervogel, D & Mokgokong, P C 1975: Groot Noord-Sothowoordeboek.

Pretoria: J L van Schaik.

NASKO-MUSEUM

BYVOEGSEL A

ETNOLOGIE KATALOGISERINGSVORM

000 IDENTIFISERING

- 001 REGISTRASIENOMMER: 004 STAM:.....
002 TREFWOORD: 005 PLEK:.....
003 INHEEMSE NAAM: 006 GEBIED/LAND:.....

100 INLIGTING OOR EN BESKRYWING VAN VOORWERP

- 101 Materiaal:
.....
103 Herkoms van materiaal:
.....
104 Vervaardigingsmetode:
.....
.....
.....
.....
105 Gereedskap gebruik:
.....
106 Gemaak deur: 'n man/'n vrou
te Datum:
107 Rede vir vervaardiging:
110 Gebruik:
.....
111 Gebruiksmetode:
.....
.....
112 Bêreplek:
115 Vorm:
.....
.....
.....

116 Versiering:

.....

.....

.....

.....

118 Mate: Lengte: Breedte: Deursnee

Hoogte: Dikte: Gewig:

200 GESKIEDENIS

201 Geskiedenis van voorwerp:

.....

.....

.....

.....

202 Bron:

400 TOESTAND EN BEHANDELING

401 Oorspronklike toestand:

.....

403 Behandeling:

.....

.....

404 Restourasie:

.....

.....

Datum: Lêernr:

Restourateur:

405 Toestand:

..... Datum:

500 AANWINS

501 Gekoop van/Geskenk deur:.....'n man/'n vrou

Datum:

502 Kaptein:..... Hoofman:.....

503 Adres/Woonplek:.....

.....

Telefoon Kaartverwysings:.....

505 Prys kwitansieno:.....Raadsbesluit.....

506	Ingesamel deur:
507	Gekatalogiseer deur:.....
600	<u>VERWYSINGS</u>
601	Literatuur:

603	Veldaantekeninge:
605	Foto's & kleurskyfies:

606	Klankband:
608	Negatiefnommer:
609	Kruisverwysings:


BYVOEGSEL BLys van plantkundige benaminge¹⁾

<u>Inheemse benaming</u>	<u>Afrikaanse benaming</u>	<u>Wetenskaplike benaming</u>
<u>Boetse</u>	-	-
<u>Bolepu</u>	Voëlent	-
<u>Lebabi</u>	Bergbrandnetel	<u>Urera tenax</u> N.E. Br.
<u>Lebipi</u>	-	<u>Cocculus hirsutus</u> (L.) Diels.
<u>Lefe</u>	Olifantsgras	<u>Hyparrhenia</u> sp.
<u>Lehlwatse</u>	Koffie-peer	<u>Pleurostyliya capensis</u> (Turcz.) Loesen
<u>Leseta</u>	Kanferbos	<u>Tarchonanthus camphoratus</u> L.
<u>Lethotse</u>	Snuifkalbassie	<u>Oncoba spinosa</u> Forsk.
<u>Letsikiri</u>	Olifantsgras	<u>Hyparrhenia</u> sp.
<u>Mmamputledi</u>	Seepbos	<u>Helinus integrifolius</u> (Lam.) Kuntze
<u>Mmatšhwatšhwa</u>	-	<u>Secamone filiformis</u> (L.f.) J H Ross
<u>Mogaba</u>	Bergsering	<u>Kirkia wilmsii</u> Engl.
<u>Mogeletlwa/Mologa</u>	Vlamdoring	<u>Acacia ataxacantha</u> DC
<u>Mogwete</u>	-	<u>Grewia vernicosa</u> Schinz
<u>Mohlahlala</u>	Biesiesgras	<u>Cyperus sexangularis</u> Nees
<u>Mohlakola</u>	Fynblaarghwarrie	<u>Euclea undulata</u> Thumb. var. <u>myrtina</u> (Burch.) hiern.


1) Die meeste van die identifisering is deur die Navorsingsinstituit vir Plantkunde, Pretoria, gedoen. Slegs in een geval (boetse) kon daar nie 'n monster vir identifisering ingesamel word nie. Dit was die gevolg van 'n geweldige droogte wat tydens die ondersoek in die stamgebied geduur het.

<u>Mohllohlo</u>	Kareeboom	<u>Rhus lancea</u> L. F.
<u>Mohlono</u>	Kei-appel	<u>Dovyalis caffra</u> (Hook.f. & Harv.) Hook.f.
<u>Mohlware</u>	Olienhout	<u>Olea africana</u> Miller
<u>Mokgaba</u>	Gewone drolpeer	<u>Dombeya rotundifolia</u> (Hochst.)
<u>Mokgorokgoro</u>	Blinkblaarkannie= dood	<u>Commiphora schimperi</u> (O. Berg) Engl.
<u>Mompate</u>	Beesdubbeltjie	<u>Dicerocaryum Zanguebarium</u> (Lour.) Merrill, subs. <u>zanguebarium</u>
<u>Mongena</u>	Transvaalboekenhout	<u>Faura saligna</u> Harv.
<u>Monoko</u>	Gewone harpuijsboom	<u>Ozoroa paniculosa</u> (Sond.) R. & A. Fernandes
<u>Monomane</u>	Transvaalsafraan	<u>Cassine transvaalensis</u> (Burt Davy) Codd
<u>Monee</u>	Rooi-ivoor	<u>Berchemia Zeyheri</u> (Sond.) Grubov.
<u>Mooka</u>	Soetdoring	<u>Acacia karroo</u> Hayne
<u>Morešwa</u>	Seepnetel	<u>Pouzolzia Hypoleuca</u> Wedd.
<u>Moretlwa</u>	Wilderosyntjie	<u>Grewia flava</u> DC.
<u>Morobe</u>	Deurmekaarbos	<u>Ehretia rigida</u> (Thunb.) Druce
<u>Morula</u>	Maroela	<u>Sclerocarya caffra</u> Sond.
<u>Mosehla</u>	Huilboom	<u>Peltophorum africanum</u> Sond.
<u>Mosetše</u>	Rotskiepersol	<u>Cussonia natalensis</u> Sond.
<u>Mošwana</u>	Haak-en-steek	<u>Acacia tortilis</u> (Forsk.) Hayne
<u>Motantang</u>	Donkieperske	<u>Pentarrhinum insipidum</u> E. May
<u>Motetlwa</u>		<u>Grewia subspathulata</u> N.E. Br.
<u>Motholo</u>	Gewone haakdoring	<u>Acacia caffra</u> (Thunb.) Willd
<u>Mohlokohloko</u>	Harpuijsblaar	<u>Clerdendrum glabrum</u> E. May

<u>Motolo/Tao</u>	Matjiesgoed	<u>Schoenoplectus corymbosus</u> (Roth ex Roem. & Schult.) J. Raynal
<u>Motšhidi</u>	Grootsuurpruim	<u>Ximenia caffra</u> Sond.
<u>Moumo</u>	Rooiblaarrotsvy	<u>Ficus ingens</u> (Miq.) Miq.
<u>Mphahla</u>	Laeveld-vaalbos	<u>Brachylaena Huilensis</u> O. Hoffm.
<u>Mpharatšhwene</u>	Kruisbessie	<u>Grewia occidentalis</u> L.
<u>Mphaya</u>	Bergrotsvy	<u>Ficus sonderi</u> Miq.
<u>Mphera</u>	Bergbas	<u>Osyris lanceolata</u> Hochst. & Steud.
<u>Tharahane</u>	Bobbejaantou	<u>Cryptolepis transvaalensis</u> Schltr.
<u>Thutse</u>	Bobbejaanstert	<u>Xerophyta villosa</u> (Bak.) Smith & Ayensu
<u>Titikwane</u>	Windwaaier	<u>Boöphone disticha</u>



KAART 1: RELATIEWE LIGGING VAN
DIE STAMGEBIED.



KAART 2: DIE STAMGEBIED.




Fig. 1: Verskillende tipes gereedskap.









Fig. 2: Vlegwerktegnieke.








Fig. 3: Kralewerktegnieke.




Fig. 4: Mandjies en biersiwwe.




Fig. 5: Toerusting vir die voorbereiding van voedsel.




Fig. 6: Verskillende tipes houtvoorwerpe.




Fig. 7: Kalbastipes









Fig. 8: Keramiekware.




Fig. 9: Keramiekware.






Fig. 10: Skoffelpiklemme.


1.



2.



3.



4.




Fig. 11: Hutvorme.






Fig. 12: Muurversierings.




Fig. 13: Kleredrag






Fig. 14: Musiekinstrumente.

1.



0 15cm


2.



3.



4.




5.




0 15cm


6.



7.



8.



0 15cm

9.




Fig. 15: Musiekinstrumente.




Fig. 16: Wapens.





Fig. 17: Strikke.




Fig. 18: Matte




Fig. 19: Medisynehouers.




Fig. 20 Speelgoed.



1. Kaptein A S Molepo



2. Die stamgebied vanuit die ooste, in die rigting van die hoofstat



3. Vervaardiging van 'n stoel



4. Die mat van 'n wanmandjie (leselo) word gevleg



5. 'n Meelmatjie (sethebe) word gevleg



6. Tou word op die been gerol



7. 'n Vel word met 'n growwe klip skoon geskuur



8. Die brei van rieme



9. Klei vir die maak van keramiekware word uitgegrawe




10. Die onderste helfte van die pot word gevorm

11. Die lipgedeelte van die pot
word afgewerk



12. Versierings word op die pot
ingesny






13. 'n Aantal potte word gebak




14. Draad arm- en beenringe (maseka) word gemaak



15. Vrouens besig om kralewerk te doen



16. Beesmis wat as brandmateriaal gestoor word



17. 'n Dorsvloer (seotlo) in 'n land



18. 'n Stampgat (khutswana) in 'n dorsvloer



19. 'n Ou graanmandjie (sešego) onder 'n•hut se afdak



20. Kalbasse word voorberei vir gebruik



21. 'n Kleipot (motšega) met drinkwater




22. 'n Vrou besig om koring te maal op 'n gemeenskaplike maalklip




23. 'n Individuele wooneenheid



24. 'n Ou tipe rondawelhut met 'n oorhangende dak



25. 'n Rondawel met 'n dak wat in trappies gedek is



26. 'n Reghoekige hut



27. Konstruksie van 'n veranda



28. 'n Spiespunt wat as weerligafleier op 'n hut se dak dien




29. Die gebruik van klip in die bou van 'n muur




30. Die vervaardiging van roustene



31. Die gebruik van roustene in 'n muur



32. 'n Lapa-vloer word herstel




33. Die vuurherd (sebešo) in 'n kookhut



34. 'n Ou tipe werfmuur (lefago)



35. Die versiering van 'n werfmuur deur middel van vorm en kleur



36. 'n Dreineringsgat in 'n werfmuur



37. 'n Beeskraal




38. 'n Nes vir hoenders




39. Die wyse waarop die abbavel (thari) gebruik word




40. Die kleredrag van 'n seun wat in die stamskool is



41. 'n Jong meisie in feesgewaad




42. Dieselfde meisie van agter gesien



43. 'n Vrou in haar tradisionele kleredrag



44. Vrouens in meer moderner kleredrag




45. Tradisionele kleredrag van 'n man




46. Kleredrag van 'n kragdokter (ngaka)




47. Kleredrag van 'n geestesdanser (lelopo)




48. Hooftoisels en halssierade van krale




49. Halssierade van krale



50. Halssierade van krale



51. Verskillende tipes armbande



52. Lyfbande



53. Tradisionele haarstyl (tlôpô) van 'n getroude vrou




54. Bepeling van die lekwala-musiekboog

55. Die botsorwana se gebruik
word gedemonstreer




56. Bepeling van die setontolo-
musiekboog






57. Die verskillende tipes meropa wat vandag nog gebruik word



58. Bepeling van die vingerklavier (dipela)



59. Demonstreer hoe die beenfluite gebruik word



60. Jong seuns besig om moruba te speel

61. 'n Blikkitaar



62. Die sentontoro-musiekinstrument



63. 'n Vrugbaarheidspop



64. 'n Offerplek in die lapa





65. 'n Stel dolosse (ditaola)



66. Die mankonyana-waarsegginginstrument